AAN MY OUERS.

DIE RANDSE STAKING VAN 1922.

deur

FREDERIK JACOBUS VAN HEERDEN. (HONNS.) B.A.

------oOo------

VERHANDELING INGEHANDIG TER VERKRYGING VAN DIE

DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM IN DIE FAKULTEIT

VAN DIE LETTERE EN WYSBEGEERTE AAN DIE POT-

CHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR

ONDERWYS.

------oOo------

VANDERBYLPARK. JANUARIE 1965.

VOORWOORD.

Die doel met die skrywe van hierdie verhandeling was om die groei van die mag en invloed van die arbeidermassa in Suid-Afrika te skets en aan te toon tot welke dade hulle in staat was. Ten einde die staking van 1922 volkome te verstaan, was dit nodig om kortliks die ontstaan van die arbeidermag na te gaan.

Aangesien argiefstukke alleen tot en met 1915 vir navorsers beskikbaar is, was oorspronklike argiefstudie nie moontlik nie. Die gevolg hiervan was dat die stof hoofsaaklik versamel moes word uit koerante, tydskrifte en staatspublikasies. Soos gemerk sal word, is daar van verskillende koerante en tydskrifte gebruik gemaak. Hoewel die Rand Daily Mail in die bronnelys verskyn, is daar in die teks geen voetnootverwysing daarna nie, omdat die betrokke dagblad slegs vir steekproewe gebruik is.

Ek wens graag die volgende persone en instansies te bedank vir waardevolle hulp verleen: eerstens prof. dr. D.W. Krüger, Departementshoof van Geskiedenis, P.U. vir C.H.O., wat my belangstelling in die onderwerp gaande gemaak het. Aan my leier, prof. dr. J.S. du Plessis, my opregte dank en waardering vir sy waardevolle hulp en leiding waarsonder hierdie produk nie moontlik sou gewees het nie.

Ook baie dankie aan die volgende biblioteke wat steeds gereed was om my behulpsaam te wees in die versameling van my stof: die Ferdinand Postma- biblioteek, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, die Staatsbiblioteek, Pretoria met sy onderafdelings, tydskrifte, Africana en staatspublikasies; die T.C.D.-biblioteek, Pretoria; die biblioteek van die Kamer van Mynwese, Johannesburg; die Spoorwegbiblioteek, in Johannesburg; die Johannesburgse Munisipale biblioteek; die Provinsiale biblioteek te Lichtenburg en die biblioteek van die Universiteit van die Oranje Vrystaat.

ii/ .....

Verder wens ek te bedank die redaksie en lesers van The Star wat gunstig gereageer het op 'n brief van my in die betrokke blad en wat my ook van nuttige inligting voorsien het.

Ongelukkig kon die Mynwerkersunie my nie voorsien van outentieke stof nie, maar ek wens hulle desondanks te bedank vir hulle bereidwilligheid en moeite, in die besonder mnr. R. van der Merwe, organiseerder van die Mynwerkersunie te Witbank.

Ook baie dankie aan mnr. J.C.W. Badenhorst, wat verantwoordelik was vir die taalkundige versorging van die verhandeling. Aan die tikster, mev. M. du Toit, baie dankie vir die netjiese produk en in hierdie verband ook my dank aan die binders van die Ferdinand Postma-biblioteek, P.U. vir C.H.O.

Ten slotte, my ouers, familie en vriende, baie dankie vir u opregte belangstelling en morele ondersteuning wat veel bygedra het tot hierdie eindproduk.

Die Skrywer.

VANDERBYLPARK.
7 Desember 1964.

--------oOo--------

INHOUDSOPGAWE.

HOOFSTUK 1: BLADSY.

'N KORT OORSIG OOR DIE ARBEIDSTOESTANDE AAN DIE RAND TOT 1913 1

1. Inleiding: Die begin van die goudontginning aan die Rand 1
a) Die vroegste jare van die goudontginning 1
b) Die goudmyne sedert die Tweede Vryheidsoorlog 2

2. Die Armblankevraagstuk 4
a) Die ontstaan van die vraagstuk 4
b) Die trek na die stede 5

3. Blankes versus Bantoes in halfgeskoolde en ongeskoolde beroepe en die gevolglike ontstaan van die industriële kleurskeidslyn 6
a) Die ontstaan van die kompetisie 6
(i) Die agtergrond van hierdie kompetisie 6
(ii) Die arbeidstekort 7
(iii) Die plan om die tekort aan te vul met blankes 8
(iv) Die Sjinese arbeiders 8
b) Die industriële kleurskeidslyn 10
(i) Die agtergrond van die kleurskeidslyn 10
(ii) Faktore wat die konvensionele kleurskeidslyn bedreig het 11
(iii) Die Myne en Bedrywewet van 1911 12
(iv) Die status quo-ooreenkoms 13

4. Die ontstaan van arbeiderorganisasies 13
a) Die totstandkoming van die Arbeidersparty 13
b) Die begin van die vakbondbeweging in Suid-Afrika 15
(i) Die voorgeskiedenis van die vakbondbeweging 15
(ii) Die ontstaan van die federasie van vakbonde 16
(iii) Die groei van die vakbonde 17
(iv) Die twee uiteenlopende beskouingsrigtings van die leiers 19
(v) Die mag en invloed van die vakbondbeweging 20

HOOFSTUK 2:

DIE BELANGRIKSTE STAKINGS VANAF 1907 TOT 1920. 22

1. Die staking van 1907 22

2. Die staking van 1913 24
a) Die oorsake van die 1913 staking 25
(i) Die Nuwe Kleinfonteinmyn 25
(ii) Onderhandelings en vergaderings 28

2/ .....

HOOFSTUK 2 (Vervolg): BLADSY.

b) Die algemene staking 32
(i) Die uitbreek van wanorde 32
(ii) Die „vredesluiting" 36
c) Die gevolge van die staking 37
3. Die staking van 1914 39
a) Die ontstaan van die staking 39
b) Die staking self en die onderdrukking daarvan 40
4. Die Johannesburgse Munisipale staking van 1919 44

HOOFSTUK 3:

DIE OORSAKE VAN DIE 1922-STAKING 47
1. Die indirekte oorsake 47
a) Die ekonomiese depressie 47
(i) Die algemene ekonomiese toestande 47
(ii) Die goudprys 49
b) Die myne van 'n lae ertsgehalte 50
(i) Myne wat teen 'n verlies gewerk het 50
(ii) Die rol van die myne van 'n lae ertsgehalte as oorsaak van die staking 52
2. Die direkte oorsake 54
a) Die goudmyne 54
(i) Die Langlaagtestaking van 1921 54
(ii) Die voorgestelde loonsvermindering 57
(iii) Die wysiging van die regulasies 59
(iv) Die finale voorstelle van die Kamer van Mynwese 61
b) Die Victoria Falls Power Company (V.F.P.C.) 65
c) Die steenkoolgeskil 67
(i) Die ekonomiese depressie aan die einde van die oorlog 67
(ii) Die gevolge van die afgekondigde loonsvermindering . 69
d) Die stad se ingenieurswerkwinkels 70

3/ .....

HOOFSTUK 4: BLADSY.

DIE POGINGS TOT VREEDSAME SKIKKING DEUR MIDDEL VAN ONDERHANDELINGS, EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE STAKING 73

1. Die vreedsame verloop van die staking 73
a) Die begin van die staking 73
(i) Die stakingstemming en die resultaat daarvan 73
(ii) Die konferensie tussen genl. Smuts en die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie 76
(iii) Samesprekings tussen die Kamer van Mynwese en die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie 77
(iv) Die voorwaardes waarop die Federasie bereid was om te onderhandel 78
(v) Die aanvanklike bedrywighede van die stakers 79
b) Die Curlewis-konferensie 82
(i) Die voorstel ten opsigte van die steenkoolmyne 82
(ii) Curlewis se voorstelle 84
c) Die stakers volhard in hulle weerstand 86
(i) Genl. Smuts se brief aan die Kamer van Mynwese en die Federasie en die reaksie daarop 86
(ii) Die voorstel van die Germistonse stakingskomitee en die gevolglike samesprekings tussen die Federasie en genl. Smuts 88
(iii) Die gewysigde voorstel van die Kamer van Mynwese en die reaksie van die Federasie daarop 90
(iv) Die slagkreet „'n Blanke Suid-Afrika" 92
(v) Die toestand aan die einde van Januarie 93
(vi) Genl. Smuts se brief van 11 Februarie 1922 94

2. Die staking neem 'n wending 95
a) Die begin van geweldpleging deur die stakers 95
b) Die Boksburg-insident 98

3. Die Nasionale Party en die staking 99

4/ .....

HOOFSTUK 5: BLADSY.

DIE REWOLUSIE AAN DIE RAND 102

1. Die oorname van beheer deur die Raad van Aksie 102

a) Die Germistonse vredeskonferensie 102
(i) Die besluite van die konferensie 102
(ii) Die ontaktvolle antwoord van die Kamer van Mynwese 103

b) Die konferensie van die Federasie 104
(i) Die aandeel van W.H. Andrews 104
(ii) Die afkondiging van 'n algemene staking 105

2. Die algemene staking 106

a) Die algemene bedrywigheid van die stakers 106
(i) Die toestand op die eerste dag van die algemene staking 106
(ii) Samesprekings tussen kommandoleiers en die Aksie-komitee 108
(iii) Die aanvalle op Bantoes 109

b) Die algemene toestand op 9 Maart, die dag voor die so-genaamde Swart Vrydag 111

3. Die afkondiging van krygswet en die gewelddadige on-derdrukking van die staking 113

a) Die Rand in die hande van die stakers 113
(i) Gebeure wat die afkondiging van krygswet voor-afgegaan het..... 113
(ii) Die afkondiging van krygswet 114
(iii) Die stakers gaan voort met hulle bedrywighede 114
(iv) Genl. Smuts se aankoms in Johannesburg 116

b) Die gewelddadige onderdrukking van die staking 118
(i) Die regeringsoffensief aan die Oosrand 118
(ii) Die offensief aan die Wesrand 119
(iii) Die val van Fordsburg 120
(iv) Die beëindiging van die staking 121

5/ .....

HOOFSTUK 6: BLADSY.

DIE GEVOLGE VAN DIE 1922-STAKING 122

1. Die algemene gevolge 122
a) Die gevolge op die samelewing 122
(i) Ongevalle en koste daaraan verbonde 122
(ii) Werkloosheid 124
(iii) 'n Kort opsomming van die vernaamste vonnisse 125
b) Gevolge op die goudmynnywerheid 126
(i) Ekonomiese gevolge op die nywerheid self 126
(ii) Die gevolge op die arbeiderorganisasies 127
c) Kommissies van Ondersoek en Wetgewing na aanleiding van die staking 129
(i) Die Mynindustrieraad 130
(ii) Die Krygswet Ondersoek Geregtelike Kommissie 131
(iii) Wetgewing na aanleiding van die staking 132

2. Die politieke gevolge van die staking van 1922 133
a) Die samewerking tussen die Arbeidersparty en die Nasionale Party 133
(i) Die samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty in die Parlement 134
(ii) Kol. Creswell se besoek aan genl. Hertzog 136
(iii) Die weglating van die Republikeinse en Sosialistiese beginsels 137
b) Die terugslae van die Suid-Afrikaanse Party 140
(i) Bedankings 140
(ii) Tussenverkiesings 141
c) Die algemene verkiesing van 1924 143
(i) Die verkiesingsmanifeste van die opposisiepartye 143
(ii) Verdere teenslae vir die Suid-Afrikaanse Party .. 144
(iii) Die verkiesing self 145

HOOFSTUK 7:

SLOTBESKOUING 147

BLADSY.

Bibliografie 151

Bylaag A 160

Bylaag B 161

Bylaag C 162

Voorwoord i

----------oOo----------

HOOFSTUK 1.

'N KORT OORSIG OOR DIE ARBEIDSTOESTANDE AAN DIE RAND TOT 1913.

1. Inleiding: Die begin van die goudontginning aan die Rand.

(a) Die vroegste jare van die goudontginning.

Die ontdekking van diamante in 1870 in die omgewing van Kimberley en goud in 1886 aan die Witwatersrand, en die daaropvolgende ontginning daarvan, het die Suid-Afrikaanse lewenspatroon in die binneland ingrypend verander. Kapitaal het ingestroom, spoorweë is gebou en Suid-Afrika het 'n belangrike rol begin speel in die wêreldekonomie.(1) Reeds in 1894 het die destydse Zuid-Afrikaanse Republiek met sy goudvelde aan die Rand, Pelgrimsrus en Barberton bykans een derde van die wêreld se goud geproduseer. (2)

Ses jaar na die ontdekking van goud, dit wil sê in 1892, het die bevolking van Johannesburg reeds 40,000 getel, 'n getal wat gelykstaande was aan die res van die blanke bevolking van die Zuid-Afrikaanse Republiek. (Z.A.R.) Die inkomste van die Z.A.R. het gestyg tot R2,605,856 (3), 'n bedrag wat neergekom het op 'n sesvoudige styging in ses jaar. Die goudmyne se inkomste was bykans viermaal daardie bedrag: hulle het meer as 1,000,000 ons goud per jaar geproduseer en het werk verskaf aan sowat 6,000 blankes en 40,000 Bantoes. Die aankondiging dat die Rand-Victoriaboorgat die rif op 2,000 vt. getref het, is gevolg deur voorspellings dat die Randse myne meer goud as enige ander goudveld in die wêreld sou produseer en dat sodanige produksie sou

----------oOo----------

(1) Thompson L.M. The Unification of South Africa. Oxford at the Clarendon Press, 1962. p. 3.

(2) Cartwright A.P. The Gold Miners Johannesburg, Purnell & Sons (S.A.) Pty. Ltd., 1962. p. 116.

(3) Aangesien die £-geldeenheid eers betreklik onlangs laat vaar is, is dit nog 'n heeltemal bekende eenheid. Derhalwe sal die £-ekwiwalent nie ook gemeld word nie.

2/ .....

aanhou vir 'n tydperk van sestien tot twintig jaar. Die mynwerkers, meestal Engelse, het gekom om te bly en daarmee was die pastorale isolasie van die Z.A.R. iets van die verlede. Die meeste mynmaatskappye se hoofkantore was in Londen gesetel en dit sou nie lank duur voordat die Britse regering begin inmeng nie. (4)

Die goudmynbedryf was baie voorspoedig en die hoogste dividende is uitbetaal deur die Ferreiramyn, naamlik 55% op sy kapitaal. In 1895 het die markwaarde van al die aandele op R163,940,214 gestaan, 'n bedrag wat ongeveer viermaal hul nominale waarde was. Ongeveer dieselfde tyd is daar geskat dat daar teen 1900 ongeveer 8,000 stampers sou wees wat 13,000,000 ton erts per jaar sou maal teen 'n gemiddelde wins van R1.65 per ton. (5)

Die goudmyne het die belangrikste werkverskaffingseenheid van die land geword. Blankes, hoofsaaklik immigrante vanuit Brittanje, het die geskoolde werk verrig, terwyl Bantoes wat op korttermynkontrakte afkomstig was van oor die hele Suid-Afrika die ongeskoolde werk gedoen het. Voor die Tweede Vryheidsoorlog, naamlik in 1898, het die goudmynbedryf werk verskaf aan 9,476 blankes en 69,797 Bantoes teen 'n gemiddelde maandelikse loon van onderskeidelik R52 en R4.97½ per hoof, plus voedsel en huisvesting in die geval van die Bantoes. (6)

(b) <u>Die goudmyne sedert die Tweede Vryheidsoorlog</u>.

Hierdie tyd van voorspoed (7) is egter onderbreek deur die Tweede Vryheidsoorlog. Alhoewel die myne nie deur die Boere

---------oOo---------

(4) Cartwright, op.cit., pp. 106,107.

(5) Ibid., p. 117.

(6) Thompson, op.cit., p. 3.

(7) Die voorspoed blyk duidelik uit die pryse van enkele aandele in 1895: City and Suburban R50; Ferreira R35; Simmer and Jack R33; Jubilee R20; Robinson R18. (Sien Cartwright, op.cit., p. 118.)

3/ .....

beskadig is nie, omdat gevrees is dat aandeelhouers in Frankryk en Duitsland die Z.A.R. dan vyandiggesind sou wees, is die myne 'n slag toegedien deur die terugkoer van 110,000 Bantoes na hulle krale toe, en na die oorlog was hulle nie begerig om weer na die myne te gaan nie. Gedurende 1903 het drie myne weer heropen, ander het spoedig hul voorbeeld gevolg, maar daar was slegs 150 stampers werksaam teenoor die 7,000 van voor die oorlog. Teen 1902 was die goudopbrengs net die helfte van wat dit was in 1899. Selfs teen 1903 was daar net 55,507 Bantoes werksaam terwyl 160,000 eintlik benodig was. (8)

Die na-oorlogse jare was vir Suid-Afrika 'n moeilike tydperk, want nie alleen was dit 'n tyd van aanpassing op politieke, sosiale en kulturele gebied nie, maar ook op ekonomiese gebied was dit 'n periode van heraanpassing by die veranderde politieke konstellasie van die land, en hierdie aanpassing is aansienlik bemoeilik deur die ekonomiese depressie. (9) Die gekompliseerde arbeidstruktuur van Suid-Afrika het die posisie nog meer ingewikkeld gemaak in soverre die verdeling van die arbeidsmark in blanke en nie-blanke sfere sosiale en ekonomiese moeilikhede van 'n ernstige aard tot gevolg gehad het. Hierdie verdeling was een van die noodwendige gevolge van die armblankevraagstuk.(10)

---------oOo----------

(8) Cartwright, op.cit., pp. 133, 134.

(9) Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het die kuskolonies 'n tyd van voorspoed beleef as gevolg van die teenwoordigheid van 200,000 Britse troepe en die spandering van groot somme geld deur die Britse regering. In 1902 was die verwagting dat die vrede gevolg sou word deur 'n dramatiese uitbreiding van die goudmynbedryf en derhalwe van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Daar was 'n vloedgolf bouwerke en die Randse goudaandele het gestyg na onverwagte hoogtes op die Londense aandelemark. Die vertrek van die Britse troepe het 'n snelle val in die kontantmark vir plaaslike produkte veroorsaak; politieke onsekerheid en die arbeidstekort in die myne het die uitbreiding vertraag. Waardes van eiendomme het gedaal, verbande is opgeroep en gedwonge verkopings het plaasgevind. Werkloosheid het talle immigrante laat terugkeer. (Sien Thompson, op.cit., p. 52; Cartwright, op.cit., pp. 139-140.)

(10) Vergelyk verder hieroor, Union of South Africa. Department of Census and Statistics. Official Year Book of the Union of South Africa. Pretoria, Staatsdrukker,,nr. 2, 1910-1917, pp.286,296; nr. 3, 1910-1918, p. 308; nr. 4, 1910-1920, p. 301; nr. 5, 1910-1921, p. 289; nr. 6, 1910-1922, p. 307; nr. 7, 1910-1924, p. 242.

4/ .....

2. Die armblankevraagstuk.

(a) Die ontstaan van die vraagstuk.

Vir talle geslagte het die Suid-Afrikaanse blanke bevolking hoofsaaklik 'n selfversorgende pioniersiewe gelei, 'n lewe wat heeltemal afgesonderd was van die Europese ontwikkeling. Die ontdekking van diamante en goud, die kapitalistiese mynontginning, die instroming van immigrante met nuwerwetse besigheidsidees, die vinnige uitbreiding van die spoorweë, dit alles het sedert 1880 en met versnelde gang sedert 1890 aan die land 'n veranderde rigting van ontwikkeling gegee. Die ouer blanke bevolking is geplaas voor 'n nuwe ekonomiese stelsel wat tot dusver heeltemal buitekant hul ervaringsfeer geval het, en onwillekeurig het die vraag ontstaan of hierdie deel van die bevolking in staat sou wees om hul aan te pas by hierdie fenomenale nywerheidsontwikkeling. (11)

Teenoor hierdie nywerheidsontwikkeling het die landbou swak vergelyk. Roofbou en verouderde boerderymetodes, waarvan veral laasgenoemde veroorsaak is deur die afsondering waarin die mense gewoon het, het baie bygedra tot agterlikheid in boerdery. Hierdie agterlikheid is vererger deur onkunde in besigheidsake, gebrek aan selfstandigheid en ondernemingsgees en die oorbevolking van plase. (12)

Die agterlikheid op landbougebied het ongelukkig ook sy stempel op die bevolking afgedruk. Baie boere het uit hul grond geraak en het as bywoners op die grootgrondeienaars se plase gaan woon. In plaas daarvan dat hul posisie verbeter het, het dit verswak en baie van hulle is 'n finale nekslag toegedien deur die Tweede Vryheidsoorlog.

---------oOo---------

(11) Grosskopf, J.F.W. Plattelandse verarming en plaasverlating. Die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika. Verslag van die Carnegie-kommissie. Deel 1. Ekonomiese verslag. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1932. pp. VIII, 48, 49.

(12) Ibid., p. IX.

5/ .....

Die noodwendige gevolg hiervan was die ontstaan van 'n blanke proletariaat wat bekend gestaan het as die armblankes.

(b) Die trek na die stede.

Die vooruitsig van gereelde kontantlone en derhalwe 'n beter bestaan, was 'n geweldige sterk aantrekkingskrag vir die verarmde plattelanders. Kort na 1890 het die trek na die stede begin en die stroom na die stede is verhaas deur die runderpes van 1896 wat groot getalle veestapels uitgeroei het. Die oorlog van 1899-1902 en die depressie van 1903-1908, (13) het nog verdere stote aan hierdie verstedelikingsbeweging verskaf. (14)

Almal kon natuurlik nie deur die nywerhede geabsorbeer word nie en bowendien was hierdie groep blankes nie bevoeg om uit die staanspoor 'n betekenisvolle plek in die nywerheidswêreld te beklee nie omdat die arbeidsmark verdeel was in blanke en nie-blanke sfere (15), met die blankes as die geskooldes en die nie-blankes as die ongeskoolde arbeiders.

As gevolg van 'n gebrek aan 'n nywerheidstradisie by die Afrikaansprekende bevolking, is „industriële onderwys en sistematiese vakonderrig veelal beskou as verbonde met armoede en minderwaardigheid." (16) Die gevolg hiervan was dat hulle beswaarlik op die arbeidsmark kon meeding tensy hulle bereid was om met die nie-blankes op die ongeskoolde vlak te kompeteer, (17) iets waartoe hulle vanweë die vooroordeel teen sekere soorte arbeid, wat as kafferwerk bestempel is, nie bereid was nie.

--------oOo--------

(13) Vergelyk voetnoot 8, p. 3, hierbo.
(14) Grosskopf, op.cit., pp. XXI, p. 5; Official Year Book, nr. 6, 1910-1922, pp. 307, 308.
(15) Vergelyk hierbo, p. 3.
(16) Grosskopf, op.cit., p. IX.
(17) Sien verder hieroor, pp. 6-9, hieronder.

6/ .....

Met letterlik duisende verarmde plattelanders in die stede, en veral aan die Rand, het die toestand werklik ernstig geraak. Tyd en omstandighede sou hierdie groep egter uiteindelik dwing om met die nie-blankes op die arbeidsmark te kompeteer.

3. Blankes versus Bantoes in halfgeskoolde en ongeskoolde beroepe en die gevolglike ontstaan van die industriële kleurskeidslyn.

(a) Die ontstaan van die kompetisie.

(i) Die agtergrond van hierdie kompetisie.

As gevolg van die vinnige ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika het daar veral sedert 1890 'n vorm van arbeidsorganisasie tot stand gekom wat, by gebrek aan 'n voldoende aanbod van blanke arbeiders, opgebou is op die massagebruik van goedkoop Bantoe-arbeid. In hierdie vorm is daar nie voorsiening gemaak vir 'n tussenklas van halfgeskoolde blankes nie. Aan die een kant was daar die geskoolde arbeiders (vroeër meestal blankes) wat 'n hoë loon getrek het, en aan die ander kant die ongeskoolde arbeiders (vroeër net nie-blankes) wat 'n lae loon ontvang het. (18)

Die goudmyne, as die grootste enkele nywerheidsonderneming in die land, het heeltemal afhanklik geword van 'n genoegsame voorsiening van Bantoearbeid. As gevolg van die aanwesigheid van die Bantoes is die posisie van die blanke in 'n groot mate beperk tot die hoër besoldigde groepe van geskoolde werk, of tot toesig en beheer, oor ongeskoolde arbeiders. (19)

Op die geskoolde arbeidsmark kon die armblankes nie meeding nie en hulle was onwillig om mee te ding op die ongeskoolde arbeids-

----------oOo----------

(18) Grosskopf, op.cit., pp. XIX, 161.
(19) Official Year Book, nr. 6, 1910-1922, pp. 307, 308.

7/ .....

mark. Die probleem van aanpassing by ongeskoolde arbeid is bemoeilik deur die tradisie van nie-blankearbeid en die onderhorige posisie wat die nie-blanke reeds lank beklee het, 'n posisie waarkragtens hy alleen ongeskoolde werk onder blanke toesig gedoen het. (20) Mettertyd sou die blankes egter gedwing word om ook op die ongeskoolde arbeidsmark mee te ding. Voor die Tweede Vryheidsoorlog was die probleem van konkurrensie op die ongeskoolde terrein nie so erg nie, maar die probleem het akuut geraak na die oorlog toe duisende verarmde Afrikaners na die ongeskoolde arbeidsmark gedryf is. (21)

(ii) Die arbeidstekort.

Omdat so baie Bantoes die myne verlaat het gedurende die oorlog, (22) het die myne met 'n ernstige tekort aan ongeskoolde arbeid te kampe gehad. Die persoon wat verantwoordelik was vir die rekonstruksiewerk na die oorlog, lord Alfred Milner, (23) se planne vir die materiële ontwikkeling van Suid-Afrika het gelê in die goudmynnywerheid van die Witwatersrand. Ten einde die probleem van ongeskoolde arbeid die hoof te bied, het Milner in 1901 'n modus vivendi met die Portugese regering aangegaan waarkragtens die myne gemagtig is om werwingsveldtogte vir Bantoe-arbeiders in Mosambiek te onderneem. (24)

Hierdie dringende arbeidsvraagstuk en die meningsverskille oor die oplossing van hierdie probleem in die onmiddellike jare na afloop van die oorlog kenmerk die begin van die stryd tussen arbeid en kapitaal, 'n stryd wat as kulminasiepunt sou hê die Randse Staking van 1922.

----------oOo----------

(20) T.G. 13-1908: Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908, pp. 21-23.

(21) Vergelyk verder in hierdie verband, Official Year Book, nr. 6, 1910-1922, pp. 307, 308.

(22) Sien p. 3, hierbo.

(23) Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika en Goewerneur van Transvaal en die O.R.K.

(24) Vergelyk ook Thompson, op.cit., p. 13; Cartwright, op.cit., pp. 134, 136.

8/ .....

(iii) Die plan om die tekort aan te vul met blankes:

Die twee belangrikste voorstelle ter oplossing van hierdie vraagstuk was eerstens om die duisende blankes wat deur die oorlog op die ongeskoolde arbeidsmark gedryf was te gebruik, en tweedens, om arbeiders op korttermynkontrakte in te voer vanuit Sjina met verpligte repatriasie na verstryking van hul kontraktyd. (25)

Die belangrikste kampvegter vir eersgenoemde plan was F.H.P. Creswell, bestuurder van die Village Mainreefmyn. Hy het, in samewerking met lord Kitchener, na die oorlog tevergeefs probeer om Britse soldate vir sy skema te werf. Tog was daar van die tydelike troepe wat geïnteresseerd was, asook kleinboere van die sogenaamde bywonersklas wat hul stukkies grond as gevolg van die oorlog verloor het. In 1904 het hy met blankes en arbeidsbesparende masjinerie geëksperimenteer om dieselfde werk as Bantoes te doen. (26) Omdat hy die myn kort daarna verlaat het, is die proefneming gestaak ofskoon die eerste resultate belowend was. Volgens die Carnegie-verslag het deskundiges, en ook diegene wat simpatiekgesind was teenoor die arm en minderbevoorregte blankes, egter bevind dat daar nie 'n groter persentasie blankes, as wat op daardie stadium ondergronds werksaam was, as ondergrondse arbeiders gebruik kon word nie. (27)

(iv) Die Sjinese arbeiders.

Die arbeidsvraagstuk het intussen steeds op 'n oplossing gewag. Op aanbeweling van die Kamer van Mynwese en Handel het die Wetgewende

---------oOo----------

(25) Vergelyk ook Cartwright, op.cit., p. 135.

(26) Creswell, Margaret. An epoch on the political life of Frederick Hugh Page Creswell. Kaapstad, Balkema, 1956. p. 31.

(27) Grosskopf, op.cit., pp. 195, 196. Die proefneming was 'n misluking omdat dit aanleiding gegee het tot 'n staking van geskoolde blankes as protes teen die indiensneming van ongeskoolde blankes. (Sien Cartwright, op.cit., p. 136.)

Raad 'n ordonnansie gepasseer wat die invoer van Sjinese arbeiders gemagtig het, en in Junie 1904 het die eerste Sjinese hier aangeland. Vir die jaar beginnende Julie 1906 het die goudmynnywerheid werk verskaf aan sowat 17,513 blankes, 102,420 Bantoes en 53,062 Sjinese teen gemiddelde maandelikse lone van R55, R5.22½ en R4.15 respektiewelik. (28) Daarna het die aantal Bantoes wat na die myne toe gekom het, vinnig vermeerder. Die waarde van die goudopbrengs het vermeerder van R25,257,014 in 1903 tot R54,801,884 in 1907, die ekonomiese depressie (29) ten spyt. Die opbrengs het in die daaropvolgende jare stadig bly styg. (30)

Na die repatriasie van die Sjinese (31) het die myne slegs twee alternatiewe gehad, naamlik eerstens, die uitbreiding van Bantoearbeid na meer geskoolde en verantwoordelike werk, en tweedens om blankes as ongeskoolde werkers in diens te neem. Die blanke se vooroordeel teenoor die sogenaamde „kafferwerk", sy ondoeltreffendheid as ongeskoolde arbeider en die hoër loon wat hy verwag het en beslis ook nodig gehad het as gevolg van sy hoër lewenstandaard, het tot gevolg gehad dat gekleurde arbeid vir die werkgewer goedkoper was. (32) So is die blanke dan gedwing om op die halfgeskoolde en ongeskoolde arbeidsterrein met die nie-blanke te kompeteer en hierdie kompetisie was die grondoorsaak van die industriële kleurskeidslyn wat later bedoel was om te dien as beroepsverskansing vir die blanke arbeider.

----------oOo----------

(28) Vergelyk ook Thompson, op.cit., p. 14.

(29) Sien voetnoot 8, p. 3, hierbo.

(30) Sien ook Thompson, op.cit., p. 14.

(31) Genl. J. Smuts was gekant teen Sjinese arbeid en hy het gebruik gemaak van die regeringswisseling in Engeland (wat juis plaasgevind het as gevolg van die Sjinese arbeidskwessie) om toestemming van die Liberale regering in Engeland te verkry vir die repatriasie van die Sjinese.

(32) T.G. 13-1908, paragraaf 49, pp. 24-26.

10/ .....

(35) Mining Industry Commission, op.cit., pp. 122-133.

(b) Die industriële kleurskeidslyn.

(i) Die agtergrond van die kleurskeidslyn.

Hierdie kleurskeidslyn het sy ontstaan gehad op die diamantmyne van Kimberley wat in werklikheid die eerste groot nywerheidsonderneming in Suid-Afrika was. Blanke arbeiders was skaars as gevolg van die ongemaklike lewensomstandighede. Ten einde blanke werkers wat vir die geskoolde werk onontbeerlik was te bekom, is aan hulle besondere hoë lone betaal. Ongeskoolde arbeid in die vorm van Bantoearbeid was daarenteen volop en hulle lone is bepaal deur hulle lae lewensstandaard en deur die lone wat op die plase betaal is. So het daar dan mettertyd 'n tradisie ontstaan dat alle blanke werkers 'n hoë loon en alle nie-blanke werkers 'n lae loon ontvang. Hierdie tradisie is deur die blankes uitgedra na die Rand. Hierdie verskil in loon tussen geskoolde en opsigterswerk aan die een kant, en ongeskoolde werk aan die ander kant, het gepaard gegaan met die verdeling van die arbeidsmark in blanke en nie-blanke sfere.

Hoe hoër die loon wat deur die blankes vereis is, hoe beperker was die aantal wat werk kon vind. Voor die Tweede Vryheidsoorlog was die probleem van geringe aard, maar toe letterlik duisende verarmde blankes na die oorlog op die ongeskoolde arbeidsmark gedryf is, (33) het die probleem ernstig geraak. Ten einde hierdie probleem die hoof te kon bied, is daar in 1907 'n kommissie aangestel met die doel, om onder andere, ondersoek in te stel in watter mate meganisasie op die myne werkverskaffing aan blankes sou beïnvloed en watter die beste metodes is om werkverskaffing aan blankes te vermeerder. (34) Die bevindings van die kommissie, waarop onder andere ook Creswell gedien het, was sterk ten gunste van die uitbreiding van die sfeer van blankearbeid. (35)

----------oOo----------

(33) Vergelyk hierbo, p. 7.

(34) Mining Industry Commission, 1907-1908 (T.g.-nommer onbekend), p. 1.

(35) Mining Industry Commission, op.cit., pp. 122-133.

11/ .....

(ii) Faktore wat die konvensionele kleurskeidslyn bedreig het.

Die konvensionele kleurskeidslyn soos dit geldig was op die diamantvelde, het in die na-oorlogse jare 'n snelle wysiging ondergaan en as gevolg van die teenwoordigheid van veral twee faktore, het dit besonder gekompliseerd geraak. Allereers het die teenwoordigheid van so 'n groot aantal ongeskoolde blankes 'n ongekende kompetisie op die ongeskoolde arbeidsmark laat ontstaan; (36) tweedens het die Bantoe meer vertroud geraak met die werk en het hy 'n deel van die verantwoordelikheid van sy blanke opsigter op hom geneem met die onvermydelike gevolg dat hy al hoe bekwamer vir sy taak geword het en vanweë sy lae loon ook op halfgeskoolde gebied 'n bedreiging vir die blanke begin inhou het. (37)

Die nyweraars het ook veel meer gelet op ekonomiese faktore as op die kleurskeidslyn (38) en bowendien was daar verskeie ander faktore wat die indiensneming van nie-blankes vir hulle aantrekliker gemaak het. Afgesien van die laer loon waarmee die Bantoe tevrede was, was alle Bantoes kragtens die bepalings van die paswet skuldig aan 'n kriminele oortreding indien hul hul kontrak met die werkgewer sou verbreek. 'n Ander faktor wat sterk in die guns van die Bantoe as arbeider getel het, was die feit dat hy, kragtens die bepalings van die Arbeider Kompensasiewet, in geval van dood of besering ongeveer net een vyfde soveel vergoeding as 'n blanke kon eis. Daar was bykans ook geen arbeiderverenigings onder die Bantoes nie en dit het natuurlik die aantal stakings onder die geledere van die Bantoes tot die absolute minimum beperk. (39)

----------oOo----------

(36) Vergelyk hierbo, p. 9.

(37) Botha, J.H. Die arbeidsvraagstuk van Suid-Afrika. Amsterdam, H.J. Paris, 1928. p. 130.

(38) Ibid.

(39) Mining Industry Commission, op.cit., pp. 113-114.

12/ .....

Alles het dus daarop gedui dat die blanke in hierdie stryd die onderspit sou delf. Die Regering sou daadwerklike stappe moes doen om die tradisionele kleurskeidslyn, waaraan die werkgewers hul nie veel gesteur het nie, te verander in 'n statutêre kleurskeidslyn om sodoende die blanke arbeider van die toekoms van 'n bestaansmoontlikheid te verseker.

(iii) Die Myne en Bedrywewet van 1911.

Ondersteun deur tradisie en die openbare mening, het die blanke arbeider hom dan ook tot die owerheid gewend en staatsinmening in die ekonomiese lewe verlang. Die gevolg hiervan was die vaslegging van 'n industriële kleurskeidslyn in die Myne- en Bedrywewet van 1911. Kragtens mynregulasies opgestel onder hierdie wet, is bekwaamheidsertifikate vereis vir sekere soorte werk. Kragtens hierdie wet mog bevoegdheidsertifikate nie aan gekleurde arbeiders in Transvaal en die Vrystaat uitgereik word nie, en sodanige sertifikate in besit van nie-blankes in die ander twee provinsies, sou nie geldig wees in Transvaal of die Vrystaat nie. Verder mog gekleurdes ook nie met masjinerie, in myne byvoorbeeld, werk nie, hul mog nie die leiding neem in werk waar plofstowwe gebruik word nie en hul mog nie die pligte van opsiener oor 'n arbeidsploeg vervul nie. (40)

Hierdie wet het nie aan sy doel beantwoord nie en was hoofsaaklik toepaslik op geskoolde arbeid, terwyl die ekonomiese kompetisie op die gebied van halfgeskoolde arbeid 'n ernstiger omvang aangeneem het. (41)

----------oOo----------

(40) Sien ook Botha, op.cit., p. 131.

(41) Hierdie kompetisie sou uiteindelik die status quo-ooreenkoms (sien volgende paragraaf) tot gevolg hê wie se herroeping 'n direkte oorsaak van die 1922-staking was. (Sien hoofstuk 3, hieronder.)

13/ .....

(iv) Die status quo-ooreenkoms.

Vyf jaar na die passering van bogenoemde wet, in 1915, het 'n reeks onderhandelings tussen die Kamer van Mynwese en die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie (42) begin, wat uitgeloop het op die status quo-ooreenkoms wat in September 1918 tussen die genoemde twee partye tot stand gekom het. Voor daardie datum was daar slegs die statutêre kleurskeidslyn soos dit beliggaam was in die Myne- en Bedrywewet van 1911 wat op daardie stadium ongeveer 7,000 arbeiders in 32 beroepe beskerm het. Die mynwerkers wou nou hierdie proteksionistiese maatreël ook deurgevoer hê op halfgeskoolde beroepe. Die Kamer van Mynwese het egter geweier om gekleurdes wat reeds halfgeskoolde werk verrig het, te ontslaan, maar hulle het onderneem om die posisie van die blanke nie verder te oorskry nie. Die ooreenkoms het bepaal dat werk wat op 1 September 1918 deur 'n blanke verrig is, in die toekoms ook deur 'n blanke verrig sou word, en omgekeerd. (43)

Vir drie jaar het die ooreenkoms goed gewerk, maar daarna sou omstandighede in die wêreldekonomie die voortbestaan van hierdie ooreenkoms en derhalwe die verskansing van sekere beroepe vir die blanke arbeiders, in gevaar stel. Die uiteindelike resultaat hiervan sou die Staking van 1922 wees. (44)

4. Die ontstaan van arbeiderorganisasies.

(a) Die totstandkoming van die Arbeidersparty.

Reeds voor die Tweede Vryheidsoorlog het daar 'n neiging onder

----------oOo----------

(42) Sien verder hieroor, pp. 16-17, hieronder.

(43) Walker, E.A. A history of South Africa. 3rd. ed. Londen, Longmans Green & Co., Ltd., 1956. p. 589.

(44) Sien verder hieroor, hoofstukke 4 en 5, hieronder.

14/ .....

die arbeiders ontstaan om hulself in vakbonde te organiseer. (45) Hierdie splinterorganisasies het na die oorlog voortbestaan, maar daar was geen grootskaalse samewerking op arbeidsterrein nie. Daar was nog groot verskille tussen die Transvaalse Onafhanklike Arbeidersparty en die onderskeie vakbonde. Gedurende Oktober 1908 het 'n konferensie tussen dié party en verteenwoordigers van die onderskeie vakbonde plaasgevind, en in beginsel is ooreengekom tot die stigting van een enkele party. C.H. Haggar, 'n Natalse parlementslid, sou die land deurreis en die eenheidsidee vir politieke optrede verkondig. Hy het egter groot moeilikheid ondervind as gevolg van die wye kloof tussen die vakbondleiers en hulle middelklassimpatiseerders aan die een kant, en 'n klein minderheid doktrinêre Sosialiste aan die ander kant, waaronder ook Archie Crawford se Sosialiste Bond was. (46)

Ondanks hierdie moeilikheid het die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty in Januarie 1910 in Durban tot stand gekom as die eerste pan Suid-Afrikaanse party met H.W. Thompson as president en Haggar as algemene sekretaris. (47) Die uiteindelike doel van die party was „om vir die produsente van hand- en breinwerk al die vrugte te verkry van hul industrie, sowel as die mees billike verdeling daarvan, wat maar moontlik is, en wel op die basis van gemeenskaplike besit van die middele van produksie en die beste verkrygbare stelsel van volksadministrasie en beheer van elke industrie of diens, met die oogmerk om uiteindelik 'n Demokratiese en Sosialistiese gemenebes tot stand te bring." (48) Een van die party se slagkrete tydens die 1915-eleksie was ondermeer die ontmoediging van Bantoe-immigrasie na blanke gebiede. Na 'n aanvanklike sukkelbestaan, het die party gedurende

----------oOo----------

(45) Sien verder hieroor, pp. 14-20, hieronder.

(46) Cope, R.K. The life and times of W.H. Andrews, Workers' Leader Kaapstad, Steward Printing Co., 1943. p. 97.

(47) Vergelyk ook Cope, op.cit., pp. 112-114; Thompson, op.cit., p. 460.

(48) Konstitusie van die Arbeidersparty soos aangehaal deur Coetzee, P.H. Party-politiek in Suid-Afrika sedert 1910. ('n Histories-Staatsfilosofiese studie.) Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., Bloemfontein, 1952), pp. 50-51.

15/ .....

die ekonomiese depressie van na die Eerste Wêreldoorlog op die toppunt van sy mag gekom toe hy in 1920 soveel as 21 Volksraadslede gehad het. (49)

(b) Die begin van die vakbondbeweging in Suid-Afrika.

(i) Die voorgeskiedenis van die vakbondbeweging.

Aan die begin van die 20ste eeu is die getalle van die Afrikaners aan die Rand ver oortref deur die Uitlanders, hoofsaaklik Britse mynwerkers, wat aangelok is deur die aantreklike loonskale en die vooruitsig van permanente betrekkings. Die Britse mynwerkers was afkomstig van Cornwallis, Lancashire, Yorkshire en Northumberland. Steenkoolwerkers het hoofsaaklik uit Wallis gekom. Hulle geledere is verder aangevul deur lede van die Britse leër wat na die oorlog hul ontslag geneem en in Suid-Afrika gebly het. (50)

Hierdie geskoolde Britse arbeiders het, soos dit die geval was in Brittanje, vakbonde in Suid-Afrika gestig. Hierdie stigting is in die beginjare van die nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika beinvloed en bevorder deur die teenwoordigheid van 'n groot aantal Bantoearbeiders wat geleidelik 'n bedreiging begin vorm het vir die voortbestaan van die beroepsekerheid van die blanke arbeiders, nie soseer op die ongeskoolde nie, maar wel op die halfgeskoolde arbeidsterrein. Reeds so vroeg as 1881 het die geamalgameerde Vereniging van Timmermans en Meubelmakers tot stand gekom; in 1896 het die Vereniging van Ystergieters ontstaan en in 1898 die Suid-Afrikaanse Tipografiese en Masjinisteverenigings onderskeidelik. (51) Die vakbonde het egter

----------oOo----------

(49) Ibid., pp. 51-52.

(50) Cartwright, op.cit., p. 29.

(51) Official Year Book, nr. 6, 1910-1922, p. 330. Gitsham, E. & Trembath J.F. sê in hul werk, Labour organisation in South Africa. Durban, E.C. Commercial Printing Co., Ltd., 1926, pp. 14, 15, dat die Tipografiese Vereniging in 1888 in Durban gestig is deur Bob Patrick. Watter datum korrek is, kon nie vasgestel word nie.

16/ .....

maar 'n soort sukkelbestaan gevoer en in 1907 het die Transvaalse Mynwerkersunie slegs uit 300 lede bestaan. (52) Desondanks het daar in dieselfde jaar op inisiatief van hierdie vereniging die eerste groot en belangrike staking in Suid-Afrika plaasgevind. (53) Hoewel die staking misluk het, was die stryd nietemin 'n groot stukrag agter die vakbondbeweging in Suid-Afrika. (54)

(ii) Die ontstaan van 'n federasie van vakbonde.

Die groot leemte op die arbeidsterrein gedurende daardie jare was die gebrek aan 'n koördinerende liggaam. Gedurende 1908, en veral aangespoor deur die mislukking van die staking van die vorige jaar, is twee pogings aangewend om 'n industriële bond tot stand te bring, te wete deur Tom Matthews en Archie Crawford, maar beide pogings het misluk. Hierna het Bill Andrews die land deurreis en 'n federasie van vakbonde met 'n sentrale leierskap gepropageer. Op versoek van die Vereniging van Sosialiste het Tom Mann, 'n bekende internasionale Sosialis wat wêreldroem verwerf het as organiseerder van arbeiders, Suid-Afrika besoek en die industriële vereniging van vakbonde gepropageer. Op sy voorstel het die Witwatersrandse Ambags- en Arbeiderraad (55) wat sedert 1902 bestaan het, 'n halfhartige poging aangewend om 'n industriële werkersbond tot stand te bring. Ekstremiste het egter die beheer oor die beweging verkry en die naam het verander na die Industriële Werkers van die Wêreld.

In Oktober 1910 het Tom Matthews 'n daadwerklike poging aangewend om 'n federasie van mynwerkers tot stand te bring, maar ook hierdie poging het misluk as gevolg van ambagsverskille. Hierna het

----------oOo----------

(52) Gitsham & Trembath, op.cit., p. 28. Die presiese stigtingsdatum van die Mynwerkersvereniging kon nie vasgestel word nie.

(53) Sien verder hieroor, hoofstuk 2, pp. 22-24, hieronder.

(54) Vergelyk ook Gitsham & Trembath, op.cit., p. 29.

(55) Sien ook Walker, E.A., op.cit., p. 553.

17/ .....

Bill Andrews weer eens die inisiatief op hom geneem en in Maart 1911 het die Transvaalse Federasie van Ambagte (56) tot stand gekom. Die Witwatersrandse Ambags- en Arbeiderraad is toe op die industriële front vervang deur die bogenoemde Federasie, en op die politieke front deur die Arbeidersparty. Dit het 'n nuwe en 'n hoër fase in die organisasie van die blanke arbeiderklas gebring. Vakunionisme het nou gebloei en in 1911 was die Transvaalse Mynwerkersunie reeds 1,800 lede sterk; in 1912 was die aantal 2,800 en in 1913 6,700. (57)

(iii) Die groei van die vakbonde.

Tydens die 1907-staking het talle jong Afrikaners die plekke van die stakers ingeneem. Na die staking het die meeste oorsese mynwerkers die land verlaat, nie soseer as gevolg van die mislukking van die staking nie, maar eerder as gevolg van die gevaar van myntering. Hulle vertrek het die weg vir die verstedeliking van die Afrikaner verder gebaan. (58)

Hierdie groep Afrikaners het hul nie tuis gevoel onder die vleuels van die Arbeidersparty nie, hoofsaaklik vanweë laasgenoemde se pro-imperiale beleid. In 1912 het daar 'n skeuring in die geledere van die Suid-Afrikaanse Party plaasgevind. Hierdie skeuring was die gevolg van generaal J.B.M. Hertzog se toesprake op De Wildt, Nylstroom en Smithfield waar hy nadruklik verklaar het dat die Regering 'n beleid van Suid-Afrika Eerste moes volg, in plaas daarvan om hom te beywer vir die bevordering van die imperiale belange. Die gevolg hiervan was dat die kabinet ontbind en weer saamgestel is met weglating van genl. Hertzog. (59) In Januarie 1914 is die Nasionale Party onder

----------oOo----------

(56) Voortaan sal hierna verwys word as die Federasie.

(57) Official Year Book, nr. 2, 1910-17, p. 302; nr. 8, 1910-25, pp. 215, 216.

(58) Vergelyk ook Cartwright, op.cit., p. 160.

(59) Sien verder in hierdie verband, Krüger, D.W. The Age of the Generals. Dagbreek, 1958. pp. 66-73.

18/ .....

leiding van genl. Hertzog in Bloemfontein gestig. Na die Suid-Afrikaanse Party sou die verstedelikte Afrikaner hom nie wend vir die behartiging van sy belange nie omdat omstandighede die Regering en georganiseerde blanke arbeid in twee strydende kampe verdeel het. (60) Aanvanklik het die Nasionale Party hulle belange huiwerig behartig en dit sou langer as sewe jaar duur alvorens die Nasionale Party sou ontpop as 'n ope kampvegter vir die arbeider se belange. (61)

Desondanks het die ledetal van die vakbonde baie vinnig gegroei ten einde die bedreiging van hul beroepsekerheid wat ontstaan het as gevolg van die teenwoordigheid van so 'n groot aantal Bantoes (62) suksesvol die hoof te kon bied. Aan die einde van 1921 was daar sewe vakbonde in die goudmynbedryf met 'n totale ledetal van 22,516. (63) Intussen het die vakbonde se invloed vinnig toegeneem en in die industriële wêreld was hulle invloed op die arbeiders 'n faktor waarmee deeglik rekening gehou moes word. Dit was dan ook grootliks as gevolg van die vakbonde se optrede dat die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog voorafgegaan is deur 'n tyd van industriële spanning hier te lande. (64)

Die Rebellie van 1914 en die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het egter aan hierdie spanning 'n haastige einde gemaak en konsiliasie het die plek ingeneem van wrywing. (65) Kragtens 'n ooreenkoms wat gesluit is op 13 September 1916 tussen die Kamer van Mynwese en verteenwoordigers van die vakbonde, het laasgenoemde onderneem om vraagstukke rakende lone, oortydwerk en werksure nie weer op te haal voor

----------oOo----------

(60) Vergelyk die 1913 en 1914-stakings, hoofstuk 2, pp. 24-44, hieronder.

(61) Sien hoofstuk 4, pp. 100-102, en ook hoofstuk 6, hieronder.

(62) Sien ook Gitsham & Trembath, op.cit., pp. 14, 15; ook p. 15, hierbo.

(63) Official Year Book, nr. 4, 1910-1920, p. 315.

(64) Vergelyk die stakings van 1913 en 1914. Sien daarvoor hoofstuk 2, pp. 24-44, hieronder.

(65) Sien ook Gitsham & Trembath, op.cit., p. 43.

19/ .....

drie maande na verstryking van die oorlog nie. (66) Hierdie ooreenkoms was die begin van 'n reeks onderhandelings en samesprekings wat gekulmineer het in die status quo-ooreenkoms van 1918. (67)

(iv) Die twee uiteenlopende beskouingsrigtings van die leiers.

Dis op hierdie stadium wenslik om 'n oorsig te gee van die twee uiteenlopende beskouingsrigtings van enkele van die vakbondleiers, omdat hierdie beskouings grootliks die massa lede beïnvloed het. Die meeste van die moeilikhede wat ontstaan het, kan dan ook toegeskryf word aan die volgende ekstremistiese beskouing wat daarop neerkom dat arbeid alle kapitaal produseer en sigself sonder kapitaal kan onderhou , terwyl kapitaal vir sy bestaan volkome afhanklik is van arbeid. Dis derhalwe die plig van die arbeider om ontevrede te wees met sy toestand en hulle leiers te ondersteun in die omverwerping van die bestaande toestand ten einde 'n nuwe stelsel daar te stel. (68)

Die beskouings, soos gehuldig deur die leiers en ander verteenwoordigers van die gematigde seksie, wat geglo het in konstitusionele metodes vir die verbetering van die lot van die arbeider, het onder andere neergekom op 'n verwerping van die beskouing van die ekstremistiese groep as sou arbeid en kapitaal antagoniste wees. Vir hierdie gematigde groep was arbeid en kapitaal onderling van mekaar afhanklik. Geen nywerheid het 'n metode van gelyke of proporsionele verdeling van winste ten opsigte van sy werkers nog ooit toegepas nie. Gedurende die tydperk van ontwikkeling en opbou, lewer kapitaal nog geen dividende nie, terwyl die arbeider reeds sy volle loon kry.

----------oOo----------

(66) The Star, 13/9/16.

(67) Sien hierbo, p. 13.

(68) U.G. 21-1914: Department of Mines and Industries, Annual Reports, 1913. Part 1, Labour and Industries, p. 9.

20/ .....

Aangesien geen twee nywerhede dieselfde winste maak nie, bring dit mee dat gelyk gekwalifiseerdes in verskillende nywerhede ongelyke lone kry, en dis 'n primêre oorsaak van wrywing. (69)

(v) Die mag en invloed van die vakbondbeweging.

Gedurende hierdie tyd van opkoms van arbeiderorganisasies is 'n verslag in 1913 geskryf oor die vakbondvraagstuk. Hieruit blyk onder andere dat lojaliteit teenoor die bonde die plek ingeneem het van lojaliteit teenoor die Regering of die werkgewer, en in geval van 'n botsing tussen die bevele van die Regering en dié van die vakbond, is laasgenoemde gehoorsaam. Vakbonde is as gesaghebbender beskou as die Regering omdat hulle die indiwiduele werker beter kon beskerm of straf. Verraad teenoor die Regering is in 'n minder ernstige lig beskou as verraad teenoor die vakbond. (70)

Na die oorwinning van die stakers in 1913 (71) is die Transvaalse Mynwerkersunie uitgebrei en die naam is verander na die Suid-Afrikaanse Mynwerkersunie. (72) Die Transvaalse Federasie van Ambagte, wat die Witwatersrandse Ambags- en Arbeiderraad in 1911 vervang het, (73) is na die stakings van 1913 en 1914 (74) vergroot en uitgebrei en so het die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie tot stand gekom , wat prakties deur die Kamer van Mynwese in 1915 erken is. Die eerste vakbondkongres in Suid-Afrika is in 1917 in Johannesburg gehou. (75)

----------oOo----------

(69) Ibid., pp. 5-8.
(70) Ibid.
(71) Sien hoofstuk 2, pp. 24-39, hieronder.
(72) Cope, op.cit., p. 145.
(73) Sien pp. 16, 17, hierbo.
(74) Sien hoofstuk 2, pp. 24-44, hieronder.
(75) Vergelyk ook Official Year Book, nr. 5, 1910-1921, p. 306; nr. 6, 1910-1922, p. 330.

21/ .....

Gedurende die oorlogsjare het die vakbondbeweging nie alleen in mag en invloed nie, maar ook in ledetal geweldig toegeneem en geleidelik het die beweging sy greep op die blanke arbeidspotensiaal van die land verstewig. In die volgende hoofstuk sal aangetoon word tot watter uiterste magte die vakbondbeweging in staat was en watter geweldige ontwrigting hulle kon veroorsaak.

----------oOo----------

HOOFSTUK 2.

DIE BELANGRIKSTE STAKINGS VANAF 1907 TOT 1920.

1. Die staking van 1907.

Hoewel die staking van 1907 in aard en omvang nie van soveel belang was as byvoorbeeld die stakings van 1913 en 1914 nie, was sy belangrikheid tog daarin geleë dat dit die eerste staking was wat deur die Transvaalse Mynwerkersvereniging georganiseer is. (1) Verder het dit die na-oorlogse Suid-Afrika wat in 'n tyd van depressie (2) sy hoop op ekonomiese herstel gevestig het op die goudmynnywerheid aan die Rand, vir die eerste keer geplaas voor een van die onvermydelike konsekwensies van 'n nywerheidsland.

Hierdie staking het soos volg ontstaan: tot en met Mei 1907 was dit die algemene beleid aan die Rand dat blanke mynwerkers 'n maksimum van twee rotsboormasjiene mag behartig. Namens die myneienaars het G. Albu en E.J. Way egter verklaar dat hierdie beleid te ondoeltreffend en duur was. (3) Die feit dat die Sjinese (4) intussen meer bedrewe geword het in die hanteer van boormasjiene, het veral aanleiding tot hierdie verklaring gegee. (5)

Op hierdie tydstip het die bestuurder van die Knight's Deep-myn verklaar dat boormanne drie in plaas van twee rotsboormasjiene moes beheer. Hierteen het die mynwerkers geprotesteer en hulle het 'n deputasie

----------oOo----------

(1) Cartwright, op.cit., p. 159.
(2) Vergelyk verder hieroor voetnoot 9, p. 3, hoofstuk 1, hierbo.
(3) Gitsham & Trembath, op.cit., p. 28.
(4) Vergelyk pp. 8-9, hoofstuk 1, hierbo.
(5) Cartwright, op.cit., p. 160.

23/ .....

afgevaardig[ge]de om met die bestuurder van die myn te onderhandel, maar sonder enige sukses. (6) Daarop het die Transvaalse Mynwerkersvereniging op 19 Mei 'n algemene staking van alle mynwerkers afgekondig, behalwe dié verbonde aan die Robinson-groep. (7) Die reaksie was heeltemal gunstig en teen 25 Mei het 4,171 mynwerkers gestaak. (8)

Die eerste noemenswaardige daad van die stakers was 'n opmars van ongeveer 300 van hulle na Pretoria om daar te demonstreer. Die enigste resultaat van hierdie veeleisende opmars was egter dat die Minister van Verdediging, genl. J.C. Smuts, die Imperiale troepe (9) opgeroep en op die myneiendomme gestasioneer het ten einde enige moontlike aanvalle van stakers op die eiendomme van die myne, die hoof te kon bied. Geen grootskaalse geweldpleging het egter voorgekom nie, omdat die staking van die begin af gedoem was tot mislukking, hoofsaaklik as gevolg van twee faktore. Allereers was daar heelparty geskoolde blankes wat nie lede van vakbonde was nie. Gevolglik het hul nie hul werk verlaat nie, maar die nywerheid aan die gang gehou in samewerking met die Sjinese wat 'n besondere aanleg vir geskoolde werk getoon het. (10) Tweedens het talle onsuksesvolle en verarmde boere na die myne gestroom en die plekke van die stakers gevul om sodoende die proses van die verstedeling van die Afrikaner te verhaas. (11)

Teen die einde van Julie was die staking iets van die verlede en talle lojale stakers was werkloos. Deur die vermindering van die aantal blanke mynwerkers met ongeveer 10%, is die koste van rots-

----------oOo----------

(6) Cope, op.cit., p. 90.

(7) Hierdie groep myne het sover moontlik 'n beleid van blankearbeid gevolg en Robinson het 'n persoonlike bydrae van R10,000 gemaak vir werkloses. (Sien Walker, I.L. & Weinbren, B. 2,000 casualties; A history of the Trade unions and the Labour movement of South Africa. Johannesburg, South African Trade Union Council, 1962. pp. 19, 20.

(8) Cope, op.cit., p. 91.

(9) Transvaal het nog nie oor sy eie troepe beskik nie.

(10) Vergelyk hierbo, p. 22.

(11) Vergelyk pp. 5-6, hoofstuk 1 hierbo. Sien ook Cartwright, op.cit., p. 160.

24/ .....

brekery met ongeveer 25% verminder. Ondanks die mislukking was die stryd 'n groot stukrag agter die vakbondbeweging aan die Rand (12), want in die volgende jaar (1908) is daar begin met die aanwending van daadwerklike pogings om 'n industriële bond tot stand te bring. (13)

2. Die staking van 1913.

Die jaar 1913 was dwarsoor die hele wêreld 'n krisisjaar ten opsigte van industriële verhoudinge. Orals het arbeiders hulle misnoeë met swak lone en werksomstandighede te kenne gegee deur middel van stakings, en 'n spanningsvolle atmosfeer het die industriële wêreld oorheers. Hierdie spanning wat hoofsaaklik veroorsaak is deur die talle stakings, het alles behalwe gehelp om die gevoel van wrywing tussen werkgewer en werknemer uit te skakel.

Ook in Suid-Afrika was daar 'n vyandige gesindheid onder die mynbesture en die direkteure aan die een kant, en die vakbondlede aan die ander kant en die werkgewers en die werknemers het mekaar wedersyds gewantrou. Die mynmaatskappye het hardnekkig geweier om vakbonde te erken, terwyl die arbeiderleiers vas oortuig was dat die mynmagnate hulle, die arbeiders, wou viktimiseer. Hierdie gesindheid het selfs in die Unieparlement weerklank gevind waar L. Phillips, G. Farrar en P. Fitzpatrick as direkteure van mynmaatskappye aan die eën kant, en Creswell, W. Madeley, C.H. Haggar en Sampson as leiers van die arbeiders, aan die ander kant mekaar gereeld geopponeer het in sake rakende die mynnywerheid. Vakbondsprekers aan die Rand het opruiende toesprake gehou waarin klem gelê is op die swak en onderdanige posisie van die blanke arbeider in die myne. Die toestand was gistend en moeilikheid was bykans onvermydelik; al wat nodig was om die vuur aan die brand te steek, was 'n nietige insident. (14)

----------oOo----------

(12) Gitsham & Trembath, op.cit., pp. 28, 29.
(13) Vergelyk ook p. 15, hoofstuk 1, hierbo.
(14) Cartwright, op.cit., pp. 163-164.

25/ .....

(a) Die oorsake van die 1913-staking.

(i) Die Nuwe Kleinfonteinmyn.

Op 1 Mei 1913 is 'n sekere Bulman (15) aangestel as ondergrondse bestuurder van die Nuwe Kleinfonteinmyn. In hierdie hoedanigheid het hy dan ook dadelik begin met die aanbring van wysigings in die ondergrondse werkstoestande. Hy het onder andere bepaal dat die ondergrondse werktuigkundiges op Saterdae van 7:30 vm. tot 3.30 nm. moes werk; dit was dieselfde ure as wat gewone mynwerkers moes werk. Van die nege ondergrondse werktuigkundiges het hy twee afgedank, twee is na die oppervlakte geneem, terwyl die oorblywende vyf hulle moes aanpas by die nuwe werksure. Hierteen het laasgenoemde geprotesteer, maar Bulman het verklaar dat aangesien hulle in beheer was van die werksratte, hy van mening was dat hulle aan diens moes bly solank die ratte in werking was. Genoemde vyf het egter geweier om hulle aan die nuwe ure te onderwerp, met die gevolg dat hulle afgedank is. Om hulle simpatie met die vyf afgedanktes te betuig, het die twee wat op die oppervlakte werksaam was as pompmanne, ook bedank. (16)

Kragtens wet (17) moes die arbeiders 'n maand kennis gekry het van enige verandering van werksure. Dit het hier nie gebeur nie, maar hierdie wet wat voorsiening maak vir 'n Raad van Ondersoek in sulke gevalle, was slegs geldig as tien of meer persone by sodanige verandering betrokke was. Desondanks het die Regering beslis dat daar teen Bulman opgetree word, maar die Prokureur-generaal het geweier om te vervolg. (18)

----------oOo----------

(15) Bulman se voorletters kon ongelukkig nie vasgestel word nie.

(16) U.G. 55-1913: Report of the Witwatersrand Disturbances Commission, September, 1913, pp. VII-VIII.

(17) Wet 20/1909: Wet op voorkoming van industriële geskille. Vergelyk ook Gitsham & Trembath, op.cit., p. 35.

(18) U.G. 21-1914, pp. 11, 12.

26/ .....

'n poging aangewend het om hom te vervolg. Dit sou beslis verstandiger gewees het as die Kroon tog maar vervolg het en dan 'n geregtelike interprestasie van die wet verkry het. (21)

Op 25 Mei het daar 'n vergadering van arbeiders plaasgevind waar besluit is om te staak indien die Transvaalse Federasie van Ambagte hul daartoe beveel. Dieselfde nag het die Uitvoerende Komitees van die verskillende bonde besluit om 'n stakingstemming te hou. Die uitslag was ten gunste van 'n staking en op 26 Mei om 4 nm. is alle werksaamhede in die myn gestaak.(22)

Dieselfde dag, 26 Mei, het die mynbestuur 'n kennisgewing aangeplak wat bepaal het dat die veranderde toestande geldig sou wees vanaf 1 Julie 1913.(23)Die vyf afgedankte is ook in kennis gestel dat die bestuur hulle weer in diens sou neem as hulle die stakers ignoreer, en op 28 Mei het die bestuur 'n brief aan die adjunk-burgemeester van Benoni gestuur wat dit gepubliseer het. Hiervolgens het die bestuur erken dat die wysiging van die werksure verkeerd was en die bestuur het hom bereid verklaar om terug te keer na die werksure soos dit geldig was gedurende die vorige Aprilmaand. Al die werknemers sou weer in diens geneem word en daar is onderneem om toe te sien dat daar geen viktimisasie sou plaasvind nie. (24)

Die feit dat die bestuur hierdie besluite op so 'n indirekte manier aan die stakers bekend gemaak het, was beslis 'n swak skakel in sy verdediging en dit het by die arbeiders net meer verset uitgelok.

----------oOo----------

(21) U.G. 55-1913, p. 9.

(22) U.G. 21-1914, p. 40.

(23) Ibid., pp. 11, 12, 40, 41.

(24) U.G. 55-1913, p. 9; U.G. 56-1913: Judicial commission of Inquiry into Witwatersrand Disturbances June-July, 1913. Minutes of Evidence, p. 5d.

28/ .....

Heeltemal tereg het die arbeiders dan ook verklaar dat hulle die brief nie as amptelik kon aanvaar nie. Hierop het die bestuur kopieë van die brief oral op die mynterrein aangeplak, maar die arbeiders het die voorstelle verwerp. (25)

(ii) Onderhandelings en vergaderings.

Die verwerping van hierdie voorstelle waarin die mynbestuur aan alle eise van die stakers gehoor gegee het, kan so geïnterpreteer word dat die stakers in hierdie toegewing van die mynbestuur 'n bedekte vrees vir 'n openlike botsing met die arbeiders gesien het, en hulle, die arbeiderleiers, wou hierdie toegewing van die mynbestuur sover moontlik eksploiteer.

Ter illustrasie hiervan kan die volgende eise van die stakingskomitee (26) gemeld word:

(a) herindiensneming van alle betrokke arbeiders;

(b) geen werk op Saterdagmiddag nie;

(c) ondergrondse arbeidsure moes wees van 7:00 vm. tot 3:00 nm. gedurende weeksdae, en van 7:00 vm. tot 12:30 nm. op Saterdae. (27)

Aan eise (b) en (c) moes nog voldoen word alvorens die stakers hopelik tevrede sou wees; dit het egter beteken dat die werksure van alle ondergrondse arbeiders na 45 uur per week verminder sou word. Dit was dus heeltemal nuwe eise wat niks te doen gehad het met die oorspronklike Kleinfonteingeskil nie, en hierdie eise moes geplaas word onder die aandag van 'n versoeningsraad kragtens die wet. (28) Steyn is gevra om eis (b) aan die Minister van Mynwese te telegrafeer en om die Premier, genl. Louis Botha, te vra om onverwyld 'n agtuurwet voor te stel wat dadelik in werking moes tree. Hierdeur het die

----------oOo----------

(25) U.G. 55-1913, p. 9.

(26) Die lede was o.a. T. Haynes (voorsitter), J.T. Bain (sekretaris), T. Matthews, B. Waterston, G. Mason, Tole, Kendal, Dingwall, Pender en Simon. (Sien verder hieroor Walker & Weinbren, op.cit., p. 32.)

(27) U.G. 21-1914, p. 40.

(28) Wet 20/1909.

29/ .....

stakingskomitee 'n blote huishoudelike geskil verander in 'n politieke vraagstuk. (29)

Hierdie weerbarstige houding van Benoni se Distrikskomitee, waaronder die Kleinfonteintak van die Transvaalse Mynwerkersunie gesorteer het, is deur 'n monstervergadering van die Transvaalse Mynwerkersunie wat op 1 Junie in die Grandteater, Johannesburg, gehou is, bekragtig, en hierdie gees van weerstand het alle hoop op 'n vreedsame skikking laat verdwyn. Uit die Kleinfonteingeskil het nou 'n eis gegroei om erkenning van die vakbonde deur die werkgewers, 'n eis wat gepaard sou gaan met bloedvergieting en geweldpleging.(30)

Steyn het verder met die stakingskomitee onderhandel en op 2 Junie is die mynbestuur verwittig dat 'n deputasie van verteenwoordigers van elke ambag op die Kleinfonteinmyn die direksie wou ontmoet om hul versoek tot herindiensneming en wysigings van die werksure, soos voorgestel, te bespreek. 'n Sekere Dalrymple, die besturende direkteur, het egter geweier om verteenwoordigers van die stakingskomitee te ontmoet, omdat sommige lede daarvan nie in diens van sy maatskappy was nie. As rede het hy aangevoer dat ander maatskappye wat niks met die geskil te doen gehad het nie, betrek kon word. Deur te weier om die deputasie te ontvang, het die myndireksie onverstandig gehandel en hierdie weiering het aanleiding gegee tot verder implikasies wat sou uitloop op 'n algemene staking.(31)

Omdat hy onpartydig wou bly, het die Minister nie gereageer op Steyn se telegram ten opsigte van 'n agtuurwet nie, (32) maar hy het die bestuur aangeraai om met die stakers of hulle verteenwoordigers, vakbondamptenare al dan nie, te onderhandel en hulle te beskou as

---------oOo---------

(29) U.G. 55-1913, pp. 9, 10: U.G. 56-1913, p. 6, vrae 88-91.

(30) Sien ook Hancock, K.W. J.C. Smuts. The sanguine years, 1870-1919, Cambridge at the University Press, 1962, pp. 363-365.

(31) Sien ook U.G. 55-1913, p. 12.

(32) Sien hierbo, p. 28.

verteenwoordigers van die arbeiders en nie van die vakbonde nie. (33)

Op 6 Junie het die finale kennisgewing van die bestuur verskyn:

(a) die maatskappy sou almal, stakers en afgedanktes, weer in diens neem;

(b) die maatskappy sou terugkeer na die ou ure op Saterdag vir werktuigkundiges ondergronds;

(c) as die volle skof van agt uur bogronds gewerk word, kon die manne Saterdae vroeër klaar maak as die meerderheid dit so wou hê;

(d) alleen verteenwoordigers van die werknemers sou ontmoet word;

(e) geen viktimisasie sou plaasvind nie;

(f) almal moes terugkeer voor 11 Junie, anders sou hul nie aanvaar word nie. (34)

Punte (d) en (f) van hierdie kennisgewing het die weerstand van die stakers versterk, en op 7 Junie het 'n monstervergadering te Benoni besluit om aan te dring op 'n algemene staking. J.T. Bain, sekretaris van die stakingskomitee, het verklaar dat hulle die werk sal hervat indien alle werk op Saterdae om 12:30 nm. gestaak word. Die Minister het aangedring op aanvaarding hiervan, maar die direksie het verklaar dat so 'n eis ook die ander myne sou beïnvloed en bowendien verwag die direksie ook 'n agtuurskof op Saterdae. (35)

As teenvoeter vir die eis om alle werk op Saterdae om 12:30 nm. te staak, verklaar die maatskappy dat, as die stakers op 11 Junie nog nie teruggekeer het nie, sou hul afgedank en hulle plekke deur stakingverbrekers gevul word. As antwoord hierop het die stakingskomitee verklaar dat hulle in daardie geval sou aandring op 'n algemene staking. (36) Die mynmaatskappye het nou gekombineer en 'n

----------oOo----------

(33) U.G. 55-1913, pp. 12, 13.
(34) Ibid., p. 13.
(35) Ibid.
(36) Cartwright, op.cit., p. 165.

31/ .....

dooie punt is bereik. Die stakers was toe feitlik gedwonge om 'n algemene staking af te kondig, anders het die "scabs" (37) die Kleinfonteinmyn gewerk en hulle, die stakers, het sonder werk gesit. (38)

Vanaf 13 Junie is talle vergaderings gehou waar die toepassing van gewelddadige metodes teenoor "scabs" verkondig is. Die brandwagte (39) van die stakers is bewapen, opruiende toesprake is gehou en die idee van 'n sogenaamde klassestryd is oral verkondig. Teen die 20ste Junie het die stakers reeds 'n dreigende houding ingeneem, die toestand het gespanne geraak en die bevelvoerende offisier van die polisie, kol. Truter, het die magistraat versoek om vergaderings van meer as ses persone te verbied in die strate en op openbare plekke. 'n Veldtog teen "scabs" het gevolg en diegene wat gevang is, is aangehou deur wagte en gedaag voor stakershowe wat vinnige en kwaai strawwe uitgedeel het. Klein bendes van stakers, gelei deur Bain, A. Crawford, Mary Fitzgerald, Mason en andere, het van myn tot myn gemarsjeer en die mynwerkers probeer oorhaal om by die stakers aan te sluit. (40)

Op 22 Junie het verteenwoordigers van die stakingskomitees van die Kleinfonteinmyn, Van Ryn Estates en die Nuwe Modderfonteinmyne 'n onderhoud met genl. Smuts en ander regeringsamptenare gehad. Hulle het geëis dat al die arbeiders op die Kleinfontein- en naburige myne weer in diens geneem word, en dat polisiebeskerming aan myne geweier moes word. (41) Smuts het egter verklaar dat polisiebeskerming verleen sal moet word waar geweldpleging verwag word. (42)

----------oOo----------

(37) Dit is mense wat werk as ander staak. Werkstakingonderkruiper.
(38) U.G. 55-1913, p. 15.
(39) Sg. „pickets."
(40) Walker & Weinbren, op.cit., p. 33.
(41) U.G. 55-1913, p. 14; U.G. 56-1913, p. 27: A18.
(42) U.G. 55-1913, p. 14.

32/ .....

Op 20 Junie is sewe lede van die stakingskomitee gearresteer, maar dit is gevolg deur massaproteste en die Regering is weer oorreed om hul vry te laat. As uitdaging teen hierdie daad van die Regering, is 'n monstervergadering belê op die Benoni-markplein. In die sirkulêre wat in hierdie verband deur die stakingskomitee uitgegee is, is die stakers onder andere versoek om, indien moontlik, gewapend te kom ten einde weerstand te kon bied in geval enige mag teen hulle gebruik sou word. (43) Op 22 Junie het kapt. Kirkpatrick die leiers van die staking meegedeel dat die vergadering nie toegelaat sou word nie. (44)

W. Madeley, Arbeider-L.V. vir Benoni, het toe vir Smuts gevra om toe te laat dat die vergadering kon voortgaan met die belofte dat daar geen geweld sou plaasvind nie. Ondanks besware van die kant van kol. Truter, het die Regering tog toegelaat dat die vergadering voortgaan. (45)

Die vergadering wat op 29 Junie plaasgevind het, het heeltemal ordelik begin, maar later het dit hand uitgeruk en wetsgehoorsame stakingleiers kon nie 'n aanval op die Kleinfonteinmyn verhoed nie. Die berede polisie was egter gereed om die eiendom te beskerm. (46)

(b) Die Algemene Staking.

(i) Die uitbreek van wanorde.

Die uiteindelike gevolge van hierdie vergadering was rampspoedig vir die hele Rand, want daarna het die staking soos 'n veldbrand ver-

----------oOo----------

(43) Walker & Weinbren, op.cit., p. 33 (Appendix A); Thursby Atwell, J.E. The fighting police of South Africa. Pietermaritzburg, Natal Witness, s.j. p. 78; U.G. 55-1913, p. 20.

(44) Thursby Atwell, op.cit., p. 78.

(45) Thursby Atwell, op.cit., p. 78; U.G. 55-1913, p. 21; U.G. 56-1913, pp. 56: B34.

(46) Walker & Weinbren, op.cit., p. 33.

sprei. Die swakste element van Benoni het die hef in die hande gekry en dit was nie lank nie, of die stad was in 'n staat van anargie. (47) Die stakingskomitee het baie mag verkry en persoonlike vryheid is aan bande gelê; permitte waarkragtens bewegings gekontroleer en voorrade uitgereik is, is alleen deur die stakingskomitee uitgereik. Deur hul terrorisme het die stakingskomitee 'n groter morele invloed uitgeoefen as die vrees vir die wet of die magte van die Regering. Die morele mag van die polisie en die Regering is heeltemal oorskadu deur dié van die stakingskomitee. (48)

Op hierdie stadium het die Regering gesien dat die toestand vinnig besig was om hand uit te ruk en die "South African Mounted Rifles" en 'n polisiemag van 1,900 man is na die Rand gehaas. Die stakers het desondanks die verbod op vergaderings van meer as ses persone wat intussen opgelê is, geïgnoreer, en die vergaderings het in grootte en vyandigheid gegroei. Na aanleiding hiervan en om die polisie te versterk, het Smuts die Imperiale troepe opgeroep (49) en 3,000 infanteriste en ruiters is na die Rand gestuur. (50) Hoewel die Regering hierdeur die indruk geskep het dat hy die stakers vyandiggesind is, het die destydse goewerneur-generaal van die Unie, lord Gladstone, Engeland toe gekabel dat die verhouding van die Regering neutraal is. (51) Hierdie optrede van die Regering kan geregverdig word as in aanmerking geneem word dat daar op daardie stadium en nog voor die einde van Junie, reeds 19,000 arbeiders was wat gestaak het, terwyl daar nieamptelik verklaar is dat 'n algemene staking eers op 4 Julie sou begin. (52)

----------oOo----------

(47) U.G. 55-1913, p. 26; Thursby Atwell, op.cit., p. 78.

(48) U.G. 55-1913, pp. 28-31.

(49) Die Regering se eie weermag was nog nie georganiseerd nie. (Sien ook Hancock, op.cit., p. 366.)

(50) Koninklike Dragonders, Potchefstroom; South Staffordshire Regiment, Pretoria.

(51) Walker & Weinbren, op.cit., p. 34.

(52) Gitsham & Trembath, op.cit., p. 36.

34/ .....

Die volgende stap van die stakingskomitee was om 'n massademonstrasie op die Johannesburgse markplein te belê. Op die middag van 4 Julie was daar reeds etlike duisende, 'n rukkie voordat die vergadering sou begin, en op hierdie stadium het die Regering besluit om na aanleiding van die Benoni-insident (53) die vergadering te belet. (54) Krygswet is afgekondig en eenhede van die Aktiewe Burgermag is opgeroep en na die Rand gestuur. Kennisgewings wat die vergadering belet, is ter elfder ure uitgevaardig en oral op die geboue rondom die plein geplak, in weerwil van die feit dat daar reeds etlike duisende byeen was. (55)

Generaal O'Brien (56) is met twee afdelings van die Koninklike Dragonders rondom die plein opgestel, terwyl kol. Truter 'n onderhoud op Marshallplein met enkele lede van die stakingskomitee gehad het. Hulle het heeltemal 'n verstandige houding ingeneem en T. Matthews het beloof om sy bes te doen om die vergadering afgelas te kry. (57)

Teen ongeveer twee-uur het kol. Truter na die markplein gegaan waar drank vryelik gevloei het. (58) Die idee was om die skare aan die gang te hou en om toesprake te vermy. Bain, Morgan en Matthews het tevergeefs probeer om die skare te oorreed om huis toe te gaan, maar die skare is aangehits en opgesweep deur sprekers wat 'n trolliewa as verhoog gebruik het. Toe die polisie probeer het om hierdie trolliewa te verwyder, is hulle met 'n stortreën klippe begroet en twintig minute later het kol. Truter die polisie beveel om te storm. (59)

----------oOo----------

(53) Vergelyk die aanval op die Kleinfonteinmyn, p. 32, hierbo.
(54) U.G. 55-1913, p. 33; Walker & Weinbren, op.cit., p. 34.
(55) Walker & Weinbren, op.cit., p. 34.
(56) Sy voorletters kon nie vasgestel word nie.
(57) U.G. 55-1913, p. 33.
(58) Thursby Atwell, op.cit., p. 80; U.G. 56-1913, p. 290. McKenzie, Vraag 8294.
(59) U.G. 56-1913, p. 100, Mason vrae 2183-2192; U.G. 55-1913, p. 35.

35/ .....

Hierdie stormlope waarteen die stakers hulle verset het, het tog die gewenste uitwerking gehad en die skare het uitmekaar gegaan, maar in die verwarring wat gevolg het, het 'n hele aantal by wapen- en ammunisiewinkels ingebreek en hulleself bewapen. (60) Hierna het die stakers aanslae geloods op die Johannesburgse kragstasie en op Parkstasie, maar die aanslae was nie baie suksesvol nie. (61) Na hierdie mislukkings is daar bemoeienis gemaak met die possakke en die perde wat die postrollies getrek het, se tuie is afgesny. Hierdie groep stakers het egter uiteengegaan nadat die polisie opgedaag het. (62) Hierna het 'n tweede aanslag op Parkstasie gevolg, die stakers het deur die polisiekordon gebreek en verwoesting gesaai en brande gestig. (63) Die kantore van "The Star" was die stakers se volgende mikpunt. Ook dit is aan die brand gesteek en nes die geval by Parkstasie, is die brandweer ook hier verhinder om die toneel te bereik. (64) Tot op hierdie stadium was die polisie nie bewapen nie, maar na laasgenoemde twee insidente is die polisie bewapen. (65)

Aangevuur deur hierdie suksesse, het die stakers ook 'n aanval op die Corner House, die hoofkantore van die mynmaatskappye, geloods. Op daardie stadium het die polisie opdrag gekry om te vuur indien dit nodig blyk te wees. Die stakers het twee waarskuwende sarsies geïgnoreer, maar hulle het teruggeval toe in die derde sarsie drie verwond is. (66) Genl. O'Brien het besef dat die opstand ernstige afmetings begin aanneem en hy het 'n groot aantal dragonders aangesê om die polisie by te staan. Vanaf daardie oomblik het die aktiewe bystand van die militêre magte gedateer, dit wil sê toe versterkings vir

----------cOo----------

(60) U.G. 55-1913, p. 35.

(61) U.G. 55-1913, p. 37; Thursby Atwell, op.cit., pp. 81-82; Cartwright, op.cit., p. 167.

(62) U.G. 55-1913, p. 37; U.G. 56-1913, p. 96.

(63) Vergelyk verder hieroor U.G. 55-1913, p. 38; Thursby Atwell, op.cit., p. 82; Cartwright, op.cit., p. 167.

(64) Cartwright, op.cit., p. 167.

(65) U.G. 55-1913, pp. 38, 39; U.G. 56-1913, p. 171.

(66) Thursby Atwell, op.cit., p. 83; U.G. 55-1913, pp. 39, 40; U.G. 56-1913, pp. 115, 116, Vachell, vrae 2744 tot 2785.

36/ .....

die Regeringsmagte opgedaag het. (67) Hierna het die massa deur die middestad beweeg, karre is omgekeer en trollies is uitgespan en van oral is op die Regeringstroepe gevuur. Die volgende mikpunt van die stakers was die Rand Club, maar ook daardie aanval is afgeslaan na-dat kaptein Leighton (68) die bevel gegee het om te vuur nadat hy self verwond is. (69)

Op daardie stadium het die posisie ontwikkel in 'n vraag wie die beheer oor Johannesburg gaan verkry, die stakers of die Regerings-troepe? (70)

(ii) Die „vredesluiting."

Die toestand het haglik geword en toe die militêre bevelvoerders bekend gemaak het dat hulle nie kon waarborg dat die stad na skemer behou sou kon word nie, het genls. Botha en Smuts besluit om in te gryp. Teen 3:30 nm. op 5 Julie is daar aangekondig dat daar 'n wa-penstilstand sou wees. In die Orange Grove-hotel het Botha aan die verteenwoordigers van die goudmynnywerheid bekend gemaak dat orde al-leen met bloedvergieting herstel kon word, en daartoe was die Rege-ring nie bereid nie. Die verteenwoordigers het ingestem om die skik-king wat die twee generaals kon verkry, te aanvaar. (71)

Hiervandaan het genls. Botha en Smuts na die Carlton-hotel ver-trek waar hulle die leiers van die stakers ontmoet het. Buite die hotel het 'n opstandige massa saamgedrom en die wagte het moeite gehad om hulle in bedwang te hou. Botha en Smuts het letterlik hulle lewens gewaag om deur daardie opstandige massa die gebou binne te

----------oOo----------

(67) Sien ook U.G. 55-1913, p. 40.

(68) Sy voorletters kon nie vasgestel word nie.

(69) U.G. 56-1913, pp. 44-45.

(70) Sien ook U.G. 55-1913, p. 43; Walker & Weinbren, op.cit., p. 35; Thursby Atwell, op.cit., p. 85.

(71) Sien ook Phillips, L. Some Reminiscences. Hutchinson. s.j. p. 220. Die verteenwoordigers was: G. Farrar, Chaplin, G. Imroth en Phillips.

gaan. Die stakingskomitee het ook gesê dat as die soldate buite die hotel eén staker sou dood skiet, die generaals die hotel nie lewendig sou verlaat nie. Te midde van hierdie spannende atmosfeer is die volgende ooreenkoms aangegaan:

(a) Die staking sou dadelik afgelas word, die stakers sou terugkeer na hulle tuistes en verdere onluste sou gestaak word. Geen eiendom sou verder beskadig word nie.

(b) Stakers van die Nuwe Kleinfonteinmyn sou weer in diens geneem word en die Regering sou voldoende kompensasie aan "scabs" betaal; sodanige "scabs" sou nie deur die stakers geviktimiseer word nie.

(c) Die stakers van ander myne sou na hul werk terugkeer en moes aanvaar word namate die werksaamhede op die myne hervat word, en geen viktimisasie sou plaasvind nie.

(d) Die verteenwoordigers van die werkers mog enige verdere griewe aan die Regering voorlê. (72)

(c) Die gevolge van die staking.

Hoewel daar algemene verligting was dat 'n ernstige krisis voorkom is, was die meerderheid van die stakers ontevrede oor die ooreenkoms en deur die stakers se houding is hul leiers daartoe gedwing om te verduidelik dat hul verplig gevoel het om in te stem tot die voorstelle en wel om die volgende redes:

(a) hulle wou die troepe verwyder hê om massamoord te voorkom;

(b) die heraanstelling van die Kleinfonteinmynwerkers was die vernaamste eis van die stakers, terwyl kompensasie aan "scabs" hoofsaaklik die Regering se saak was;

(c) die Regering het beloof om te voorsien in die behoeftes van die stakers wat nie dadelik werk kon vind nie, en ook dat voorsiening gemaak sou word vir die afhank-

----------oOo----------

(72) Sien ook Walker & Weinbren, op.cit., p. 37. Die verteenwoordigers van die stakers wat die ooreenkoms met die Regering aangegaan het, was Andrew Watson, J.T. Bain, Tom Matthews en J. Hindman.

38/ .....

likes van die stakers wat gedood of ongeskik was;

(d) daar is nie aangedring om onmiddellik te voldoen aan die minimum eise van die stakers nie omdat besef is dat die toestand baie ernstig en plofbaar is. (73)

Ondanks bogenoemde verklaring, het die stakers tog gevoel dat hul leiers mislei is deur die Regering. As gevolg van hierdie gesindheid onder die stakers, het die Federasie besluit op 'n algemene staking. Dit sou egter 'n sogenaamde wetenskaplike staking wees wat nie dadelik uitgevoer sou word nie, maar wat as troefkaart gereed gehou sou word. Gebeure het getoon dat so 'n uitgestelde staking bykans net sulke ernstige gevolge op handelsgebied kon hê as 'n werklike staking. (74) Na drie dae is dit egter afgelas en die arbeiderleiers het besluit om hul op vreedsame wyse te beywer vir hulle doeleindes. (75)

Die gevolg van die feit dat die Regering nie in staat was om die staking met geweld te onderdruk nie, was dat die arbeiders onder 'n wanindruk gekom het wat betref die mag van die Regering in sulke gevalle. Die neem van toevlug tot geweld het 'n soort bekoorlike uitwerking gehad op die gemoedere van baie en dit het moeilik begin word om industriële vraagstukke kalm te bespreek. Ondergrondse dissipline in die myne het hewig daaronder gely, en mynamptenare het huiwerig geword om kontensieuse bevele te gee uit vrees vir wat kon volg. Banke het oortrekkings geweier en hulle lenings ingetrek. Besigheidsmense het pessimisties gevoel oor die saak, terwyl mynwerkers en andere in vrees geleef het vir die aanwending van mag en intimidasie om hul te dwing om aan te sluit by vakbonde. (76)

----------oOo----------

(73) Walker & Weinbren, op.cit., p. 38.

(74) Notule van verrigtings van die Volksraad, Pretoria, Staatsdrukker, 1924. deel I, Webber, p. 157.

(75) Sien ook U.G. 21-1914, p. 43.

(76) Sien verder hieroor U.G. 21-1914, p. 12.

39/ .....

Die Departement van Mynwese en Industrieë was gedurig in 'n gespanne toestand en waaksaam oor klein industriële geskille. Ondersoek na klagtes en griewe is bemoeilik deur die gelade toestand van die nywerheidsatmosfeer en die onbuigsame houding wat in talle gevalle aangeneem is. As dreigende agtergrond was die bewustheid steeds daar dat 'n beroep op mag gedurende Julie suksesvol was en dat daar 'n sterk moontlikheid was vir 'n verdere beroep op geweld. Teen hierdie agtergrond moet die laaste helfte van 1913 gesien word wat tegelyk 'n gevolg van die 1913-staking en 'n oorsaak van die 1914-staking was.(77)

3. Die staking van 1914.

(a) Die ontstaan van die staking.

Die dreigende en gespanne toestand wat gevolg het op die beëindiging van die 1913-staking, het sy klimaks aan die einde van daardie jaar bereik. Teen die middel van die Kersnaweek was daar 'n dreigende spoorwegstaking en 'n uitbarsting is op die Witbankse en Natalse steenkoolvelde verwag, terwyl daar weer eens woelinge op die Kleinfonteinmyn was. (78)

Die eerste moeilikheid het ontstaan op die Durban-Navigation-steenkoolmyn na aanleiding van die afdanking van vier lede van die Mynwerkersunie. Op 27 Desember het die steenkoolmynwerkers besluit om te staak ter versterking van hulle eis dat die betrokke vier lede weer in diens geneem moes word; die staking sou terselfdertyd ook gaan om 'n hoër loon vir alle steenkoolmynwerkers. Samesprekings tussen verteenwoordigers van die myneienaars en die werkers te Hatting-

----------oOo----------

(77) Vergelyk verder hieroor U.G. 21-1914, p. 13.
(78) Sien ook U.G. 21-1914, p. 19.

40/ .....

spruit het op 'n mislukking uitgeloop. Daarna het die Mynwerkersunie 'n ultimatum aan die eienaars voorgelê waarin die eise van die stakers vervat is, tesame met 'n dreigement dat telegramme aan H.J. Poutsma, die algemene sekretaris van Nurahs (National Union of Railway and Harbour Servants), gestuur sou word om die spoorwegwerkers te vra om alle treine in Natal sowel as die na die Transvaalse steenkoolmyne, te stop. (79)

Hierdie dreigement moet gesien word teen die agtergrond van die toestand op die spoorweë in daardie tyd. H. Burton, die Minister van Spoorweë, het op Oukersaand 'n skema van afdanking aangekondig wat alleen geskoolde werkers sou raak. 'n Totaal van 75 spoorwegwerkers het dan ook kennis gekry dat hul afgedank sou word. Op 6 Januarie het beamptes van Nurahs 'n onderhoud met die Minister gehad waar hulle geëis het dat die persone wat kennis van afdanking ontvang het, weer in diens geneem moet word en dat daar geen verdere afdankings moes wees nie. Hiertoe was Burton nie bereid nie en dieselfde aand het Poutsma 'n monstervergadering in die stadsaal van Pretoria toegespreek, waar hy verklaar het dat die Uitvoerende Komitee van Nurahs die spoorwegwerkers aanraai om vanaf die oggend van 8 Januarie 1914 te staak. (80)

(b) <u>Die staking self en die onderdrukking daarvan</u>.

Die reaksie op Poutsma se toespraak was besonder gunstig, en op 8 Januarie het die werkswinkels in Johannesburg en Braamfontein feitlik tot stilstand gekom. Die toestand was dieselfde in Pretoria, Germiston, Witbank en Watervalboven, en vandaar het die staking vinnig versprei na die suide. (81)

----------oOo----------

(79) Sien ook U.G. 21-1914, pp. 20-21, 43-44.

(80) U.G. 28-1915, Annual Report of the Department of Justice for the calendar year 1914, p. 123; Gitsham & Trembath, op.cit., p. 40.

(81) U.G. 21-1914, p. 46.

41/ .....

(84) Sien ook U.G. 21-1914, p. 45; U.G. 28-1915, p. 124

Die treine het prakties opgehou loop en daar is gevrees dat Johannesburg se kommunikasie met die kus verbreek sou word en dit sou beteken dat die stad weerhou sou word van belangrike voorrade. Daar was heeltemal genoeg lojale amptenare om die spoorweg aan die gang te hou, maar die probleem was die beskerming van die spoorlyn. Die oggend van 9 Januarie is die Kaapse hooflyntrein naby Denvorstasie opgeblaas, gelukkig sonder enige lewensverlies. Op dieselfde dag is die Aktiewe Burgermag opgeroep en namate die troepe aangeland het, is groter afstande van belangrike spoorlyne bewaak. (82)

Op hierdie stadium was dit nog net die spoorweë wat by die staking betrokke was, maar ten einde te verhoed dat ook ander ambagte betrokke sou raak, het die polisie begin met die arrestasie van die stakingleiers. Die eerste slagoffers van die arrestasieveldtog was B. Andrews, Colin Wade en R. Waterston. (83) Nog onder die indruk van die sukses van die vorige jaar, het die Industriële Federasie op 11 Januarie vergader om te besluit of hulle 'n stemming onder ledebonde sou hou oor die kwessie van 'n algemene staking. Die resultaat van die vergadering was dat daar besluit is om wel 'n stemming onder ledebonde te hou. Met koorsagtige haas is die stemming ook gehou en die uitslag daarvan was ten gunste van 'n algemene staking. Die rede vir die haas van die stemming was dat die Federasie die Regering nie tyd wou gee om te mobiliseer nie, want die staking van 1913 het bewys dat die stakers se kanse op sukses groter was as die Regering onverhoeds oorval sou word. Die aand van 13 Januarie het die Uitvoerende Komitee van die Federasie bekend gemaak dat daar vanaf middernag 'n algemene staking sou wees. (84)

----------oOo----------

(82) U.G. 28-1915, p. 123.
(83) Sien Walker & Weinbren, op.cit., p. 47.
(84) Sien ook U.G. 21-1914, p. 45; U.G. 28-1915, p. 124.

42/ .....

Die Regering het egter in 1913 'n duur les geleer en sou nie weer onvoorbereid betrap word nie. Krygswet is onmiddellik afgekondig en het in werking getree saam met die Federasie se bevel tot 'n algemene staking. Die Regering het nou vinnig opgetree en die volgende dag, 14 Januarie, gaan die arrestasieveldtog voort, maar toe die polisie probeer om twee persone in die vakbondsaal wat die hoofkwartier van die staking was, te arresteer, het die stakers hulle verset en die polisie moes die poging laat vaar. Met die 1913-staking nog vars in die geheue, het die Regering besluit om ferm op te tree. 'n Mag van 4,000 man het die vakbondsaal waarin die Uitvoerende Komitee van die Federasie sitting gehad het, omsingel. Genl. J.H. de la Rey het 'n kanon in die nabyheid van die saal opgestel en dit reg op die saal gerig. Die Uitvoerende Komitee is vyf minute gegee om oor te gee, en toe dit geblyk het dat die Regering ernstig is, het die oorgawe van 32 brandwagte en 11 lede van die Uitvoerende Komitee gevolg. (85)

Prakties was die staking hiermee beëindig, maar G.H. Kendall, die organiseerder van die Geamalgameerde Ingenieursvereniging, het 'n laaste wanhoopspoging aangewend deur die daarstelling van 'n Waarnemende Uitvoerende komitee. Tussen 15 en 21 Januarie is vier manifeste deur Kendall uitgereik waarin die stakers versoek is om vas te staan. Daarna het die Waarnemende Komitee egter ingesien dat alles tevergeefs was, en die staking is finaal afgelas. (86)

Hiermee was die staking iets van die verlede, danksy die snelle en ferme optrede van die Regering wat die opstand in die kiem gesmoor het.

----------oOo----------

(85) Die lede was: A. Watson (voorsitter), J.P. Anderson, J.T. Bain, G. Mason, G. Kretschmar, C. Musared, G. Walmsey, H. Hitchinson, J. Ware, J.C. Williamson en A. Crawford (sekretaris). Sien Walker & Weinbren, op.cit., pp. 51, 52; ook Hancock, op.cit., p. 368.

(86) Vergelyk ook U.G. 21-1914, pp. 21, 45-46; U.G. 28-1915, p. 124.

43/ .....

Op 26 Januarie is die siviele verdedigingsmag en die Komitee van Openbare Veiligheid (87) van hul pligte onthef en die verbod op die verkoop van sterk drank wat op 10 Januarie opgelê is, is op 28 Januarie weer opgehef. (88)

Die belangrikste gevolg van hierdie staking was die verbanning van nege van die stakingsleiers. (89) Creswell se beroep op die howe om 'n interdik het op dowe ore geval. Dit was egter nie die laaste wat van die deportasie gehoor is nie. In die Volksraad het die Arbeidervolksraadslede, (90) gesteun deur die Nasionale Party, heftig weerstand gebied teen die Vrywaringswetsontwerp, maar op 10 Maart is die wet vir die derde keer gelees. (91)

Deur die deportasie van die stakingleiers is hulle dwarsoor die wêreld verhef tot martelare en helde, tot 'n offer wat gelê is op die altaar vir die bevryding van die arbeidermassas. Dit was dus nie heeltemal onverwags toe die bannelinge enkele maande later weer stilweg op die skip, die Umvuti, na Suid-Afrika terugvervoer is nie. Daar is baie gegis oor wat die motief hiervan kon wees, maar die verklaring kan daarin gevind word dat Tom Mann gesê het dat die Seemansunie in Engeland hom meegedeel het dat geen skip na Suid-Afrika sou seil, tensy die bannelinge voor Kersfees terug sou wees in Suid-Afrika nie. (92)

----------oOo----------

(87) Hierdie komitee het bestaan uit burgerlikes en is in die lewe geroep om in samewerking met die owerhede die handhawing van wet en orde te behartig en om noodsaaklike reëlings te tref om die gemeenskap in staat te stel om sy gewone lewe voort te sit met so min moontlike ongerief. Lede van hierdie komitee het daagliks gesit vanaf 10 Januarie tot 26 Januarie 1914, en het besluit oor verslae wat aan hulle voorgelê is deur hul subkomitees. Sien ook U.G. 28-1915, p. 124.

(88) U.G. 28-1915, p. 124.

(89) Die bannelinge was: J.T. Bain, H.J. Poutsma, A. Crawford, R.B. Waterston, W. Livingstone, A. Watson, W.H. Morgan (Sien Walker & Weinbren, op.cit., p. 53.)

(90) Creswell, W. Andrews, T. Boydell, C.H. Haggar, W. Madeley, H.W. Sampson, (Sien Walker & Weinbren, op.cit., p. 54.)

(91) Hierdie debat was 'n voorafskaduwing van die politieke groepering van die twintiger jare: die Unioniste het die Regering gesteun, terwyl die Arbeidersparty en die Nasionale Party die Regering beveg het. (Sien ook Hancock, op. cit., pp. 370-371 Walker & Weinbren, op.cit., p. 55.

(92) Vergelyk ook Hancock, op.cit., p. 372; Walker & Weinbren, op.cit., p. 55.

44/ .....

Na die beëindiging van hierdie staking, het Suid-Afrika, ondanks die Rebellie en die Eerste Wêreldoorlog, 'n betreklik rustige era op industriële gebied betree. Na die stakings van 1913 en 1914 is die Transvaalse Mynwerkersunie uitgebrei en vergroot onder die nuwe naam van die Suid-Afrikaanse Mynwerkersunie, (93), terwyl die Transvaalse Federasie van Ambagte wat die Witwatersrandse Ambags- en Arbeiderraad in 1911 vervang het (94) ook vergroot en uitgebrei is tot die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie wat prakties deur die Kamer van Mynwese in 1915 erken is. (95) Hierdie nuwe liggame sou hulle gedurende die oorlogsjare op vreedsame wyse beywer vir hulle doeleindes. (96)

4. Die Johannesburgse munisipale staking van 1919.

Hoewel die oorlogsjare in Suid-Afrika nie heeltemal stakingsvry was nie, was die stakings almal van 'n minder ernstige aard. Tog het die Johannesburgse munisipale staking in 1919 bewys dat die arbeiders nog gevaarlik kon wees en dat hulle 'n mag was waarmee terdeë rekening gehou moes word.

Die krisis van Maart 1919 het ontstaan toe raadslid A.S. Reed op 'n raadsvergadering verklaar het dat daar te veel arbeiders by die Johannesburgse kragstasie was met die gevolg dat 'n hele aantal leeggelê het. Die gevolg hiervan was dat 'n resolusie gepasseer is ten gunste van die afdanking van 'n aantal werkers by die kragstasie. Terwyl die vergadering aan die gang was, is 'n rapport van wat in die raadskamer plaasvind, aan die arbeiders by die kragstasie oorgedra. Hulle was woedend hieroor en het dadelik hul werk gestaak en geëis dat raadslid Reed apologie moes aanteken en dadelik bedank as voor-

----------oOo----------

(93) Sien Cope, op.cit., p. 146.
(94) Sien hierbo, p. 17.
(95) Official Year Book, nr. 5: 1910-1921, p. 306; nr. 6, 1910-1922, p. 330.
(96) Sien Gitsham & Trimbath, op.cit., p. 43.

45/ .....

sitter van die Trem- en Beligtingskomitee, en dat die raad die resolusie waarkragtens die mense afgedank sou word, moes herroep. (97) Verder is aanbeveel dat die werk gestaak moes word totdat aan hierdie eise gehoor gegee is en dat 'n gesamentlike raad van beheer daargestel moes word om die funksies van die stadsraad oor te neem en die munisipale werkwinkels en dienste te administreer. (98)

Die lede van die Raad van Beheer het opgeruk na die raadskamer waar hulle die stadsraad beveel het om die raadskamer te verlaat. Al die raadslede behalwe die Arbeiderlede het die Kamer verlaat, en J.T. Bain is verkies tot voorsitter en F. Martin tot stadsklerk. Vanuit die voorsitterstoel het Bain verklaar dat die Raad van Beheer nou verantwoordelikheid aanvaar het vir die behartiging van die stad se sake in samewerking met die Arbeiderlede. Vir enkele nagte was Johannesburg in duisternis gehul en daar was geen trems nie, maar daarna het die Raad van Beheer begin funksioneer; die trems het weer begin loop en die munisipale inkomste is by die banke inbetaal. Die toestand het kritiek gelyk en Ministers en die Administrateur het hul na Johannesburg gehaas, Reed het apologie aangeteken, en van die toneel verdwyn, die afdankingsresolusie het verval en 'n gesamentlike raad van raadslede en werknemers is in die lewe geroep om enige verdere toevlug tot direkte aksie te voorkom. (99)

Die sukses van hierdie staking was weer eens daarin geleë dat die arbeiders vinnig en heeltemal onverwags opgetree het. Dit was nie die einde van hierdie soort van blitsstakings nie; vroeg in 1920 het 'n soortgelyke staking in Durban ook suksesvol geëindig. (100)

----------oOo----------

(97) Walker & Weinbren, op.cit., p. 63.

(98) Die lede van die Raad van Beheer was: Bain, V. Lewis, E. Boylan, Waugh, F. Hicks, F. Martin, W. Glendon, A. Matthews, A. Jones, J. Clark, R. Styles, J. Blaker en Way. (Sien Walker & Weinbren, op.cit., p. 63.)

(99) Vergelyk verder hieroor Walker & Weinbren, op.cit., p. 64.

(100) Vergelyk verder hieroor Walker & Weinbren, op.cit., pp. 65-74.

46/ .....

Na die Eerste Wêreldoorlog wat 'n tydelike onderbreking in die stryd tussen arbeid en kapitaal teweeggebring het en wat arbeid die geleentheid tot organisasie gegee het, sou verskeie faktore aanleiding gee tot die hervatting van die stryd wat sou kulmineer in die groot staking van 1922. Hierdie faktore sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

----------oOo----------

HOOFSTUK 3.

DIE OORSAKE VAN DIE 1922-STAKING.

Die oorsake van hierdie staking was baie wydverspreid en kan gerieflikheidshalwe in twee hoofafdelings verdeel word, naamlik die indirekte en die direkte oorsake. Ten einde die direkte oorsake beter te kan begryp, is dit nodig om vooraf die indirekte oorsake te bespreek en aan te toon in hoeverre en tot welke mate hulle, die ekonomiese depressie en die myne van 'n lae ertsgehalte, indirek verantwoordelik was vir die ontstaan van die direkte oorsake van die staking.

1. Die indirekte oorsake.

(a) Die ekonomiese depressie.

(i) Die algemene ekonomiese toestande.

Die ongedekte staatsuitgawes van die verskillende oorlogsvoerende lande het na die Eerste Wêreldoorlog aanleiding gegee tot 'n groot inflasie. (1) Die Vrede van Versailles, 28 Junie 1919, het ook geen voorsiening gemaak vir die ekonomiese rehabilitasie van Europa of die aanpassing van die ekonomiese stelsel van die ou wêreld by die van die nuwe wêreld nie. (2) Die algemene ekonomiese toestande was uiters haglik en die ineenstorting van die betaalmiddele dwarsoor Europa het net soveel ellende veroorsaak as die oorlog self. (3)

----------oOo----------

(1) Wijnholds, H.W.J. Geld, Goud en Goedere. Pretoria, 1953. p. 31.
(2) Keynes, J.M. The Economic Consequences of the Peace. 2nd. ed. Londen, MacMillan and Co., Ltd., 1920. p. 211.
(3) Cartwright, op.cit., p. 196.

48/ .....

Eintlik moes hierdie toestand Suid-Afrika nie geraak het nie. Daar was geen oorlogskade in Suid-Afrika nie en sy oorlogsuitgawes is gedra deur die Britse Regering. Suid-Afrika se grootste verlies was die van mannekrag wat onvervangbaar was in 'n ekonomie wat vinniger uitgebrei het as wat dit geskoolde werkers kon voorsien. Die land se finansies was skynbaar in 'n goeie toestand. Goud was in aanvraag dwarsoor die hele wêreld en op die verre Oosrand het nuwe goudvelde op ontwikkeling gewag. Van hierdie moeilikhede sou Suid-Afrika egter nie uitgesluit wees nie, want die Suid-Afrikaanse ekonomie het in 'n baie noue verband met dié van Brittanje geskakel en toe die na-oorlogse depressie daar posgevat het, het die moeilikhede begin. Die tyd was onvermydelik daar dat goudbetalings laat vaar moes word en Engeland en Suid-Afrika was albei van die goudstandaard af.(4)

Die depressie was direk verantwoordelik daarvoor dat die pryse van lewensmiddele en daarmee saam die produksiekoste die hoogte ingeskiet het. As die goudprys dienooreenkomstig ook gestyg het, sou die toestand heeltemal onder beheer gewees het, maar sedert die begin van 1920 het die goudprys geweldig gefluktueer. (5) Aangehelp deur die verhoogde produksiekoste en die goudprys wat 'n steeds dalende neiging begin toon het, het 'n sekere groep myne, die sogenaamde myne van 'n lae ertsgehalte, teen 'n verlies of 'n geringe wins begin werk. Die voortbestaan van hierdie groep myne was in die weegskaal en hulle moes óf sluit, óf hul produksiekoste aansienlik verlaag. (6) Wat die uiteindelike resultaat van hierdie gekompliseerde toestand was, sal in die volgende paar bladsye uiteengesit word.

----------oOo----------

(4) Ibid.
(5) Sien verder hieroor hieronder, pp. 49-50.
(6) Sien verder hieroor hieronder, pp. 50-54.

(ii) Die goudprys.

Gedurende die oorlogsjare het die goudprys onveranderd gebly op R16.0495 per fyn ons, terwyl die pryse van alle ander lewensmiddele gestyg het. (7) Kragtens 'n ooreenkoms wat in Augustus 1914 met die Bank van Engeland aangegaan is, is alle Suid-Afrikaanse goud deur die Bank van Engeland gekoop teen die standaardtarief van R7.79 per fyn ons. As gevolg van 'n aansienlike styging in produksiekoste (van R1.71 per ton in 1914 tot R2.57 in 1920) is die winsgrens aansienlik verlaag (8) en 'n hele groep myne het teen 'n verlies of 'n uiters geringe wins gewerk. (9)

Op 25 Julie 1919 het bogenoemde ooreenkoms met die Bank van Engeland verstryk en daarmee saam het die verbod op die vrye uitruiling van goud wat as noodsaaklike oorlogsmaatreël opgelê is, verval. Sedert hierdie datum was die verkope van goud prakties gebaseer op die Amerikaanse wisselkoers of valuta. (10) Op daardie stadium was daar 'n premium op goud in terme van die Britse koers. (11) Dit was die begin van wat bekend sou staan as die goudpremium. (12) Hierdie premium was die verskil tussen die vasgestelde prys van goud of die prys wat betaal is deur die lande wat nog aan die goudstandaard vasgehou het, en die prys wat dit op die sterlingmark verkry het. (13) Intussen het die sterlingwisselkoers, dit is die

----------oOo----------

(7) De Kock, M.H. Selected subjects in the economic history of South Africa. 2nd. ed. Kaapstad, Johannesburg, Juta & Co. Ltd., 1920. p. 251.

(8) Cartwright, op.cit., pp. 195-197; De Kock, op.cit., p. 252; Official Year Book, nr. 5, 1910-1921, p. 589.

(9) Sien hieronder, pp. 50-54.

(10) U.G. 34-1920: Report of the Low Grades Mines Commission. p. 11; De Kock, op. cit., pp. 252-253.

(11) De Kock, op.cit., p. 253.

(12) Official Year Book, nr. 5, 1910-1921, p. 589.

(13) Cartwright, op.cit., p. 195.

waarde van die Engelse papierpond in terme van die Amerikaanse goud-dollar, skerp gedaal. Hierdie wisselkoers tussen New York en Londen was 'n betroubare indeks van die mate van depressie van die Britse papierkoers in vergelyking met goud. (14)

Sedert die depressie het die goudprys aansienlik gefluktueer en het dit sy maksimum bereik op 5 Februarie 1920 met 'n prys van R12.74 per fyn ons. Toe die Britse wisselkoers egter verbeter het, het die goudprys gedaal tot R9.76 in die laaste kwartaal van 1921. (15)

En so het die dalende goudprys en die stygende produksiekoste, wat albei veroorsaak is deur die depressie, daartoe aanleiding gegee dat die voortbestaan van 'n hele aantal myne in die weegskaal gekom het. Hierdie onsekere toestand van 'n hele aantal myne was weer daarvoor verantwoordelik dat die goudmynnywerheid 'n sekere vorm van herorganisasie in die nywerheid moes toepas, en hierdie herorganisasie sou hulle weer in botsing bring met die werknemers. Alvorens hierdie botsing bespreek word, is dit nodig om eers aan die myne van 'n lae ertsgehalte aandag te gee.

(b) Die myne met 'n lae ertsgehalte.

(i) Myne wat teen 'n verlies gewerk het.

Die goudmyne was nie alleen 'n belangrike inkomstebron vir Suid-Afrika nie, (16) maar dit was ook die vernaamste werkverskaffer

----------oOo----------

(14) Sien ook De Kock, op.cit., p. 253.

(15) Vergelyk ook Official Year Book, nr. 5, 1910-1921, p. 589-591; De Kock, op.cit., p. 253.

(16) Vir die finansiële jaar, 1/4/20 - 31/3/21, was die totale bedrag ontvang van die goud- en diamantmyne, R10,217,288. (Sien U.G. 31-1922, p. 89; U.G. 40-1921: Department of Mines and Industries, Annual reports of the Secretary for Mines and Industries and the Government Mining Engineer for the calender year ended 31st. December, 1920, p. 99; U.G. 37-1923: Department of Mines and Industries, Annual reports of the Secretary for Mines and Industries and the Government Mining Engineer for the calendar year ended 31st. December, 1922, p. 90.) Aan lone is in 1920 aan blankes uitbetaal R22,094,512. (Sien Official Year Book, nr. 4, 1910-1920, p. 577.)

51/ .....

in die land wat werk verskaf het aan 22,837 blankes en 183,971 nie-blankes. (17) Die toestand van die goudmynnywerheid was egter haglik, hoofsaaklik as gevolg van die teenwoordigheid van 'n hele aantal myne waarvan die ertsgehalte só laag was, dat hulle óf teen 'n verlies, óf teen 'n geringe wins gewerk het. Hierdie myne het bekend gestaan as die myne van 'n lae ertsgehalte en na die oorlog moes drie van hulle sluit, naamlik die Princess Estatemyn (18), die Roodepoort United Mainreefmyn (19) en die Knights Deepmyn. (20) Toe hierdie myne van 'n lae ertsgehalte toegeneem het, het die Regering in 1919 die Lae Ertsgehalte-Mynkommissie aangestel om ondersoek in te stel en verslag te doen oor onder andere die posisie van die goudmyne wat teen 'n verlies gewerk het, of wat 'n geringe wins gemaak het. (21) Hierdie groep wat onder andere bestaan het uit Ginsberg, Durban Roodepoort-, Glencairn-, Primrose-, Luipaardsvlei- en Krugersdorpmyne, en waarvan daar 'n totaal van 21 was, het werk verskaf aan 10,503 blankes en 81,734 nie-blankes, en het goud ter waarde van R2,061,032 per maand geproduseer teen 'n gemiddelde produksieverlies van 6 sent per ton.(22)

Hierdie toestand kan hoofsaaklik daaraan gewyt word dat die produksiekoste as gevolg van die kostevermeerdering van voorrade en materiaal en hoër blanke lone die hoogte ingeskiet het. Ander faktore wat bygedra het tot hierdie produksieverlies, was die feit dat die beskikbare Bantoes wat ondergronds kon werk, slegs 70% van die aanvraag was en dat die vermindering van die aantal werksure van blankes, daartoe aanleiding gegee het dat ook die produksie van

----------oOo----------

(17) Vergelyk ook Official Year Book, nr. 4, 1910-1920, p. 579.

(18) Sien verder hieroor, U.G. 39-1920: Report of the Committee of Inquire appointed to inquire into the closing down of the Princess Estate Mine, p. 5.

(19) Sien verder hieroor, U.G. 51-1920: Report of the Committee of Inquire into the closing down of the Roodepoort United Main Reef Gold Mining Co. Ltd., p. 4.

(20) Sien verder hieroor, U.G. 63-1920: Report of the Committee of Inquire into the closing down of the Knights Deep Ltd., p. 4.

(21) U.G. 43-1920, p. 5.

(22) Vergelyk ook U.G. 34-1920, p. 6; verklaring van minister Malan in hierdie verband soos gepubliseer in South African Mining Review, Januarie, 1918, p. 7.

52/ .....

Bantoes ondergronds verminder het, omdat hulle werktyd ook verminder is. Kragtens mynregulasies mog die Bantoes nie hulle werksplekke ondergronds betree het alvorens dit geïnspekteer en beveilig is deur hul blanke skofbaas nie. Aan die einde van die skof moes hulle die werksplekke weer voor die blankes verlaat. Dit het daartoe meegewerk dat die skof van die Bantoes gedurende weeksdae slegs vyf in plaas van agt uur was. (23) Afgesien van hierdie verhoogde produksiekoste, het die nuwe mynteringwet die ekonomiese verpligtinge van die goudmynnywerheid met 'n verdere R4,600,000 per jaar verhoog. (24)

(ii) <u>Die rol van die myne van 'n lae ertsgehalte as oorsaak van die staking</u>.

Nie alleen die myne van 'n lae ertsgehalte nie, maar die hele goudmynnywerheid se voortbestaan was dus in gevaar, maar op 24 Julie 1919 het daar tydelik redding gekom toe die goudprys skielik begin styg het. (25) As die goudprys egter weer sou daal tot R10 per fyn ons, sou 16 myne wat werk verskaf het aan 5,800 blankes teen 'n verlies werk; as die goudprys sou daal tot R9, sou 26 myne met 12,000 blankes teen 'n verlies werk, terwyl 31 myne met 14,400 blankes teen 'n verlies sou werk as die goudprys weer normaal sou word, naamlik R8.50. (26)

Die goudmynnywerheid was voorwaar in 'n onbenydenswaardige posisie. Ten einde die sluiting van 'n groot aantal myne te voorkom, moes die produksiekoste noodwendig verlaag word. Aan die koste-

----------oOo----------

(23) Vergelyk verder hieroor, U.G. 34-1920, pp. 6, 19, 25-26.

(24) Wet 40/1919. Vergelyk ook Official Year Book, nr. 4, 1910-1920, p. 353; U.G. 34-1920, p. 8.

(25) Vergelyk verder hieroor, Official Year Book, nr. 5, 1910-1921, pp. 589-591.

(26) Sien ook South African Mining & Engineering Journal, 27/8/21, p. 1730; U.G. 34-1920, p. 14.

53/ .....

vermeerdering van voorrade en materiaal kon niks gedoen word nie, en die lone kon alleen verlaag word as die nywerheid bereid was om die risiko van 'n staking te loop, iets wat op daardie tydstip noodlottig kon wees vir die nywerheid. Die enigste alternatief was om van goedkoper arbeid gebruik te maak, maar ook hier was die risiko van 'n staking groot, en bowendien het die mynregulasies 'n hele aantal beroepe vir blankes gereserveer. (27) Hierdie beroepsverskansing vir blankes, of, soos dit gedurende die staking veral genoem is, die kleurskeidslyn, sou die kern van die hele stryd wees. (28)

Na 'n deeglike ondersoek het die Lae Ertsgehalte-Mynkommissie dan ook tot die gevolgtrekking gekom dat die wettige beperkings op die nie-blankes opgehef moes word. Die beroepsverskansing of die kleurskeidslyn sou nog netso doeltreffend wees as gevolg van die gewoonte, die openbare mening van die vakbonde. Werkverskaffing aan Bantoes in halfgeskoolde en ongeskoolde beroepe sou die weg open vir meer geskoolde blankes. So sou die grenslyn meer elasties wees en dit kon dan gewysig word deur onderlinge ooreenkoms tussen die werkgewers en die werknemers om die omstandighede van die betrokke geval tegemoet te kom. (29)

In hierdie bevinding van die bogenoemde kommissie het die goudmynnywerheid die oplossing van sy vraagstuk gesien. Met die toestand van die ekonomiese wêreld op daardie tydstip heeltemal buite

----------oOo----------

(27) Hoofstuk XXVIII, Deel IV, Regulasie 285 het bepaal dat bevoegdheidsertifikate alleen aan blankes in Transvaal en die Vrystaat toegeken mog word en sodanige sertifikate wat in ander provinsies toegeken is, sou ongeldig wees in Tvl. en die O.V.S. Gewoonte en gereelde aanslae van die vakbonde het hierdie prerogatief van die blankes aansienlik uitgebrei. In die regulasies is 'n lys van 51 beroepe, insluitende amptenare, gegee. In 32 daarvan wat 7,057 blankes betrek het, is werkverskaffing aan blankes deur die regulasies voorgeskryf, maar nie in die ander 19 met 4,020 blankes nie. Tog is die kleurlyn op lg. beroepe netso streng gehandhaaf. (Sien U.G. 34-1920, p. 27.)

(28) Sien hoofstukke 4, pp. 92 tot 93.

(29) U.G. 34-1920, p. 29.

54/ .....

rekening gelaat, het die arbeiders hulle verset teen enige poging tot opheffing van die kleurskeidslyn of beroepsverskansing vir blankes. In hierdie verset het die arbeiders hulle meer beroep op die status quo-ooreenkoms (30) as op die mynregulasies en hulle het die veldtog van die goudmynnywerheid gesien as 'n aanslag op die voortbestaan van die blanke arbeider in Suid-Afrika. In hierdie beskouing van sake is hulle aangevuur deur ekstremiste wat uiteindelik daarvoor verantwoordelik was dat hierdie meningsverskil tussen die arbeiders en hulle werkgewers sou ontaard in die bloedigste burger-oorlog wat Suid-Afrika nog gesien het. (31)

(2) Die direkte oorsake.

Ten einde die direkte oorsake in die regte perspektief te sien, moet dit gesien word teen die breëre agtergrond van die bogemelde indirekte faktore.

(a) Die goudmyne.

(i) Die Langlaagtestaking van 1921.

Eintlik was hierdie staking nie 'n direkte oorsaak van die 1922-staking nie, maar dit word hier behandel omdat die gevolge daarvan verreikend van aard en wel direk verantwoordelik was vir die rewolusionêre wending wat die staking van 1922 geneem het. (32)

Hierdie staking op die Langlaagtemyn het vroeg in 1921 plaasgevind en het kortliks soos volg ontstaan. Daar was talle beskuldigings teen 'n sekere Langley, 'n skofbaas van die Wes-skagseksie. Hy

----------oOo----------

(30) Sien hierbo, hoofstuk 1, p. 12.
(31) Sien hieronder, hoofstukke 4 en 5.
(32) Sien hoofstuk 5, pp. 107-122, hieronder.

55/ .....

was ook lid van die Mynwerkersunie, maar toe hy voor die Fordsburg-tak van die Mynwerkersunie gedaag is ten einde op die beskuldigings te antwoord, het hy geweier om te verskyn. Die gevolg van sy weiering was dat die betrokke tak sy afdanking geëis het. Toe die bestuur geweier het om hieraan gehoor te gee, het die arbeiders besluit om te staak. (33) Percy Fisher en E. Shaw, twee geswore Sosialiste,(34) was in beheer van die Langlaagtestaking, maar nie tevrede met 'n staking op die Langlaagtemyn alleen nie, het hulle heeltemal op eie inisiatief op 7 Februarie 1921 'n algemene staking afgekondig. As gevolg van opruiende toesprake en intimidasie het dit nie lank geduur voordat die volgende myne onder andere, in die algemene staking betrokke geraak het nie, naamlik Randfontein Estates, West Rand Consolidated, Aurora West, Crown Mines, City Deep, Nourse Mines, Ferreira Deep, Village Deep, Robinson Deep en die Robinsonmyn. (35)

Volgens die konstitusie van die Mynwerkersunie mog sodanige algemene staking alleen deur die Algemene Raad van die Mynwerkersunie gemagtig word en dit het in hierdie geval beslis nie gebeur nie. (36) Die Uitvoerende Komitee van die Mynwerkersunie het die optrede van die Fordsburgse stakingskomitee, naamlik die uitbreiding van die Langlaagtestaking na ander myne, ten strengste afgekeur. Hierdie verklaring van die bestuur van die Mynwerkersunie het die kiem van verdeeldheid in eie geledere gesaai, en deur sy verdere optrede in verband met die uitbreiding van die Langlaagtestaking, het die

----------oOo----------

(33) The Star, 29/1/21. As gevolg van 'n staking op die City Deep-myn in 1919 het die Kamer van Mynwese en die Mynwerkersunie ooreengekom dat laasgenoemde boetes sou oplê op lede wat teenstrydig met hul wense optree, en indien hul sou besluit dat sodanige lid afgedank moes word, moes die mynbestuur 14 dae kennis van sodanige besluit gegee word, waartydens die bestuur sou besluit wat om te doen. In die Langlaagte-geval is geen sodanige kennis gegee nie. (Sien The Star, 21/1/21.)

(34) Lede van die latere Raad van Aksie wat beheer sou verkry oor die rewolusionêre deel van die 1922-staking. Sien hoofstuk 5, pp. 107-122, hieronder.

(35) The Star, 7/2/21; De Volkstem, 8/2/21 en 11/2/21.

(36) Verklaring van W.S. Lewis, president van die Mynwerkersunie, soos gerapporteer in The Star, 7/2/21.

56/ .....

skeuring in gematigde en ekstremistiese seksies sy finale beslag gekry. Die bestuur van die Mynwerkersunie het naamlik 'n algemene stemming onder die mynwerkers gehou en die uitslag was teen 'n algemene staking. Hierop het die bestuur van die Mynwerkersunie bevel gegee dat alle stakers, behalwe die Langlaagte-groep, hulle werk moes hervat. (37) Later egter is ook die Langlaagte-groep beveel om hul werk te hervat en aansoek te doen vir 'n verwysingsraad om die geskil te ondersoek. (38) Hierna het die Mynwerkersunie 'n geregtelike komitee (39) aangestel om ondersoek in te stel na die oorsprong en verspreiding van die Langlaagte-staking. (40)

Die belangrikste gevolg van hierdie staking is geleë in die strawwe wat die Mynwerkersunie op grond van die bevindings van bogenoemde geregtelike komitee opgelê is. E.S. Hendrikz en G. de Meillon is naamlik berispe vanweë hul aandeel in die verspreiding van die staking, terwyl E. Shaw, P. Fisher, J. Wordingham, ene McDermid, H. Spendiff en F. Mason se lidmaatskap van die Mynwerkersunie opgeskort is. (41) Hierdie groep geskorste lede was almal lede van die Raad van Aksie wat na die Langlaagte-staking tot stand gekom het en wat hom tydens die 1922-staking sou beywer om deur middel van geweld sy doeleindes te bereik. Omstandighede sou meewerk om hierdie troep in staat te stel om gedurende 1922 die beheer oor die staking te neem. (42) Hierdie Langlaagte-staking en die verspreiding daarvan is 'n bewys dat die arbeiders bloot impulsief gehandel het sonder om die implikasies van enige staking op 'n reeds kwynende nywerheid te besef. Van hierdie optrede was die 1922-staking 'n blote herhaling.

----------oOo----------

(37) The Star, 14/2/21; De Volkstem, 15/2/21en 18/2/21.

(38) The Star, 17/2/21.

(39) Die lede was: adv. O. Pirow, adv. Lukas, R. Patterson, (senior vise-president v.d. Federasie), A. Crawford (sekr. v.d. Federasie), W.H. Andrews (Ingenieursvereniging), F. Hicks (voors. van die Tremweëkomitee) en ene Shuttleworth (Dpt. Bounywerheid van die Federasie). (Sien The Star, 19/2/21.)

(40) The Star, 19/2/21.

(41) The Star, 15/7/21.

(42) Sien verder hieroor, hoofstukke 4 en 5, hieronder.

57/ .....

(ii) Die voorgestelde loonsvermindering.

Gedurende 1921 het die ekonomiese krisis waarin Suid-Afrika hom reeds sedert die einde van die Eerste Wêreldoorlog bevind het, verererger. Die Regering het reeds voorgestel dat die oorlogsbonusse van staatsamptenare binne 12 maande moes wegval. (43) Die Daggafonteinmyn was reeds gesluit (44) en die posisie van die Luipaardsvlei (45) en die E.R.P.M.-myn (46) het gevaarlik geraak. In sy jaarverslag het die Inspekteur van Myne van Krugersdorp, onder andere gemeld dat die meeste myne in sy distrik myne van 'n lae ertsgehalte was. (47) Produksiekoste het hoog gebly en daar was talle klagtes oor die ondoeltreffendheid van die blanke mynwerker. (48)

Ten einde die ekonomiese krisis waarin die goudmynbedryf hom bevind het die hoof te kon bied, het daar op 27 Mei 'n konferensie plaasgevind tussen afgevaardigdes van die Suid-Afrikaanse Industriele Federasie en die Kamer van Mynwese oor 'n moontlike loonsvermindering. Die Kamer van Mynwese se aansprake op 'n loonsvermindering van 30 sent per skof was gebaseer op die feit dat die lewenskoste in April 1921 slegs 38.4% bokant die 1914-standaard was in vergelyking met 57% in Oktober 1920. H.O. Buckle, die voorsitter van die Kamer van Mynwese, het verklaar dat die vermindering vir werktuigkundiges nie in werking sou tree voor die begin van 1922 nie, terwyl die vermindering vir ander werkers geldig moes wees vanaf 1 Julie 1921. (49)

----------oOo----------

(43) The Star, 29/3/21; De Volkstem, 10/5/21.
(44) The Star, 6/5/21.
(45) The Star, 14/5/21.
(46) The Star, 20/5/21.
(47) Sien verder hieroor, U.G. 40-1921, p. 102; South African Mining & Engineering Journal, 17/9/21, p. 56.
(48) Vergelyk ook U.G. 40-1921, pp. 104, 107; South African Mining & Engineering Journal 17/9/21, p. 56.
(49) The Star, 28/5/21.

58/ .....

Nadat die afgevaardigdes dit egter oorweeg het, het hulle aan die Gesamentlike Uitvoerende Komitees aanbeveel dat daar geen regverdiging vir die voorgestelde vermindering was nie. (50) Hierdie weiering van die woordvoerders van die arbeiders om die voorgestelde loonsvermindering te aanvaar, was die begin van 'n lang en uitgerekte reeks konferensies tussen verteenwoordigers van die werkgewers en die werknemers in die goudmynnywerheid oor die kwessie van besnoeiing van die produksiekoste.

Teen die einde van Junie 1921 het die assistent-sekretaris van die departement van arbeid van die Kamer van Mynwese, J. Boyd, die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie weer uitgenooi vir 'n verdere konferensie oor die voorgestelde loonsvermindering. (51) Die konferensie het plaasgevind en op 5 Julie het die Kamer van Mynwese 'n konsessie gemaak, naamlik dat die vermindering van 15 sent per skof aanvaar moes word vanaf 1 Augustus. (52) Na aanleiding van hierdie voorstel het die subkomitee van die departement mynnywerheid van die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie onder andere bekend gemaak dat hul bereid is om by die vakbondlede aan te beveel om 'n vermindering of verhoging van lone met 5 sent per dag te aanvaar vir elke verlaging of verhoging van die lewenskoste met 7½%. Verder moes die lone kwartaalliks aangepas word en wel op die syfers van die vorige kwartaal. (53) Hierdie laasgenoemde twee voorstelle is deur die Kamer van Mynwese aanvaar, (54) en hulle het bekend gemaak dat lone vanaf 1 Augustus met 15 sent per skof verminder sou word. (55) Gesien in die lig van die ekonomiese krisis waarin die goudmynnywerheid

----------oOo----------

(50) The Star, 4/6/21.
(51) The Star, 29/6/21.
(52) The Star, 7/7/21; Der Deutsch Afrikaner, 28/7/21, p. 18.
(53) The Star, 15/7/21.
(54) The Star, 22/7/21.
(55) Der Deutsch Afrikaner, 28/7/21, p. 15.

59/ .....

hom op daardie stadium bevind het, en deur die feit dat die lewenskoste op daardie tydstip 19% laer was as vir die ooreenstemmende tydperk van 1920, was die 15 sent per skof loonsvermindering heeltemal geregverdig. Tog het die Vergrote Uitvoerende Komitee in weerwil van die voorstel van die subkomitee van die departement mynnywerheid van die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie, beswaar aangeteken teen die 15 sent loonsvermindering en verklaar dat hulle 'n stakingstemming sou hou oor die aanvaarding al dan nie van die voorgestelde vermindering. (56) Ondanks die feit dat die meerderheid arbeiders ten gunste van 'n staking gestem het, het die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie tog in Augustus besluit om die voorstel van die Kamer van Mynwese te aanvaar. (57)

(iii) Die wysiging van die regulasies.

Aan die einde van 1921 het dit duidelik uit die gestadigde daling van die goudpremie geblyk dat alleen 'n drastiese ekonomisering die vroegtydige sluiting van 24 van die 39 myne van 'n lae ertsgehalte met 'n produksiekoste van hoër as die normale goudprys, naamlik R8.40, sou voorkom. (58)

As gevolg van die erns van die toestand het die Regering besluit om tussenbeide te tree en op 4 November het 'n konferensie tussen die Premier en die Minister van Mynwese aan die een kant, en verteenwoordigers van die Mynwerkersunie aan die ander kant, plaasgevind met die doel om uitvoering te gee aan enkele aanbevelings van die Lae Ertsgehalte-Mynkommissie wie se belangrikste oogmerk vir

----------oOo----------

(56) The Star, 25/7/21.

(57) Alle toekomstige reëlings van lone sou geskied volgens 'n skaal wat min of meer tred sou hou met die styging of daling van die lewenskoste, dit wil sê, in plaas van 'n vermeerdering van R8 sou daar 'n vermeerdering van 35 sent per skof wees vir die eerste 21% styging in lewensduurte, d.w.s., 21% bo die vlak van 1914 - en 'n verdere vermeerdering van 5 sent per skof vir elke 4% styging bo 21% totdat 57% wat gelyk is aan 80 sent, bereik sou word. Hierdie skaal is alleen van toepassing op vermeerderings tussen 35 en 80 sent; van die 35 sent word niks verminder nie, hoe die lewenskoste ookal daal of styg. Lone sou elke drie maande in hersiening geneem en bereken word volgens die opgaaf van die Direkteur van Sensus vir die laaste kwartaal. (Sien De Volkstem, 9/8/21; The Star, 5/8/21.)

(58) Sien verder hieroor, pp. 52-54 hierbo.

60/ .....

'n doeltreffender gebruikmaking van die ondergrondse Bantoearbeid was. Dit het sekere wysigings van die mynregulasies vereis ten einde dit moontlik te maak om die werksplekke te inspekteer voor en onafhanklik van die werkploeg, sodat wanneer die werkploeg afdaal, die myn in 'n posisie sou wees om onmiddellik met die werk te begin sonder enige tydsverlies weens inspeksie, en gevolglik 'n volle skof te werk.(59) Die Premier, generaal J.C. Smuts, het aan die konferensie 'n omvangryke verslag aangaande die posisie van die goudmynbedryf waarin hy nadruk gelê het op die erns van die posisie, voorgelê. Hy het by hulle aangedring om 'n billike wysiging van die regulasies te aanvaar ten einde die werkskapasiteit van die Bantoes te verbeter. Die hele konferensie het op die rotse geloop toe E.S. Hendrikz, die algemene sekretaris van die Mynwerkersunie, die weglating van die woord „persoonlik" (60) in die regulasies beskou het as 'n inbreuk op die kleurskeidslyn, en gedreig het met die afkondiging van 'n staking indien die betrokke woord weggelaat sou word. (61) Hierdie onversetlikheid van Hendrikz om die voorgestelde wysiging van die regulasies te aanvaar, het duidelik getoon hoe gevoelig die mynwerkers was oor die kwessie van beroepsverskansing vir blankes, of te wel die kleurskeidslyn. Hierdie onversetlikheid van die mynwerkers was heeltemal begryplik, maar aan die ander kant was die pogings van die goudmynbedryf om deur middel van hierdie en ander wysigings die goudmynbedryf van ondergang te red, ewe begryplik. Die staking van 1922 sou moes bepaal na watter kant toe die pendule sou swaai.

----------oOo----------

(59) Sien verder hieroor U.G. 31-1922, p. XII:, Vergelyk ook p. 6 hierbo.

(60) Regulasie 106(7)(a) het bepaal dat 'n blanke mynwerker „persoonlik moes toesig hou by die beveiliging van werksplekke." (Sien Der Deutsch Afrikaner, 10/11/21, pp. 25, 26; South African Mining & Engineering Journal, 19/11/21, p. 392.

(61) The Star, 7/11/21, pp. 7,4.; De Volkstem, 8/11/21. Sien ook Der Deutsch Afrikaner, 10/11/21, pp. 25, 26; South African Mining & Engineering Journal, 19/11/21, p. 392.

61/ .....

Toe hierdie bogenoemde konferensie nie tot 'n besluit kon kom nie, het Hendrikz voorgestel dat 'n konferensie tussen die Kamer van Mynwese en die Mynwerkersunie in hierdie verband gehou moes word onder voorsitterskap van die Minister van Mynwese. Hierdie konferensie het op 10 November plaasgevind en na heelwat besprekings is ooreengekom om die verskillende voorstelle te verwys na 'n subkomitee bestaande uit twee lede elk van die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie, die Mynwerkersunie, die Kamer van Mynwese en die Regering. (62) Generaal Smuts wat die voorsitter van hierdie subkomitee was, het nadruklik verklaar dat dit nie die bedoeling van die Regering was om hom met die kleurskeidslyn te bemoei nie. (63) Blykbaar het hierdie verklaring van die Premier die gewenste uitwerking gehad want die regulasies is sodanig gewysig dat dit bepaal het dat, alvorens enige skof sou begin, moes die skofbaas reeds daarvoor gesorg het dat die werkplek veilig is. (64)

(iv) Die finale voorstelle van die Kamer van Mynwese.

Ondanks die feit dat die lone verminder en die regulasies gewysig is, (65) is die ekonomiese posisie van die myne van 'n lae ertsgehalte geensins verbeter nie, veral omdat die goudprys nog steeds 'n dalende neiging getoon het. (66) Op 8 Desember 1921 het J. Boyd 'n brief aan die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie gestuur waarin die Kamer van Mynwese se skema om die nywerheid te red, bekend gemaak is. Hierdie skema het neergekom, eerstens op

----------oOo----------

(62) Sien ook U.G. 31-1922, p. XII; South African Mining & Engineering Journal, 19/11/21, p. 392; The Star, 8/11/21 en 11/11/21; De Volkstem, 15/11/21.

(63) Vergelyk ook U.G. 31-1922, p. XIII; Die Burger, 20/1/22; De Volkstem, 17/1/22.

(64) South African Mining & Engineering Journal, 19/11/21, p. 392.

(65) Vergelyk hierbo, pp. 57-61.

(66) Vergelyk Official Year Book, nr. 6, 1910-1922, p. 589; ook die verklaring van sir E. Wallers van die Kamer van Mynwese, naamlik dat die restriksies van die vakbonde die bestuur van die myne bemoeilik het. (Sien U.G. 31-1922, p. XII; ook The Star, 11/11/21; De Volkstem, 15/11/21.)

'n wysiging van die ondergrondse kontrakte, tweedens, die herroeping van die status quo-ooreenkoms (67) en derdens, die herreëling van die ondergrondse werk. (68)

Na aanleiding van hierdie brief het daar 'n verdere konferensie tussen verteenwoordigers van die Kamer van Mynwese en die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie plaasgevind. H.O. Buckle, van die Kamer van Mynwese, het die volgende na aanleiding van die bogenoemde voorstelle verduidelik. Kontrakteurs het 'n gemiddelde loon van R132 per maand ontvang teenoor R76 vir dagloners wat prakties dieselfde werk gedoen het. Hy het 'n stelsel voorgstel waar kontrakteurs per voet of vadem betaal sou word, maar waarby hul onkoste nie ingesluit sou word nie. Ten opsigte van die status quo-ooreenkoms het hy voorgestel dat die gemelde ooreenkoms alleen op geskoolde beroepe van toepassing moes wees. Wat die laaste voorstel aanbetref, het hy verklaar dat die mynbesture vry moes wees om die werk ondergronds self te reël sonder inmenging van die "one man onejob"-beginsel. Daar moes weggedoen word met sodanige beperkings. (69)

Ten opsigte van die eerste en die laaste voorstelle het Hendrikz van die Mynwerkersunie gesê dat daaroor deur die betrokke werkers self besluit moes word; hy het egter volstrek geweier om die voorstel rakende die status quo-ooreenkoms, te bespreek. (70)

Hendrikz se weiering om die status quo-ooreenkoms te bespreek, moet gesien word in die lig daarvan dat die betrokke ooreenkoms beskou is as die Magna Charta van die blanke arbeider se posisie

----------oOo----------

(67) Sien verder hieroor, hoofstuk 1, p. 13, hierbo.

(68) Vergelyk ook South African Mining & Engineering Journal, 17/12/21, pp. 545-546; Der Deutsch Afrikaner, 12/1/22, p. 19; The Star, 8/12/21.

(69) The Star, 15/12/21.

(70) Vergelyk ook South African Mining & Engineering Journal, 24/12/21, p. 584; The Star, 15/12/21.

63/ .....

in die goudmynbedryf in Suid-Afrika. Verval die ooreenkoms, kon dit beteken dat die ongeskoolde en halfgeskoolde blanke arbeider met 'n hoër loon op die arbeidsmark sou moes kompeteer met die nie-blanke met sy aansienlike laer loon. Wat die uitslag van so 'n kompetisie sou wees, was heeltemal vanselfsprekend. Die Kamer van Mynwese het in daardie krisistyd die ooreenkoms gesien as een van die grootste struikelblokke in die weg van die redding van die myne van 'n lae ertsgehalte. Aan Buckle se verklaring, naamlik dat die herroeping van die ooreenkoms oor 'n tydperk van maande hoogstens 2,000 blankes sou raak, terwyl 10,000 geraak sou word deur die sluiting van 24 myne van 'n lae ertsgehalte, (71) het die arbeiders geen waarde geheg nie. 'n Gees van wedersydse wantroue het alle onderhandelings en konferensies in hierdie verband laat misluk; magteloos het die twee groepe afgestuur op 'n openlike botsing. (72)

Op 28 Desember het die Kamer 'n brief aan die Federasie geskryf waarin, kragtens die Wet op Voorkoming van Industriële Geskille, een maand kennis gegee word van hul plan om die status quo-ooreenkoms op 1/2/22 af te skaf en die kontrakstelsel opnuut te hersien, onderhewig aan die resultaat van enige onderhandelings wat die werkers inmiddels mog bereik. (73) Die brief is deur die Federasie as 'n ultimatum beskou afskoon die Kamer verklaar het dat dit nie die bedoeling was nie, maar dat dit as gevolg van die plotselinge daling van die goudpremie absoluut noodsaaklik was om 'n definitiewe stap te doen tot reorganisasie met die oog daarop om die eksploitasiekoste te verlaag, dat hierdie kennisgewing van die Kamer geskied het om die Kamer in die wetlike posisie te plaas tot uitvoering van sy voorstelle in geval die onderhandelings

----------oOo----------

(71) Sien ook South African Mining & Engineering Journal, 17/12/21, pp. 545, 546. Vergelyk ook die grafiek in bylaag A.

(72) Sien hoofstukke 4 en 5, pp. 76-94 en 103-122 onderskeidelik hieronder.

(73) Vergelyk ook U.G. 31-1922, p. XIII; The Star, 29/12/21.

64/ .....

binne 'n redelike tyd op niks sou uitloop nie. Daar is op gewys dat verdere uitstel tot resultaat sou hê die sluiting van 'n aantal myne met tussen 6,000 en 10,000 geskoolde en ongeskoolde blankes en 'n enorme verlies vir die gemeenskap deur die staking van werksaamhede en die opgee van 'n groot hoeveelheid erts van 'n lae gehalte, terwyl nadruklik verklaar is dat die afskaffing van die status quo-ooreenkoms hoogstens 1,000 tot 2,000 blankes oor 'n hele paar maande sou raak. (74)

Moeilikhede het ook gedreig op die Transvaalse steenkoolmyne, in die Victoria Falls Power Company en die Ingenieurs- en Metaalgietersvereniging. (75) Aan die einde van 1921 het 'n belangrike konferensie plaasgevind tussen verteenwoordigers van die vakbonde wat betrokke was in die goudmyne, die steenkoolmyne, die V.F.P.C. en die stad se Ingenieurswerkwinkels. Daar is besluit om die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie met een lid van elke vakbond se Uitvoerende Komitee te vergroot. Verder is daar besluit om 'n stemming te hou vir staking en die volgende vyf besware is geformuleer; tensy hieraan voldoen sou word, sou al die arbeiders van die betrokke nywerhede hul werksaamhede staak:

(a) die weiering van die steenkooleienaars om te arbitreer; (76)

(b) die Kamer van Mynwese se dreigement om blankes te vervang met goedkoop nie-blankearbeid;

(c) die wysiging van die ondergrondse toestande en die kontrakstelsel;

(d) die weiering van die V.F.P.C. om verder te onderhandel oor minimum basiese lone; (77)

(e) die dreigende verbreekte ooreenkoms en loonsvermindering van die stad se Ingenieurswerkwinkels. (78)

Alle arbeiderorganisasies is versoek om gereed te wees vir 'n simpatieke staking wanneer hulle daarom gevra sou word. (79)

----------oOo----------

(74) Vergelyk ook U.G. 31-1922, p. XIII; De Volkstem, 17/1/22; Die Burger, 20/1/22.

(75) Sien hieronder, pp. 65-71.

(76) Sien hieronder, pp. 67-70.

(77) Sien hieronder, pp. 65-67.

(78) Sien hieronder, pp. 70-71.

(79) The Star, 31/12/2.

65/ .....

(b) Die Victoria Falls Power Company. (V.F.P.C.).

Hierdie maatskappy en die daaraan ondergeskikte Rand Mines Power Supply Co., het krag en saamgeperste lug aan byna alle goudmyne aan die Rand gelewer. Alle munisipaliteite binne die leweringsgebied met die uitsondering van Johannesburg, is ook van krag voorsien. Ook 'n groot aantal nywerheidsondernemings het hul krag van die maatskappy verkry wat 5 stasies gehad het te Roshville, Vereeniging, Robinson, Brakpan en Simmer Pan. In 1919 het die maatskappy vakbonde formeel erken en ooreengekom dat die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie die medium van onderhandeling sou wees. (80)

Op 10 Maart het die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie 'n lys van eise om hoër lone aan die maatskappy voorgelê. Konferensies op 4 en 7 April het tot gevolg gehad dat minimumlone vir geskoolde werktuigkundiges vasgestel is op 25c per uur wat ook die minimum loon was vir geskoolde werktuigkundiges op die myne. Op daardie maksimum is lone vir ander grade vasgestel. Gedurende November 1919 het die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie en die Kamer van Mynwese onderhandel oor die kwessie van konsolidering van toelaes wat van tyd tot tyd aan werknemers toegestaan is as gevolg van die stygende lewenskoste. Die V.F.P.C. het bekend gemaak dat hulle sal inval by enige beslissing van die Kamer van Mynwese in hierdie verband. Die gevolg was 'n konsolidering van die toelae in 'n vaste bedrag van 80c per dag of R20.80 per maand wat toegevoeg is by die destydse basiese lone. (81)

Vanaf 1 April sou die voorregte van 1917, naamlik halwe loon in geval van siekte en R4.75 huishuurtoelae na vyf jaar diens, R7.12½ na 7½ jaar en R5.50 na 10 jaar diens, verval. Dit het aanleiding gegee tot ontevredenheid en dreigemente om te staak. Die maatskappy was verplig om te besuinig en hulle het ook 'n reorganisasieskema uitgevoer waardeur 40 arbeiders ontslaan sou word.

----------oOo----------

(80) U.G. 39-1922: Rapport van die Mijnindustrie Raad, pp. 40, 41.
(81) Ibid.

66/ .....

Die Federasie het egter voorgestel om die gemelde 40 te behou en nog te besuinig deur die week van 56 uur na 48 uur te verminder. Die basiese uurlone sou ook onveranderd bly sodat lone sou daal in verhouding tot die verminderde aantal werksure. (82)

Dit was die posisie op 21 November 1921 toe die maatskappy deur die Federasie versoek is om sekere loonsverhogings vir alle arbeiders behalwe geskoolde werktuigkundiges en tyd en 'n kwart vir alle Sondagwerk in die kring van 'n 48-uurweek, te oorweeg. Die maatskappy het geantwoord dat hulle geen regverdiging gesien het vir hierdie eise nie, aangesien die basiese loonskale 30 maande tevore hersien is. (83)

Gedurende Desember het die Federasie op versoek van die Werkplekopsigterskomitee 'n verdere brief aan die maatskappy gerig waarin 'n konferensie aangevra is om die eise van November te bespreek. Die maatskappy het geantwoord dat die versoek nie vergesel was van enige uitleg van die gronde vir sodanige eise nie. Op 12 Desember het die Federasie geantwoord en onder andere gemeld dat die basiese loonskaal van die betrokke arbeiders te laag was. Op 28 Desember het die maatskappy weer geantwoord dat dit nie die tyd was vir konferensies om verhoogde loonskale te bespreek nie. (84) Deur nie 'n verdere konferensie te wou toestaan ter bespreking van die eis om hoër lone nie, het die maatskappy onverstandig gehandel, want daardeur het hulle die arbeiders heeltemal vervreem en die indruk geskep dat die arbeiders misken word in sake wat hulle, die arbeiders, direk geraak het.

----------oOo----------

(82) Vergelyk ook U.G. 39-1922, pp. 40,41.

(83) Sien ook U.G. 39-1922, pp. 41, 42; De Volkstem, 17/1/22; Die Burger, 20/1/22.

(84) De Volkstem 17/1/22; Die Burger 20/1/22.

67/ .....

Die gees van wantroue tussen werkgewer en werknemer wat reeds op die goudmyne sy kop uitgesteek het (85) het ook na hierdie weiering van die bestuur, op die eiendom van die V.F.P.C. posgevat. (86)

Na aanleiding van wat gebeur het ten opsigte van die goudmyne en die stadsingenieurswerke, (87) en die weiering van die maatskappy om 'n verdere konferensie toe te staan om die loongeskil te bespreek het die sekretaris van die Federasie op 9 Januarie 1922 bekend gemaak dat die arbeiders van die V.F.P.C. op 10 Januarie vanaf 7 vm. sou staak tensy aan die eis van die arbeiders om 'n konferensie met die bestuur oor verhoogde lone op 10 Januarie 1922 voldoen word. (88)

(c) Die Steenkoolgeskil.

(i) Die ekonomiese posisie aan die einde van die oorlog.

Die agtien steenkoolmyne van Transvaal wat hoofsaaklik geleë was in die omgewings van Witbank en Vereeniging, het geleidelik in die laaste jare van die oorlog en die twee jaar na die vredesluiting vir hulle 'n goeie uitvoerhandel via Delagoabaai na verskillende Oosterse hawens opgebou. Dis moontlik gemaak deur die reusagtige styging in pryse van Engelse steenkool as gevolg van die oorlog. Ongeveer 41½% van die totale opbrengs van die Transvaalse steenkool het deel uitgemaak van hierdie handel. Na die Britse steenkoolstaking het daar 'n groot daling in die prys van steenkool in Engeland plaasgevind. Suid-Afrikaanse steenkool kon nie langer kompeteer op die buitelandse markte nie. (89)

----------oOo----------

(85) Sien hierbo, p. 63.
(86) Sien ook U.G. 39-1922, p. 44.
(87) Sien hieronder, pp. 70-71.
(88) Vergelyk ook U.G. 39-1922, pp. 41, 42.
(89) De Volkstem 17/1/22; Die Burger, 20/1/22.

68/ .....

As die Transvaalse steenkooleienaars nie kontrakte kon kry vir hul uitvoerhandel nie, sou die 41½% daarmee heen gewees het. Dit sou die benodigde opbrengs van steenkool in dieselfde mate verminder het met 'n daarmee gepaardgaande ontslag van 'n aantal van hulle werknemers. (90)

Op 26 September het die Steenkoolkomitee van die Kamer van Mynwese aan die Federasie verklaar dat die ekonomiese toestande van die steenkoolmyne as gevolg van die kompetisie wat ontstaan het op die buitelandse markte deur die verlaagde prys van steenkool in Engeland sodanig verander het dat pogings aangewend sou moes word om produksiekoste te verlaag ten einde die Suid-Afrikaanse steenkoolmyne weer in staat te stel om op die wêreldmark te kon meeding; verder was hulle, in die lig van die verlaagde lewenskoste, (91) die mening toegedaan dat die tyd aangebreek het om tot 'n skikking te geraak oor 'n loonsverlaging op die steenkoolmyne. Ten einde hierdie saak te bespreek, het hulle 'n konferensie voorgestel vir 26 September tussen verteenwoordigers van die Federasie en die Steenkoolmynkomitee. Hierdie en ander konferensies kon egter tot geen ooreenkoms kom nie omdat die arbeiders 'n onversetlike houding ingeneem het. Hierdie houding moet gesien word in die lig van die gees van 'n wedersydse wantroue wat ook op die steenkoolmyne geheers het tussen die werkgewers en die werknemers; die arbeiders was onder die indruk dat daar deur die mynbase teen hulle saamgesnoer is om die mag van die arbeiders, wat intussen opgebou is, te verbreek. (92)

Die steenkooleienaars was effens gedetermineerd om die produksiekoste te verlaag, en toe samesprekings op niks uitgeloop het,

----------oOo----------

(90) De Volkstem 17/1/22; Die Burger 20/1/22.
(91) Sien hierbo, p. 57.
(92) Vergelyk ook U.G. 39-1922, p. 2.

69/ .....

het hulle bekend gemaak dat, as gevolg van die verlies van die uitvoerhandel, hulle verplig was om die lone van die blankes met 50 sent per skof te verminder. (93)

(ii) Die gevolge van die afgekondigde loonsvermindering.

Na aanleiding van die bogenoemde besluit tot loonsvermindering deur die steenkooleienaars, het die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie aan die einde van November 1921 bekend gemaak dat hulle oor hierdie besluit van die steenkooleienaars 'n stakingstemming sou hou. Die uitslag van hierdie stemming was 'n meerderheid van 18:1 ten gunste van 'n staking. (94)

Dit het geblyk asof 'n staking op die steenkoolvelde onvermydelik was, maar die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie het hom bereid verklaar om verder oor hierdie saak te konfereer. (95) Geeneen van die strydende partye was bereid om 'n duim vir die ander skiet te gee nie, en ook hierdie konferensie het misluk. Hierop het die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie aan genl. Smuts gevra om 'n konferensie te belê tussen afgevaardigdes van die Regering en die Federasie ten einde 'n steenkoolstaking vanaf 1 Januarie 1922 te voorkom. (96)

Op hierdie konferensie wat teen die einde van Desember 1921 plaasgevind het, het die woordvoerders van die arbeiders hul bereid verklaar om die geskil aan arbitrasie te onderwerp, maar die Kamer van Mynwese het verklaar dat dit 'n vraagstuk van blote besigheidsaard

----------oOo----------

(93) The Star, 27/11/21; De Volkstem 17/1/22; Die Burger 20/1/22.

(94) Geddes, J. Brief van .... aan J. Boyd, Assistent Sekretaris van die departement van Arbeid van die Kamer van Mynwese. The Star, 20/12/21.

(95) The Star, 20/12/21.

(96) The Star, 24/12/21.

70/ .....

was en derhalwe kon dit nie aan 'n arbiter voorgelê word nie. (97) Die konferensie het derhalwe misluk, en die steenkoolmynwerkers sou vanaf 1 Januarie 1922 staak. (98)

(d) Die stad se Ingenieurswinkelsgeskil.

Die belangrikheid van hierdie geskil is daarin geleë dat dit saamgeval het met die moeilikhede op die goudmyne, die steenkoolmyne en die V.F.P.C. (99)

Kragtens 'n ooreenkoms wat in Mei 1916 aangegaan is, moes beide die werkgewers en werknemers drie maande kennis gee van enige verandering wat verlang word. Volgens die bepalings van die beslegting van 'n staking in Maart 1920, is ooreengekom dat die lone en diensvoorwaardes van die vakmanne en leerlinge van die goudmyne aanvaar sou word vir die arbeiders van die stad se ingenieurswerkplekke. Op 29 Desember 1920 is aan die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie kennis gegee dat die Ingenieurs- en Metaalgietersverenigings die lone en diensvoorwaardes, wat die Kamer van Mynwese aangeneem het, ook as hul eie standaard aanvaar; dit is bevestig in 'n brief aan die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie op 7 Februarie 1921. Toe die Kamer van Mynwese en die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie 'n ooreenkoms aangegaan het waarby die lone van werktuigkundiges vasgestel is tot 31 Desember 1921, het die Ingenieurs- en Metaalgietersverenigings weer hul houding bevestig deur hulle aan te sluit by hierdie ooreenkoms. (100)

Aangesien lone vasgestel was tot 31 Desember 1921, het die werkgewers op 1 Desember aan die Suid-Afrikaanse Industriële Fede-

----------oOo----------

(97) De Volkstem, 17/1/22; Die Burger, 20/1/22.
(98) The Star, 30/12/21.
(99) Sien hierbo, pp. 47-70.
(100) De Volkstem, 17/1/22; Die Burger, 20/1/22.

71/ .....

rasie kennis gegee van hulle voorgestelde loonsvermindering wat van krag sou wees vanaf 1 Januarie 1922. In antwoord hierop het die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie beweer dat hierdie kennisgewing inbreuk gemaak het op die ooreenkoms van Maart 1920. Op 31 Desember het die werkgewers geantwoord en die voorgestelde loonsvermindering bepleit. As antwoord hierop het hulle 'n kennisgewing ontvang waarin die resultaat van 'n stemming ten gunste van 'n staking bekend gemaak is, tesame met 'n eis vir die intrekking van alle kontensieuse kennisgewings, of, soos dit gedurende daardie tyd verkeerdelik deur die arbeiders en hulle verteenwoordigers gebruik is, ultimatums. (101)

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat die goudmyne, die kragmaatskappy, die steenkoolmyne en die ingenieursmaatskappy, almal hul besluite tot loonsvermindering op dieselfde tydstip afgekondig het. Die arbeidergroepe kon nie insien dat hierdie vorm van ekonomisering die onvermydelike gevolg was van die depressie wat die produksiekoste die hoogte laat inskiet het nie. (102)

Die algemene opvatting onder die geledere van die arbeiders was dan ook dat daar 'n sameswering aan die kant van die werkgewers was om die mag van die arbeiders te verbreek en hulleself te verryk ten koste van die arbeiders. Die kennisgewings van die werkgewers waarin hul die loonsverlagings bekend gemaak het of waarin hulle geweier het om met die arbeiders te onderhandel oor die kwessie van hoër lone, is allerweë deur die arbeiders beskou as ultimatums

----------oOo----------

(101) De Volkstem, 17/1/22; Die Burger, 20/1/22.
(102) Sien hierbo, p. 48.

72/ .....

of, soos dit deur sommige bestempel is, 'n direkte oorlogsverklaring. Die uitdrukking "ultimatums van die werkgewers" is kwistig deur die ekstremistiese oratore rondgestrooi onder 'n arbeidermassa wat reeds lankal onder die indruk van hul mag gekom het, en strydlustig genoeg was om die wapens teen hulle werkgewers op te neem. Die arbeiders was onder die indruk dat hulle voortbestaan in die weegskaal was en daar is allerweë gepraat van 'n klasseoorlog. (103) Die ekstremiste sou 'n vrugbare teelaarde vir hulle idees vind, en dit was alleen aan die verantwoordelike stakingleiers te danke dat die uitbreek van geweldplegings so lank verhoed is, maar op die ou end moes hulle tog maar swig voor die eise van die massas. (104)

----------oOo----------

(103) Vergelyk ook Cartwright op.cit., p. 201. Sien ook hoofstuk 4, p. 86, hieronder.

(104) Sien verder hieroor hoofstukke 4 en 5 hieronder.

HOOFSTUK 4.

DIE POGINGS TOT VREEDSAME SKIKKING DEUR MIDDEL VAN ONDERHANDELINGS, EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE STAKING.

Die staking van 1922 het homself in drie stadia voltrek. Allereers was daar die betreklik vreedsame stadium wat ongeveer 'n maand geduur het en wat hoofsaaklik gekenmerk was deur onderhandelings wat daarop gemik was om die staking op vreedsame wyse op te los. Toe al hierdie onderhandelings en samesprekings op niks uitgeloop het nie, het die staking geleidelik 'n meer ekstremistiese wending begin neem, wat uiteindelik uitgeloop het op die derde fase, naamlik die rewolusionêre stadium wat in hoofstuk 5 behandel sal word. In hierdie hoofstuk sal die eerste twee fases behandel word.

1. Die vreedsame verloop van die staking.

(a) Die begin van die staking.

(i) Die stakingstemming en die resultaat daarvan.

Op 30 Desember 1921 is 'n verteenwoordigende konferensie van alle vakbonde gehou waar die steenkoolwerkers se besluit om te staak (1) geëndosseer is. Verder is daar besluit om 'n stemming oor 'n staking te hou oor die ultimatums (2) van die Kamer van Mynwese, die V.F.P.C., en die Ingenieurs- en Metaalgietersverenigings. (3) Unielede het tyd gekry tot 8 Januarie om te stem. Van die ongeveer 24,000 stemgeregtigdes was daar 12,164 ten gunste van 'n staking, 1,336, daarteen, terwyl

----------oOo----------

(1) Sien hoofstuk 3, pp. 69-70, hierbo.

(2) Vergelyk verder oor hierdie term, hoofstuk 3, pp. 71 tot 72, hierbo.

(3) Vergelyk hoofstuk 3, p. 64, hierbo.

74/ .....

10,500 buite stemming gebly het. (4) Die feit dat daar so 'n groot groep buite stemming gebly het, is moeilik te verklaar, maar dit kan tog geïnterpreteer word dat hierdie groep aanvanklik uiters versigtig was en hulself nie wou kompromitteer nie.

Kragtens die resultaat van hierdie stemming het die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie (hierna net die Federasie genoem) aan alle werknemers van die goudmyne, die V.F.P.C. en die Ingenieurs- en Metaalgietersverenigings en die steenkoolmyne kennis gegee om vanaf die laaste skof op Maandag, 9 Januarie te staak en die staking vol te hou totdat 'n skikking bereik sou wees tussen die gemelde werkgewers en die Federasie wat sou optree ten behoewe van die geaffilieerde bonde. Aan die volgende reëls moes gehou word:

(a) geen toestemming moes aan iemand gegee word om te werk nie, behalwe vir noodsaaklike dienste;

(b) enige persoon wat toestemming sou verkry om noodsaaklike dienste te verrig, sou onder die direkte beheer van die plaaslike stakingskomitee wees;

(c) alle besonderhede van toestemming om noodsaaklike dienste te verrig, moes dadelik aan die hoofkantoor gestuur word;

(d) waar enige twyfel mog bestaan oor wat noodsaaklike dienste is, moes die aangeleentheid verwys word na die Noodsaaklike Dienstekomitee van die Hoofkantoor en die toestemming van laasgenoemde moes eers verkry word alvorens toestemming vir die uitvoering van die dienste gegee mog word;

(e) steenkool vir noodsaaklike dienste sou alleen verskaf word deur sekere myne wat deur die Vergrote Uitvoerende Komitee van die Federasie aangewys sou word. Sodanige myne sou deur middel van die plaaslike stakingskomitee onder die beheer van die Vergrote Uitvoerende Komitee wees, en dit sou alleen deur goedgekeurde arbeid uitgevoer word;

----------oOo----------

(4) Vergelyk ook Cartwright, op.cit., p. 202; Volgens 'n berig in The Star, 9/1/22, was daar 12,192 ten gunste van die staking.

(f) as noodsaaklike dienste sou aanvanklik beskou word pompinstallasies, beligting en sanitasie.

Alle ander lede bonde wat nie direk betrokke was by die staking nie, moes hulle gereed hou vir 'n simpatieke staking indien en wanneer dit benodig sou word. Ten slotte is al die stakers beveel om hulle ordelik te gedra deur hulle te weerhou van gewelddadighede. (5)

Die Federasie sou die koördinerende liggaam van die staking wees en ten einde hom in staat te stel om die belange van die arbeiders volkome te kan behartig, is die Uitvoerende Komitee van die Federasie vergroot deur die kooptering van verteenwoordigers van vakbonde wat nog nie voorheen geaffilieer was nie. Die komitee aldus vergroot sou genoem word die Vergrote Uitvoerende Komitee en wat dan as voorsitter sou hê Joe Thompson wat terselfdertyd ook die voorsitter van die Federasie sou wees. (6)

Op hierdie stadium was die steenkoolstaking eintlik nog 'n afsonderlike staking omdat al die ander stakings deur die Federasie afgekondig was. Hulle sou egter spoedig met die Randse stakers saamgesnoer word. Omdat die openbare mening ten gunste van arbitrasie in die steenkoolgeskil was, het majoor Trevor (7), die hoofinspekteur van myne, aan die Witbankse stakingskomitee gevra of hulle nog bereid was om hul saak aan arbitrasie te onderwerp. Op 'n vergrote vergadering het die komitee egter geweier om die geskil aan arbitrasie te onderwerp, tensy al die ultimatums van Randse werkgewers (8) onttrek sou word. Sodoende het die steenkoolstakers hulle vereenselwig met die groter vraagstukke aan die Rand. (9)

----------oOo----------

(5) 'n Vrye weergawe van die oorspronklike soos dit bepubliseer is in The Star, 9/1/22.

(6) Vergelyk ook Cartwright, op.cit., p. 202.

(7) Sy voorletters kon nie vasgestel word nie.

(8) Vergelyk hoofstuk 3, p. 64, hierbo.

(9) Sien ook South African Mining & Engineering Journal, 7/1/22, pp. 644, 647.

76/ .....

(ii) Die konferensie tussen genl. J.C. Smuts en die Federasie.

Toe dit geblyk het dat die staking onvermydelik was, het die Regering besluit om in te gryp, en genl. Smuts, die premier, het saam met die Uitvoerende Komitee van die Federasie vergader om die noodsaaklikheid van die instandhouding van noodsaaklike dienste te bespreek. Indien die kragstasies hul werksaamhede sou moes staak weens gebrek aan steenkool, kon dit alleen chaos in die hand werk en onnodige ontwrigting veroorsaak. Nie alleen sou die vervoer ontwrig word nie, maar die donker strate sou saans net in die kraam pas van die kwaaddoeners. Nadat genl. Smuts 'n beroep op die komitee gedoen het om die kragstasies aan die gang te hou, het hy daarop gewys dat daar ongeveer 100,000 Bantoes aan die Rand was wie se kontraktyd met die myne verstreke was en wat die myne kon verlaat wanneer hulle wou. In geval van 'n staking sou die mynmaatskappye hul nie weer in diens neem nie en hulle sou gerepatrieer word. Verder kon die staking van werksaamhede daartoe aanleiding gee dat die ander Bantoearbeiders ledig sou wees en dat hulle derhalwe baie maklik groot moleste kon veroorsaak. Dan sou dit die taak van die Regering wees om wet en orde te handhaaf en die onderdane te beskerm. Ten slotte het genl. Smuts hom onpartydig verklaar in die geskil tussen die betrokke werkgewers en die werknemers. (10)

Die Federasie was heeltemal vasberade dat die staking sou plaasvind as die werknemers nie hulle ultimatums (11) terugtrek nie. Die liggaam was egter bereid om die beroep om die kragstasies aan die gang te hou te oorweeg, mits die Federasie beheer van alle steenkool

----------oOo----------

(10) Sien ook The Star, 9/1/22.
(11) Vergelyk hoofstuk 3, p. 64, hierbo.

77/ .....

vir hierdie doel oorneem, en dat die myne wat verantwoordelik was vir hierdie steenkool ter beskikking van die Federasie geplaas moes word en verder dat alle arbeid, behalwe die wat deur die Federasie beheer word, daarvan onttrek moes word. Persone wat steenkool vir noodsaaklike dienste benodig, sou daarvoor moes aansoek doen by die Noodsaaklike Dienstekomitee van die Federasie. Indien daar ooreengekom sou word oor die bogenoemde sake, sou die besluit dat steenkool op syspore en spoorweghaltes wat as gevolg van die staking nie verder vervoer sou word nie, in heroorweging geneem word. (12)

Genl. Smuts se weiering om hiertoe in te stem (13), was heeltemal begryplik. Dit sou prakties beteken dat hy die beheer van die betrokke steenkoolmyne onvoorwaardelik oordra aan die Federasie as verteenwoordiger van die arbeiders, iets waartoe selfs genl. Smuts as Premier, geen magtiging gehad het nie. Dit sou verder 'n direkte erkenning wees dat die Regering en die land, maar veral die Rand, van die goedgesindheid van die arbeidermassa afhanklik was en dat die arbeiders in hulle stryd teen verlaagde lone in 'n tyd van ekonomiese depressie, heeltemal gelyk gehad het.

(iii) Samesprekings tussen die Kamer van Mynwese en die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie.

Op 9 Januarie 1922 is 'n laaste wanhoopspoging aangewend om die staking te voorkom toe tussen 50 en 60 afgevaardigdes van die Kamer van Mynwese en die Federasies vergader het om 'n oplossing te probeer vind. H.O. Buckle, die president van die Kamer van Mynwese, het aangebied om die maandkennisgewing van die veranderings (14)

----------oOo----------

(12) Sien ook The Star, 9/1/22; Urquhart, W. The outbreak on the Witwatersrand, March, 1922. Johannesburg, Hortors Ltd., 1922, p. 22.

(13) Urquhart, op.cit., p. 22.

(14) Sien verder hieroor, hoofstuk 3, pp. 61, 62 en 64, hierbo.

78/ .....

met 9 dae te verleng, dit wil sê tot 9 Februarie 1922, maar die verteenwoordigers van die Federasie het hierdie aanbod verwerp. (15)

Die arbeiders sou op daardie stadium met niks minder as 'n totale intrekking van alle ultimatums (16) tevrede wees nie. Dit is duidelik dat daar op daardie tydstip 'n besondere saamhorigheidsgevoel onder die arbeiders posgevat het.

(iv) Die voorwaardes waarop die Federasie bereid was om te onderhandel.

Nadat Genl. Smuts en die Kamer van Mynwese se pogings om tot 'n vergelyk (17) met die stakers te kom misluk het, het J. Geddes van die Federasie die voorwaardes, waarop die Federasie bereid was om te onderhandel, bekend gemaak:

(a) Steenkoolmyne: terugtrekking van die ultimatum en die aanpassing van lone op 'n basis van geen groter vermindering as die helfte van die voorgestelde vermindering nie, en geen verdere vermindering totdat die grenslyn tussen die geskatte en die werklike toename in die lewenskoste verdwyn het nie, of as alternatief, arbitrasie.

(b) Goudmyne: die kennisgewing rakende die herreëling van ondergrondse werk en ondergrondse kontrakte, en die status quo-ooreenkoms, moes onttrèk word. Oor eersgenoemde moes besluit word deur middel van 'n ooreenkoms tussen die Kamer van Mynwese en die betrokke vakbonde. Daar moes afgesien word van die beleid om blankes af te dank ten gunste van goedkoop nie-blankearbeid, terwyl 'n vasgestelde verhouding van blank tot nie-blank bepaal moes word.

(c) V.F.P.C.: die brief waarin die maatskappy weier om

----------oOo----------

(15) Vergelyk The Star, 9/1/22.
(16) Sien verder oor ultimatums, hoofstuk 3, p. 64, hierbo.
(17) Sien hierbo, pp. 76-78.

79/ .....

verteenwoordigers van die vakbonde te ontmoet ten einde basiese lone te bespreek, moes onttrek word, en 'n aanpassing moes gemaak word. Hierdie toename moes ekwivalent wees aan die toename in lewenskoste en die toename sou bepaal word deur 'n ooreenkoms tussen die V.F.P.C. en die Federasie.

(d) Ingenieurswerkwinkels: die kennisgewing rakende die loonsvermindering moes onttrek word en enige loonaanpassing moes 'n saak van bespreking en onderlinge ooreenkoms tussen die werkgewers en die betrokke vakbonde wees. Werkgewers moes waarborg dat daar streng gehou sou word aan die voorwaardes van sodanige ooreenkoms.

(e) In elke geval sou daar geen verdere loonsvermindering wees totdat die grenslyn tussen die geskatte toename en die werklike toename in die lewenskoste verdwyn het nie. (18)

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat in alle gevalle, behalwe in die van die goudmyne, die geskil gegaan het oor die kwessie van loonsvermindering. Namate die staking gevorder het, het die kwessie van loonsvermindering geleidelik op die agtergrond geskuif terwyl die vraagstuk van die herroeping van die status quo-ooreenkoms meer pertinent op die voorgrond getree en die spil geword het waarom die hele geskil sou draai. (19)

(v) Die aanvanklike bedrywighede van die stakers.

Toe dit geblyk het dat die staking onvermydelik was, is daar polisieversterkings na die Rand gehaas en op die oggend van 10 Januarie het die groot staking, waarin meer as 22,000 blankes betrokke was, begin. Die stakersgeledere het bestaan uit mynwerkers, reduksiewerkers, ingenieurs, masjiniste, ystergieters, skrynwerkers en bouers van die betrokke nywerhede. Op die eiendomme van die betrokke nywer-

---------oOo---------

(18) 'n Vrye weergawe van die oorspronklike soos dit gepubliseer is in die South African Mining & Engineering Journal, 14/1/22; pp. 671-672.

(19) Sien verder hieroor, hoofstuk 5, hieronder.

hede, waar alle werksaamhede die vorige dag nog in volle swang was, was alles die oggend van die 10de Januarie doodstil. (20)

Die staking het heeltemal vreedsaam verloop. Anders as in 1913 en 1914 (21), was daar 'n goeie verhouding tussen die polisie en die stakers en albei groepe het tot die oortuiging gekom dat die beste beleid een van samewerking deur beide groepe in die handhawing van wet en orde is. Kol. Truter en ander polisie-offisiere het met die leiers van die stakers onderhandel wat hul verseker het dat daar nie met die polisie in die uitvoering van hul pligte ingemeng sou word nie. Almal was vol vertroue dat daar geen ernstige moeilikhede sou wees nie. (22) Gedurende die eerste paar dae het die stakers hulself besig gehou met spele, soos byvoorbeeld krieket, met danse, pieknieks, ensovoorts. (23)

Hierdie tyd van jolyt sou egter nie baie lank duur nie. Toe die Kamer van Mynwese kennis gegee het van sy voorneme om, indien die staking sou aanhou, die Bantoearbeiders te repatrieer en die stakers af te dank, wou sommige lede van die Uitvoerende Komitee van die Federasie dadelik 'n algemene staking afkondig, maar 'n kompromis is bereik deur 'n resolusie op 11 Januarie waarkragtens alle arbeiderorganisasies versoek is om die nodige konstitusionele reëlings te tref ten einde gereed te wees om op 16 Januarie om 7:00 nm. te staak, maar alleen as hul daartoe deur die Federasie versoek sou word. Hierdie stap was 'n duidelike teken van die vasberadenheid van die Federasie, naamlik dat hulle van plan was om alles in die stryd te werp en nie

----------oOo----------

(20) Sien ook South African Mining & Engineering Journal, 7/1/22, p. 647 en 14/1/22, p. 671.

(21) Vergelyk verder hieroor hoofstuk 2, pp. 24-44, hierbo.

(22) Sien ook Thursby Atwell, op.cit., p. 171.

(23) Hierdie soort bedrywighede wakker die gees onder die stakers aan en hou hulle onder 'n groep-invloed. (Sien ook Hiller, E.T. The strike, a study in collective action. University of Chicago Press, 1928. p. 75.)

81/ .....

sou skroom om tot die uiterste, naamlik die afkondiging van 'n algemene staking, te gaan ten einde hul doel te bereik nie. (24) Berigte van ondersteuning is oor die hele land ontvang: in Middelburg, Transvaal, het die elektrotegnici hul werk neergelê; in Johannesburg het die bouliede met 'n meerderheid van 4:1 ten gunste van 'n simpatieke staking gestem en in Oos-Londen met 'n meerderheid van 3:1. (25)

Op 13 Januarie het die Federasie op aandrang van die stakingskomitee van Benoni alle noodsaaklike dienste aan die myne onttrek op grond daarvan dat daar misbruik van gemaak sou word, aangesien sommige myne slegs die dienste van pompmanne en drywers behou het, terwyl hulle bybehorende vakarbeiders soos skagwagters, aanhakers en kleedkameropsigters ontslaan het. (26) Dit het daartoe meegewerk dat die myne die gevaar sou loop om oorstroom te word, en ten einde die gevaar te voorkom, het die mynbeamptes besluit om die pompe self aan die gang te hou. Die gevolg hiervan was dat die Federasie verklaar het dat mynbeamptes wat nie lede van die vakbonde is nie, en die pompe aan die gang hou, met geweld daarvan weerhou sou word. (27) Wat die Federasie stellig in hierdie verklaring uit die oog verloor het, was dat, as die myne oorstroom sou word, dit na die staking soveel langer sou duur alvorens werksaamhede hervat sou kon word, omdat die oorstroomde myne eers weer drooggelê sou moes word. Ondanks die verklaring van die Federasie, het die amptenare van die V.F.P.C. nog twee kragstasies, naamlik Brakpan en Vereeniging, geopen, met die gevolg dat die pompinstallasies met hul werk kon voortgaan en die myne van oorstroming gered is. (28)

----------oOo----------

(24) Vergelyk ook Der Deutsch Afrikaner, 12/1/22, p. 22; Chittenden, G.E. Effects on the working of the S.A. Railways and the part played by die railways in combating the strike and the general upheaval and acts of violence. June, 1922. p. 2.

(25) Der Deutsch Afrikaner, 19/1/22, p. 18.

(26) Die Burger, 13/1/22 en 14/1/22; Urquhart, op.cit., p. 25.

(27) Der Deutsch Afrikaner, 19/1/22, p. 18.

(28) Sien ook Urquhart, op.cit., p. 26.

82/ .....

(b) Die Curlewis-konferensie.

Op 13 Januarie het 'n onvoorwaardelike konferensie tussen sewe lede elk van die Kamer van Mynwese en die Federasie plaasgevind onder voorsitterskap van hoofregter Curlewis. (29) Die belang van hierdie konferensie is daarin geleë dat dit die eerste poging was om die twee strydende partye onder 'n onpartydige voorsitter in 'n konferensie te betrek. Hierdie konferensie het die hoop op 'n oplossing van die geskil laat opvlam, terwyl die gevaar van 'n algemene staking (30) tydelik uitgeskakel is. (31)

(i) Die voorstel ten opsigte van die steenkoolmyne.

Die eerste punt op die agenda was die steenkoolgeskil en na enkele dae van bespreking, het die verteenwoordigers besluit om die voorstel van die Kamer van Mynwese, naamlik die aanstelling van 'n versoeningsraad oor die steenkoolgeskil, voor te lê aan 'n vergadering van die Gesamentlike Uitvoerende Komitees wat op 21 Januarie sou plaasvind. (32)

Hierdie voorstel van die Kamer van Mynwese is egter deur die Witbankse steenkoolwerkers verwerp op grond van klousules 3, 6 en 8 van die voorstel. Klousule 3 het bepaal dat indien geen ooreenkoms bereik sou word binne een week nadat die Versoeningsraad sy verslag bekend gemaak het nie, sou beide partye enige stap na goeddunke doen sonder 'n formele kennisgewing van sodanige stap. Klousule 6 het naamlik die werkers se voorstel dat hulle minder ure moes werk, sodat daar werk gevind sou kon word vir alle stakers op die steenkoolmyne, verwerp. Instede daarvan het die Kamer van Mynwese voorgestel dat

----------oOo----------

(29) Der Deutsch Afrikaner, 19/1/22, p. 18; South African Mining & Engineering Journal, 21/1/22, p. 705.

(30) Sien verder hieroor, hierbo, p. 80.

(31) Vergelyk ook The Star, 19/1/22.

(32) The Star, 20/1/22; sien ook Chittenden, op. cit., p. 14.

83/ .....

die mynbesture die mag moes hê om persone wat nie benodig sou word nie vir sodanige periodes nie te betaal nie; hierdie reëling moes van krag bly tot 'n week na die vrystelling van die verslag van die Versoeningsraad. Daarna sou die prosedure, soos dit geldig was voor die staking, weer van krag word. In klousule 8 het die Kamer van Mynwese geweier om klousule 3 van die vakansieverlofregulasies, waarkragtens die stakers outomaties 'n sekere aantal skofte verloor vir elke dag wat hulle staak, te wysig. (33) Gesien in die lig van bogemelde besluit is dit heeltemal verstaanbaar dat die steenkoolwerkers nie die voorstel van die Kamer van Mynwese kon aanvaar nie, omdat die voorstel die stakers geensins nader aan 'n oplossing sou bring nie, maar eerder van die werkgewers sou vervreem, veral op grond van klousules 3 en 6.

Intussen het die konferensie met sy samesprekings voortgegaan, en nadat daar besluit is om die ingenieursgeskil aan arbitrasie te onderwerp, het die konferensie die goudmyngeskil aangepak terwyl dit bekend geword het dat die V.F.P.C. nie bereid was om hul geskil aan arbitrasie te onderwerp nie. (34) Ten opsigte van die goudmyngeskil het die verteenwoordigers van die Kamer van Mynwese die beleid van die Mynwerkersunie, naamlik „een man een taak", aangeval op grond daarvan dat die arbeider later slegs een aspek of vertakking van sy werk sou leer. (35)

Toe die Federasie op 26 Januarie nog geen antwoord gereed gehad het oor die Versoeningsraadvoorstel van die Kamer van Mynwese in die steenkoolgeskil nie, het die Kamer van Mynwese sy aanbod teruggetrek en alle steenkoolstakers is afgedank. (36)

----------oOo----------

(33) The Star, 23/1/22.

(34) Geddes, J. (van die Federasie) & Price, B. (van die V.F.P.C.): korrespondensie soos gepubliseer in The Star, 25/1/22.

(35) The Star, 26/1/22.

(36) The Star, 26/1/22; Sien ook Chittenden, op.cit., p. 15.

84/ .....

As gevolg van hierdie strydlustige optrede van die Kamer van Mynwese, het die konferensie vinnig afgestuur op 'n mislukking. Beide die Kamer van Mynwese en die Federasie was heeltemal ontoegeeflik en nie bereid om die een vir die ander toe te gee nie. Vir beide groepe was daar oneindig veel op die spel; vir die Kamer van Mynwese was die ekonomiese voortbestaan van die myne op die spel en vir die arbeiders hulle inkomstebron. Gesien in die lig van hierdie wyduiteenlopende belangesfere was 'n absolute oplossing van die geskil heeltemal onmoontlik. Die enigste moontlikheid was geleë in 'n kompromis. Op grond hiervan het hoofregter Curlewis dan ook 'n laaste poging aangewend om die situasie te red.

(ii) Curlewis se voorstelle.

Nadat hoofregter Curlewis gesien het dat dit nie moontlik was om die twee strydende partye tot 'n ooreenkoms te laat geraak nie en dat die konferensie besig was om te misluk, het hy die volgende voorstelle ter oplossing van die geskil aan die partye voorgelê:

(a) Die kleurskeidslynregulasies soos dit in die wet vasgelê is, sou nie gewysig word nie. Die status quo-ooreenkoms sou opgehef word sover dit die myne van 'n lae ertsgehalte aangaan en 'n skedule sou opgestel word wat sou bepaal watter myne as myne van 'n lae ertsgehalte beskou sou word. Indien dit nodig sou wees, kon 'n verhouding van blank tot gekleurd op sodanige myne vasgestel word waarop die opheffing van die status quo-ooreenkoms nie van toepassing sou wees nie. Die staking moes afgelas en die werk hervat word namate die nywerhede weer hul werksaamhede hervat.

(b) Met die kontrakstelsel moes weggedoen word en vergoeding in die plek hiervan sou bepaal word deur 'n konferensie of 'n verwysingsraad tussen die Federasie en die Kamer van Mynwese.

(c) 'n Soortgelyke konferensie of verwysingsraad sou die

85/ .....

herorganisasie van die ondergrondse werk reël. (37)

Ook hierdie voorstelle was in die geheel nie vir die partye aanvaarbaar nie en daarmee het die konferensie misluk. Dis werklik jammer dat geeneen van die partye vir hierdie voorstelle van Curlewis te vinde was nie, want op daardie stadium was dit blykbaar die enigste oplossing vir die geskil, en die groep wat hierdie voorstelle aanvaar het, sou waarskynlik nie net die Regering nie, maar ook die hele land se ondersteuning geniet het. Terselfdertyd was die mislukking van die konferensie direk verantwoordelik vir die klasse-indeling wat gelei het tot verdere verwydering en vervreemding van mekaar. Die feit dat die Federasie as mondstuk van die stakers so onbeweeglik by hulle eise gestaan het, naamlik die terugtrekking van alle ultimatums, (38) het 'n solidariteitsgevoel onder die arbeiders laat ontstaan wat versterk is deur 'n gevoel dat die arbeidermassa se gemeenskaplike belange bedreig word. Dit het op sy beurt weer daartoe aanleiding gegee dat 'n besondere mate van klassebewustheid onder die arbeiders ontwikkel het. (39)

Die mislukking van hierdie konferensie, waarop die stakers hulle oë en hoop gevestig het vir die suksesvolle beëindiging van die geskilpunte, kenmerk dan ook die einde van die eerste fase van die staking. Hierdie fase was betreklik vreedsaam en afgesien van enkele minder belangrike botsings, was daar verder geen noemenswaardige botsings, of voorvalle nie, en alle krediet gaan tot hiertoe aan die stakers vir die selfdissipline wat hul toegepas het.

----------oOo----------

(37) Der Deutsch Afrikaner, 2/2/22, p. 23; The Star, 27/1/22; South African Mining & Engineering Journal, 4/2/22, pp. 771-772.

(38) Sien hoofstuk 3, p. 64, hierbo.

(39) Vergelyk ook hoofstuk 3, p. 72, hierbo.

86/ .....

(c) Die stakers volhard in hulle weerstand.

(i) Genl. Smuts se brief aan die Kamer van Mynwese en die Federasie en die reaksie daarop.

Na die mislukking van die Curlewiskonferensie (40) het genl. Smuts weer eens verklaar dat hy bereid is om as bemiddelaar op te tree ten einde 'n skikking te verkry. Op 27 Januarie het hy in dieselfde brief aan die Kamer van Mynwese en die Federasie die erns van die toestand geskets en het hy sy onpartydigheid in die geskil nadruklik verklaar. Verder het hy in die brief 'n beroep gedoen op wedersydse redelikheid en 'n gees van kompromis aan beide kante. (41) Die eerste reaksie op hierdie beroep het gekom van die Kamer van Mynwese. In 'n brief wat in die pers 29/1 gepubliseer is, het hulle weer 'n uiteensetting van die haglike toestand van die goudmynnywerheid gegee en die volgende voorstelle gemaak as basis vir die heropening van die myne:

(a) 'n Vasgestelde verhouding van blanke tot nie-blanke werkers van 1:10:5 vir 'n periode van twee jaar. Binne die perke van hierdie verhouding sou die nywerheid by magte wees om die werk te herorganiseer en selfs persone wie se dienste nie meer benodig sou word nie, af te dank, onderworpe aan die mynregulasies en die ooreenkoms rakende ure en basiese lone.

(b) Onderworpe aan die reg om werk te herorganiseer soos voorsiening voor gemaak is onder (a) hierbo, sou persone wat na die staking in diens geneem word, besoldig word teen die daaglikse lone soos dit geldig was gedurende Desember 1921 plus 1½ van die lewenskostestyging op 1 Januarie 1922, en hierdie verminderde

----------oOo----------

(40) Sien hierbo, pp. 82-85.

(41) Smuts, J.C. Brief soos gepubliseer in Die Burger, 28/1/22; Die Burger, 4/2/22; Der Deutsch Afrikaner, 2/2/22, p. 23; South African Mining & Engineering Journal, pp. 772-773.

87/ .....

byvoeging sou duur tot 30 Junie 1922 waarna dit heeltemal sou verdwyn.

(c) Dingaansdag en Meidag sou nie langer betaalde vakansiedae wees nie; hierdie twee dae het die goudmynnywerheid R160,000 per jaar aan lone gekos.

Verder het die Kamer van Mynwese verklaar dat daar 'n geleidelike hervatting van werksaamhede sou wees en dienooreenkomstig sou stakers weer in diens geneem word. Ondergrondse arbeiders sou in diens geneem word vir algemene mynwerk (behalwe werktuigkundiges en masjiniste) en hulle sou enige soort werk moes doen wat die bestuur verlang. Ondanks noodsaaklike afdankings, sou die goudmynnywerheid bereid wees om die aantal vakleerlinge aan die myne te vermeerder.(42)

Gesien in die lig van die ekonomiese krisis waarin die goudmynnywerheid hom bevind het (43) was hierdie voorstelle heeltemal billik, aangesien dit hoofsaaklik neergekom het op besuiniging deur middel van afdanking en loonsverlaging, maar dit was juis waarteen die stakers hulle verset het, naamlik die ontneming van hulle beroepssekuriteit. Derhalwe was die oplossing van die geskil op grond van hierdie voorstelle uiters onwaarskynlik.

As gevolg van genl. Smuts se bogenoemde beroep, het die Gesamentlike Uitvoerende Komitees van die vakbonde tot die gevolgtrekking gekom dat die Regering die werknemers steun (44) en daar is besluit dat die nodige stappe gedoen moes word om die Regering te verslaan. Hierdie gevolgtrekking en besluit is deur die Vergrote Uitvoerende Komitee van die Federasie bevestig en laasgenoemde liggaam het tweedens besluit dat die verskillende stakingskomitees die nodige stappe moes doen om "scabs" daarvan te weerhou om hulle werk te hervat, en laastens is alle stakingskomitees gemagtig om enige

----------oOo----------

(42) Soos gepubliseer in The Star, 30/1/22; Sien ook The Cape Times, 30/1/22.

(43) Vergelyk verder hieroor, hoofstuk 3, pp. 50-54 hierbo.

(44) Vergelyk verder hieroor, hoofstuk 6, pp. 145-146, hieronder.

88/ .....

iets te doen ten einde die staking suksesvol te laat eindig. (45) Die feit dat die Regering gewantrou is, moet daarin gesoek word dat die stakers nog nie die stakings van 1907, 1913, maar veral dié van 1914 (46) waarin genl. Smuts 'n oorheersende rol gespeel het, vergeet het nie. Die stakers was vasbeslote om 'n herhaling van 1914 te voorkom, vandaar hulle vyandige gesindheid teenoor die pogings van die Regering om 'n versoening teweeg te bring.

(ii) Die voorstel van die Germistonse stakingskomitee en die gevolglike samesprekings tussen die Federasie en genl. Smuts.

Na aanleiding van die bogenoemde besluit van die Vergrote Uitvoerende Komitee van die Federasie, naamlik dat alle stakingskomitees gemagtig word om enige iets te doen ten einde die staking suksesvol te laat eindig, het die Germistonse stakingskomitee besluit om die Goewerneur-Generaal en genl. Smuts om 'n onderhoud te vra ten einde hulle te versoek om 'n arbitrasiehof daar te stel om die geskil te probeer skik. (47) Aangesien 'n gees van onversetlikheid van beide die Kamer van Mynwese en die Federasie tot dusver alle onderhandelings en samesprekings laat misluk het, het die Germistonse stakingskomitee deur hierdie besluit gehoop om iets positiefs en daadwerkliks te doen ten einde die staking te beëindig.

Hierdie stap van die Germistonse stakingskomitee het die Federasie wakker geskud; hulle het die besluit van Germiston sterk afgekeur en besluit om van genl. Smuts se bemiddelaars-aanbod (48) gebruik te maak. Op 3 Februarie het hulle besluit om 'n deputasie, bestaande uit Joe Thompson, ene Butler, ene Lewis en ene Curran af te vaardig om genl. Smuts te gaan spreek oor 'n oplossing vir

----------oOo----------

(45) South African Mining & Engineering Journal, 4/2/22, pp. 773-774, 786; Sien ook Chittenden, op.cit., p. 16.

(46) Sien hoofstuk 2, pp. 22-44, hierbo.

(47) The Cape Times, 2/2/22; South African Mining & Engineering Journal, pp. 773, 774. Sien ook Chittenden, op.cit., p. 16.

(48) Sien hierbo, p. 86.

89/ .....

die geskil. (49) Tydens hierdie samesprekings het genl. Smuts die volgende voorstelle gemaak: eerstens moes die werk hervat word op die beste voorwaardes wat verkry kon word, so nie, op die voorwaardes van die Kamer van Mynwese soos vervat in hul brief van 28 Januarie 1922.(50); tweedens sou die voorwaardes waaronder hulle die werk sou hervat, onderworpe wees aan wysiging en reëling soos hierna uiteengesit is: die Regering sou naamlik 'n onpartydige raad aanstel wat so gou doenlik aan die Regering verslag moet lewer. Hierdie verslag moes dadelik aan die Parlement voorgelê word, en indien die wenke daarin aan die hand gedoen, prakties uitvoerbaar sou wees, sou die Regering dit uitvoer. Laastens moes, indien nodig, dadelik 'n hoofdelike stemming oor hierdie voorstelle onder die stakers gehou word. (51)

Hierdie positiewe voorstelle van genl. Smuts is ongelukkig nie deur die deputasie aanvaar nie, hoofsaaklik omdat hulle die Premier gewantrou het. Hulle wou 'n duidelike verklaring oor die kwessie van die status quo-ooreenkoms (52) hê en as gevolg daarvan het genl. Smuts weer eens die posisie met die Kamer van Mynwese bespreek. Die gevolg hiervan was 'n nuwe gewysigde voorstel van die Kamer van Mynwese.

(iii) <u>Die gewysigde voorstel van die Kamer van Mynwese en die reaksie van die Federasie daarop</u>.

Op 6 Februarie het die Kamer van Mynwese sy brief van 28 Januarie (53) soos volg gewysig, naamlik dat die wysiging van die status quo-ooreenkoms sou plaasvind met betrekking tot die myne waarvan die produksiekoste per fyn ons gedurende die laaste drie maande van 1921

----------oOo----------

(49) Die Burger, 4/2/22; The Star, 4/2/22; The Cape Times, 4/2/22.

(50) Sien hierbo, pp. 86, 87.

(51) Die Burger, 7/2/22; S.A. Mining & Engineering Journal, 11/2/22, p. 805.

(52) Sien verder hieroor, hoofstuk 1, p. 12, hierbo; ook hoofstuk 3, pp. 53-54, hierbo.

90/ .....

meer was as die standaardwaarde van goud, en dat ten opsigte van alle ander myne die beëindiging opgeskort sou word totdat die Regering en die Parlement die verslag van die Raad van Ondersoek, soos voorgestel deur genl. Smuts, behandel het. In geval van 'n geskil, sou die staatsmyningenieur bepaal onder welke groep enige sodanige myn sorteer. (54) W.W 107

Hierdie konsessie van die Kamer van Mynwese het egter vir die stakers nie ver genoeg gegaan nie. Hulle het op die voorstel van die Kamer van Mynwese geantwoord met die stel van die volgende voorwaardes, onderhewig egter aan die goedkeuring van die Vergrote Uitvoerende Komitee:

(a) hulle onderneem om die werk te hervat op die voorwaardes van voor die staking;

(b) die Regering moes 'n onpartydige raad benoem om ondersoek in te stel na al die geskilpunte, behalwe (d), en die raad moes so gou moontlik aan die Regering verslag doen;

(c) die voorwaardes van werkhervatting sou onderworpe wees aan wysiging en reëling in die finale skikking, gebaseer op die bevindings van die bogenoemde raad;

(d) die status quo-ooreenkoms (55) sou van krag bly, maar indien nodig, mag die raad aanbevelings doen in sake enige alternatief vir die doeltreffender beskerming van blanke-arbeiders;

(e) die Regering sou 'n permanente Industriële Raad benoem om in adviserende hoedanigheid met die parlement saam te werk ten opsigte van alle sake rakende die industriële lewe en ontwikkeling van die land se hulpbronne. (56)

Hierdie onversetlikheid van die stakers ten opsigte van die status quo-ooreenkoms moet gesien word in die lig daarvan dat die

----------oOo----------

(54) Die Burger, 7/2/22; The Star, 8/2/22; South African Mining & Engineering Journal, 11/2/22. p. 805.

(55) Sien verder hieroor, hoofstuk 1, p. 12, hierbo; ook hoofstuk 3, pp. 53-54, hierbo.

(56) Vergelyk ook Die Burger, 7/2/22; De Volkstem, 7/2/22; South African Mining & Engineering Journal, 11/2/22, pp. 805-806.

91/ .....

stakers die ooreenkoms beskou het as die enigste doeltreffende beskerming van blanke-arbeid. Heeltemal verkeerdelik het hulle die status quo-ooreenkoms as sinoniem met die industriële kleurskeidslyn beskou (57), hoewel daar nadruklik deur genl. Smuts en sir E. Wallers, die voormalige president van die Kamer van Mynwese, verklaar is dat die goudmynnywerheid nie van plan was om die kleurskeidslyn op te hef nie. (58) Buitendien sou die opheffing van die ooreenkoms slegs 2,000 arbeiders oor 'n periode van enkele maande, raak. (59) Beide die Regering en die Kamer van Mynwese is egter vanweë hulle aandeel in die stakings van 1907, 1913,en 1914 (60)deur die stakers gewantrou; gevolglik het hulle geen waarde geheg aan die verklarings en versekerings, naamlik dat die kleurskeidslyn nie in gevaar verkeer nie, en derhalwe het hulle onbeweeglik gestaan by die opskorting van die kennisgewing rakende die status quo-ooreenkoms.

(iv) Die slagkreet „'n Blanke Suid-Afrika."

Hierdie opvatting onder die stakers, naamlik dat hulle veg vir die behoud van die kleurskeidslyn, is deur talle sprekers uitgebuit. Hier word met enkele voorbeelde volstaan:

Op 5 Januarie het Thompson van die Federasie 'n monstervergadering toegespreek en verklaar dat daar 'n georganiseerde poging aan die kant van die werkgewers was om die blanke ten gunste van die nieblanke uit die nywerheidswêreld uit te werk. Hierdie selfde standpunt het W.B. Madeley op 15 Januarie op 'n openbare vergadering te Von Brandisplein gehandhaaf. Op 26 Januarie het Creswell in Johannesburg verklaar dat die kleurskeidslyn die stimulus agter die hele staking

----------oOo----------

(57) Sien verder hieroor, hierbo hoofstuk 1, pp. 9-12.
(58) Vergelyk ook Urquhart, op.cit., p. 35.
(59) H.O. Buckle se verklaring, (Sien hoofstuk 3, p. 17, hierbo.)
(60) Sien verder hieroor, hoofstuk 2, pp. 22-44, hierbo.

92/ .....

was en op 9 Februarie het genl. Hertzog 'n soortgelyke gedagte uitgespreek. Ds. J.C. Oosthuizen van die N.G.-kerk het op 19 Januarie 'n vergadering op die Brakpanse markplein toegespreek en die optrede van die Kamer van Mynwese om „'n swart Suid-Afrika daar te stel" skerp veroordeel.(61) Die slagkreet van „'n blanke Suid-Afrika", het gou posgevat en die stakers het gereken dat hulle daarvoor stry. (62)

Hierdie vorm van indoktrinasie, naamlik dat die staking gaan om die behoud van die kleurskeidslyn en dat die stakers stry vir 'n blanke Suid-Afrika, was direk verantwoordelik vir die mislukking van alle pogings om die staking op 'n vreedsame wyse te probeer skik en dit was bloot 'n kwessie van tyd voordat daar tot geweld oorgegaan sou word. (63)

(v) Die toestand aan die einde van Januarie.

Die belangrikste gebeurtenis tydens die staking tot dusver, was seker die stigting van stakerskommando's. Hierdie kommando's het solidariteit (64) aan die staking verleen. Volgens die stakers het die teenwoordigheid van die kommando's ook groter doeltreffendheid aan die Federasie verleen en dit het gehelp om die vrede te bewaar omdat dit die stakers glo besig sou gehou het. Teen die einde van Januarie het die aantal kommando's vermeerder. Hierdie kommando's het bestaan uit voetvolk, fietsryers en perderuiters, en hulle daaglikse oefeninge het onder andere bestaan uit drilwerk en metodes om perde te ontruiter. Op 1 Februarie het die Fordsburgse stakingskomitee besluit om noodlenigingsrantsoene alleen aan kommandolede uit te reik en hierdie beleid is later deur ander stakingskomitees gevolg. (65)

----------oOo----------

(61) Urquhart, op.cit., p. 35.

(62) Cartwright, op.cit., p. 203.

(63) Sien verder oor die geweldpleging, hoofstuk 5, hieronder.

(64) Vergelyk hierbo, voetnoot 23, p. 80.

(65) Die bevelvoerende offisier van die stakingskommando's was ene Piet Erasmus. (Sien verder hieroor, Thursby Atwell, op.cit., pp. 172-175.)

93/ .....

Die herhaaldelike versekering van die stakers en hulle woordvoerders, naamlik dat die kommandostelsel in die lewe geroep is om die vrede te bewaar, is moeilik om te glo want alle sporadiese uitbarstings en dade van geweldpleging wat tot dusver voorgekom het, is uitgevoer deur die kommando's. Teen die einde van Januarie het die inmenging van die kommando's in die werksaamhede van die myne, soos byvoorbeeld die instandhouding van die pompe, só lastig begin word, dat kol. Truter verplig was om op 7 Februarie te verklaar dat hy die verskyning van stakerstroepe op straat nie langer kon toelaat nie en dat die polisie opdrag gegee is om hierdie kommando's teen te werk. (66)

Teen die einde van Januarie was daar reeds etlike myne wat oorstroom was en 35,000 Bantoes was reeds gerepatrieer. (67) Die haglike toestand waarin die hele goudmynnywerheid reeds aan die einde van Januarie gewikkel was, het by die dag vererger. Aangesien die goudmyne nie alleen 'n belangrike inkomstebron in 'n tyd van geldskaarste was nie, maar ook 'n belangrike werkverskaffer in 'n tyd van werkloosheid, was dit nie alleen vir die Regering nie, maar ook vir die land en sy bevolking dringend noodsaaklik dat die nywerheid so spoedig moontlik weer met sy produksie moes begin ten einde sy deel te kon bydra tot die bekamping van die geldskaarste en werkloosheid.

(vi) Genl. Smuts se brief van 11 Februarie 1922.

Terdeë bewus van die toestand soos dit hierbo uiteengesit is, het genl. Smuts op 11 Februarie 'n brief in die pers gepubliseer waarin hy 'n beroep op die Federasie gedoen het om die staking te beëindig en die werksaamhede te hervat op die voorwaardes soos vervat in die

----------oOo----------

(66) Vergelyk ook Der Deutsch Afrikaner, 9/2/22, p. 18; Thursby Atwell, op.cit., p. 175.

(67) Bespreking in Der Deutsch Afrikaner, 2/2/22, p. 24.

94/ .....

Kamer van Mynwese se brief van 28 Januarie, plus hulle toegewing in verband met die status quo-ooreenkoms. (68) Verder moes die finale ooreenkoms, na 'n onpartydige ondersoek, aan die Volksraad oorgelaat word. Die taak van die Raad van Ondersoek sou wees om die volgende te ondersoek en daaroor verslag te doen: werkverskaffing aan blankes, die werking van die status quo-ooreenkoms, die vasstelling van die verhouding tussen blanke en gekleurde werkers en die ekonomiese bewerking van die myne. Wedersydse opoffering sou nodig wees om die myne van 'n lae ertsgehalte te red, en 'n onpartydige liggaam sou beslis wanneer 'n myn van 'n lae ertsgehalte is en wanneer nie. Ten slotte is polisiebeskerming beloof aan almal wat op 14 Februarie na hul werk sou terugkeer. (69)

Hierdie beroep van genl. Smuts was heeltemal billik en 'n poging om by wyse van 'n kompromis 'n einde aan die geskil te maak. Die brief is egter verkeerd deur die stakers geïnterpreteer; die gevolge van hierdie foutiewe interpretasie en die interpretasie self, sal in die volgende afdeling behandel word.

2. Die staking neem 'n wending.

(a) Die begin van geweldpleging deur die stakers.

Hierdie brief van genl. Smuts het letterlik 'n keerpunt in die staking teweeggebring. Na die verskyning daarvan, het J. Thompson 'n spesiale vergadering van die Gesamentlike Uitvoerende Komitees van die betrokke vakbonde op 12 Februarie in die Johannesburgse vakbondsaal belê. Na aanleiding van die laaste twee paragrawe van die brief, waarin genl. Smuts polisiebeskerming beloof het aan diegene wat hul werk sou hervat, en waarin die myneienaars versoek is om

----------oOo----------

(68) Sien hierbo, pp. 86, 87 en 89, 90 onderskeidelik.

(69) Smuts, J.C. Brief gepubliseer in Die Burger, 13/2/22; Sien ook South African Mining & Engineering Journal, 18/2/22. pp. 843-844; Gitsham & Trembath, op.cit., p. 49; Thursby Atwell, op.cit., p. 175.

95/ .....

die werksaamhede weer te begin, het die stakingleiers verklaar dat hulle Smuts se uitdaging aanvaar en hulle het 'n beroep op die stakers gedoen om vas te staan. (70)

Intussen het die kommando's gegroei, en hierdie groei het gesinkroniseer met die daling in die mag van die stakingskomitees en die Uitvoerende Komitee van die Federasie. Die verklaring van die daling in mag moet daarin gesoek word dat die kommando's meer daadwerlik opgetree het en 'n meer ekstremistiese neiging begin toon het. Die stakers het moeg geword vir die gematigde element wat op vreedsame wyse die staking probeer skik het, gevolglik het die ekstremistiese groep veral in die persone van Spendiff, P. Fisher, J. Wordingham, W. Richardson, K.J. van Koller, M. Higgins, R. Annetts, F.W. Pate en A. McDermid wat 'n beleid van openlike geweldpleging gepropageer het (71), veel meer aanhangers onder die stakers verkry.

'n Nuwe keerpunt in die staking is bereik en die vergaderings is in groter getalle bygewoon om te besluit wat hulle nou te doen staan. Waar die vergaderings vroeër eerder as 'n soort van 'n tydverdryf beskou is, is dit na die verskyning van genl. Smuts se brief beskou as 'n noodsaaklikheid ten einde die staking suksesvol te laat eindig. Die toehoorders is getrakteer op vurige toesprake waarin geweldpleging openlik verkondig is. Diegene wat aan genl. Smuts se beroep om hul werk te hervat wou gehoor gee, sou ondanks die beloofde polisiebeskerming heftig beveg word. Waar die stakers vroeër ongewapen was, het hulle nou 'n stadium bereik waarop byna enige wapen welkom was. (72) Selfs vrouekommando's is gestig wat 'n aktiewe

----------oOo----------

(70) South African Mining & Engineering Journal, 18/2/22, p. 844; Sien ook Chittenden, op.cit., p. 18.

(71) U.G. 35-1922: Report of the Martial Law Inquiry Judicial Commission, pp. 7, 28. Hulle was lede van die sg. Raad van Aksie.

(72) Sien ook Die Burger, 14/2/22.

96/ .....

rol gespeel het in intimidasie en aanrandings. (73)

Waar dit moontlik was, het die myneienaars aan die beroep om die werksaamhede te hervat voldoen, maar die intimidasieveldtog van die stakers het die hervatting van werksaamhede bemoeilik. (74) Intimidasie op gewelddadige wyse was aan die orde van die dag en teen die 45ste dag van die staking was daar reeds 500 "scabs" in die hospitale. (75) Teen die helfte van Februarie het die brandwagte in die Germistonse gebied by die huise van "scabs" begin waghou. (76) Op die 21ste dag van die staking het die eerste ernstige botsing tussen die polisie en die kommando's plaasgevind toe die polisie probeer het om twee "scabs" wat deur die kommando's gevang is, in Germiston te ontset. (77) 'n Arbeider van Modder B se meubels is aan die brand gesteek toe hy na die myneiendom wou verhuis, juis omdat hy 'n "scab" was. (78) Die nag van die 22ste Januarie is die elektriese kragleiding van die V.F.P.C. na die Geduldmyn met dinamiet vernietig, met die doel om werksaamhede aldaar te skaad. (79)

Teen die 25ste Februarie het vir die Johannesburgse kragstasie 'n krisis voor die deur gelê aangesien die beskikbare steenkool bykans uitgeput was. Die gevolg hiervan was dat die Tremweë en Beligtingskomitee verklaar het dat hulle weer steenkool van die ou bronne gaan gebruik, en hierdie steenkool is deur die Federasie as "scab"-steenkool geklassifiseer. Die gevolg hiervan was dat die Vergrote Uitvoerende Komitee verklaar het dat hy 'n beroep op die arbeiders van die kragstasie sou doen om te weier om hierdie steenkool te hanteer. (80)

----------oOo----------

(73) Vergelyk verder hieroor, Thursby Atwell, op.cit., p. 175.
(74) The Star, 24/2/22.
(75) Der Deutsch Afrikaner, 23/2/22.
(76) The Star, 15/2/22.
(77) The Star, 21/2/22.
(78) South African Mining & Engineering Journal, 25/2/22, p. 872; Der Deutsch Afrikaner, 23/2/22, p. 17.
(79) Der Deutsch Afrikaner, 23/2/22, p. 17.
(80) The Star, 25/2/22 en 27/2/22.

97/ .....

Toe daar noodwendig van "scab"-steenkool gebruik gemaak is, het die arbeiders gestaak. Die polisie het toe besit geneem van die kragstadie en 'n beroep gedoen op alle tegnici om die stadsraad te help om die kragstasie aan die gang te hou. (81) Teen die einde van Februarie het toestande sodanig versleg dat daar 1,000 spesiale konstabels van Johannesburg en 500 van Pretoria ingesweer is. (82)

As gevolg van die veldtogte teen "scabs", was dit onvermydelik dat die stakers en die polisie sou bots. Die tyd was onvermydelik daar dat daar met geweld teen die stakers opgetree sou moes word, omdat hulle hoe later hoe meer astrant geword en die geduld van die polisie terdeë op die proef gestel het. (83)

(b) Die Boksburg-insident.

Op 27 Februarie het die polisie met twee kommando's te Boksburg gebots waarna daar 23 arrestasies gemaak is. Op sigself het hierdie botsing nie veel ingehou nie, maar die aand van 28 Februarie het 'n kommando stakers na die tronk gegaan om die gearresteerdes toe te sing. Kaptein Fulford en 'n aantal polisiemanne het die kommando teëgehou en Fulford was onder die indruk dat hulle die polisiekamp wou aanval of dat hulle hul makkers wou bevry. (84) Toe hulle Fulford se bevel om uiteen te gaan verontagsaam het, het die polisie hulle met knuppels bestorm. Vanuit verskeie rigtings is daar op die polisie gevuur en toe die polisie die vuur beantwoord, is drie stakers, D.H. Ackermann, J.J.F. Terblanch en E.L. Krause gedood. Daarna het die kommando uitmekaar gespat, en

----------oOo----------

(81) The Star, 28/2/22; Die Burger, 28/2/22. Vrywilligers en lede van die Geassosieerde Wetenskaplike- en Tegniese Verenigings het die kragstasie beman. (Sien die South African Mining & Engineering Journal, 4/3/22, p. 919.)

(82) The Cape Times, 25/2/22; Der Deutsch Afrikaner, 2/3/22, p. 20.

(83) Vir 'n volledige relaas oor die aandeel van die S.A.P., sien Thursby Atwell, op.cit.

(84) Thursby Atwell, op.cit., p. 178.

98/ .....

so eindig dan die eerste botsing tussen die stakers en die polisie wat gepaard gegaan het met lewensverlies. (85)

Hierdie botsing was van groot betekenis, aangesien dit die einde van die tweede fase wat gekenmerk is deur geweldpleging op beperkte skaal en woeling en intimidasie, beteken het. Dit het terselfdertyd die derde fase, die rewolusionêre deel, ingelui. Die toestand was reeds smeulend en gistend en hierdie botsing het die nodige olie verskaf om die reeds smeulende vuur te laat ontvlam. Die geweld, verwoesting en skrikbewind wat die derde fase van die staking gekenmerk het, sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

3. Die Nasionale Party en die staking.

Aangesien die stakers onder andere bestaan het uit ondersteuners van die Nasionale Party, en aangesien die Nasionale Party en die Arbeidersparty deur die staking in mekaar se arms gedryf is, is dit op hierdie stadium wenslik om 'n kort oorsig te gee oor die Nasionale Party en die staking.

Die houding van die Party teenoor die staking moet gesien word in die lig daarvan dat daar sedert die Tweede Vryheidsoorlog en in 'n verskerpte mate na die 1907-staking (86) 'n verstedeliking van die plattelandse Afrikaner plaasgevind het. (87) Die onvermydelike gevolg hiervan was dat 'n hele aantal van die Nasionale Party se ondersteuners hulle toe veral aan die Rand bevind het as nywerheidsarbeiders. Dit was derhalwe heeltemal voor die hand liggend dat die Nasionale Party die stakers sou steun in hul stryd teen die

----------oOo----------

(85) Die Burger, 1/3/22; The Star, 1/3/22; De Volkstem, 3/3/22; The Cape Times, 1/3/22; Der Deutsch Afrikaner, 2/3/22, p. 19; South African Mining & Engineering Journal, 4/3/22, p. 919.

(86) Sien verder hieroor, hoofstuk 2, pp. 22-24, hierbo.

(87) Vergelyk ook hoofstuk 1, pp. 5-6, hierbo.

99/ .....

Regering en die Kamer van Mynwese. Reeds teen 16 Januarie 1922 het verteenwoordigers van die stakers Suid- en Wes-Transvaal en die Noord-Vrystaat binnegeval met 'n propagandaveldtog, naamlik dat die kleurskeidslyn (88) in gevaar verkeer. (89) Vanaf die platteland het die stakers baie hulp verwag; in hierdie verwagting is hulle ook gesterk deur T. Roos, partyleier van die Nasionale Party in Transvaal, en H.H. Moll, die partysekretaris, wat in Germiston op 21 Januarie 1922 elk 'n toespraak gehou het. Roos het onder andere verklaar dat die Nasionale Party die stakers sou steun, terwyl Moll die indruk geskep het dat die hele platteland agter die stakers staan. (90) In 'n brief gepubliseer in „Ons Vaderland", het Roos 'n beroep gedoen op die volk om nie gehoor te gee aan 'n bevel indien hul opgekommandeer sou word om die staking te onderdruk nie. (91) Hierdie verklaring was heeltemal teenstrydig met die beskouing wat genl. Hertzog gehuldig het in sy samesprekings met die Witbankse stakingskomitee. Hertzog het naamlik sy party nie gebind aan die stakingskomitee nie, maar alleen openbaar dat die party simpatiek staan teenoor die stakers. (92) Verder het hy die vorming van pro-stakerskommando's sterk afgekeur en verklaar dat die Nasionale Party die stakers alleen sou steun solank hul hul sou onthou van geweld. (93) Hierdeur het Hertzog dus 'n demper geplaas op die buitensporige uitlatings van Roos.

Vroeg in Februarie het Roos 'n vergadering van Provinsiale Raadslede van die Nasionale Party en die Arbeidersparty in Pretoria belê om die staking te bespreek. Op 5 Februarie het M. Kentridge, lid van die Arbeidersparty, op 'n vergadering van stakers in Johannesburg 'n mosie wat gesekondeer is deur Waterston, ook lid van die

----------oOo----------

(88) Sien hoofstuk 1, pp. 9-13, hierbo.

(89) The Star, 20/1/22.

(90) De Volkstem, 24/1/22; Die Burger, 23/1/22; Notule van die Volksraad, The Cape Times, 22/2/22.

(91) Urquhart, op.cit., p.

(92) The Cape Times, 1/2/22; 13/3/22.

(93) Urquhart, op.cit., p.

100/ .....

Arbeidersparty, ingedien waarkragtens die bogenoemde vergadering van Roos, die sogenaamde Rompparlement, gevra sou word om onverwyld 'n republiek af te kondig en 'n voorlopige Regering saam te stel. Hierdie voorstel is egter deur die vergadering verwerp. (94) Hierdie mosie het nie die goedkeuring van al die Arbeiderspartylede weggedra nie, want vir Boydell sou 'n Nasionale republiek 'n ekonomiese en sosiale onheil wees. (95) Bowendien het genl. Hertzog in die Volksraad verklaar dat hy die stakers op Witbank meegedeel het dat sy party alleen in 'n republiek belangstel indien beide bevolkingsgroepe dit verlang, en dan ook alleen langs konstitusionele weg. (96)

Tog was hierdie republiekmosie die begin van 'n bepaalde verstandhouding tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty (97) wat direk daarvoor verantwoordelik was dat die Regering van genl. Smuts ontsetel is. (98)

----------oOo----------

(94) Der Deutsch Afrikaner, 9/2/22, p. 18; South African Mining & Engineering Journal, 11/2/22; Chittenden, op.cit., p. 17.

(95) Die Burger, 7/2/22.

(96) Notule van die Volksraad soos gepubliseer in The Guardian, 6/5/22.

(97) Sien hoofstuk 6, pp. 133, 134, hieronder.

(98) Sien hoofstuk 6, pp. 143-146, hieronder.

101/ .....

HOOFSTUK 5.

DIE REWOLUSIE AAN DIE RAND.

Die Boksburg-insident (1) het veel bitterheid onder die stakers veroorsaak. Die begrafnis van die slagoffers is deur groot skares bygewoon, maar hulle het daarna vreedsaam uiteengegaan. (2) Hierna het 'n stilte oor die stad toegesak, 'n stilte wat gekenmerk was deur spanning en senuweeagtigheid. Dit was egter net die spreekwoordelike stilte voor die storm en dit sou nie lank wees nie, voordat hierdie storm sou losbars om die land in 'n staat van burgeroorlog te omskep. (3)

1. Die oorname van beheer deur die Raad van Aksie. (4)

(a) Die Germistonse vredeskonferensie.

Op 2 Maart het die Kamer van Mynwese sy voorstelle van 29 Januarie (5) herhaal as voorwaardes waarop die werksaamhede hervat sou word, (6) en die Federasie se voorstelle, waarin hulle onder andere voorgestel het dat die status quo-ooreenkoms (7) van krag moes bly totdat die parlement die verslag van die aangestelde kommissie oor die hele aangeleentheid bespreek het, is verwerp. (8) Na aanleiding hiervan, is die Germistonse vredeskonferensie belê.

(i) Die besluite van die konferensie.

Die doel van hierdie konferensie was om 'n laaste poging aan te

----------oOo----------

(1) Sien hierbo, pp. 97, 98 hoofstuk 4.
(2) Vergelyk ook Thursby Atwell, op.cit., p. 179.
(3) Sien ook The Cape Times, 2/3/22.
(4) Vir die lede van die Raad, sien hoofstuk 4 p. 95, hierbo.
(5) Sien hoofstuk 4, p. 86, hierbo.
(6) Vergelyk ook Walker & Weinbren, op.cit., p. 116.
(7) Sien hoofstuk 1, p. 12, hierbo.
(8) Die Burger, 22/2/22.

102/ .....

wend om die situasie te red, omdat die stakers steeds in toenemende getalle teruggekeer het werk toe. (9) Op 3 Maart het die Vergrote Uitvoerende Komitee van die Federasie die Kamer van Mynwese per brief versoek om 'n rondetafelkonferensie te hou ten einde te besluit op watter voorwaardes die werk dadelik hervat sou kon word. Na aanleiding van die antwoord van die Kamer van Mynwese (die antwoord word hieronder bespreek) het die gematigde Germiston-stakers op 4 Maart 'n sogenaamde vredeskonferensie belê waarheen verteenwoordigers van alle stakingsentrums uitgenooi is om te besluit of hulle 'n stemming sou hou oor die kwessie van werkhervatting op die Kamer van Mynwese se voorwaardes. (10) Die moontlikheid vir die skikking van die geskil was besonder gunstig, hoofsaaklik omdat die stakers moeg was vir die sinnelose stryd, maar die antwoord van die Kamer van Mynwese en die gevolglike propagandaveldtog van W.H. Andrews sou 'n algehele omwenteling in die verloop van sake bring.

(ii) Die ontaktvolle antwoord van die Kamer van Mynwese.

Na aanleiding van die bogenoemde versoek van die Federasie se Vergrote Uitvoerende Komitee het die Kamer van Mynwese geantwoord dat die Federasie óf onwillig, óf onbevoegd was om die kritieke posisie van die goudmynnywerheid te besef, en dat die Kamer van Mynwese derhalwe nie verder sou tyd mors „in attempting to convince persons of that mental calibre." (11) Verder is die voorwaardes van 29 Januarie (12) herhaal en daar is bekend gemaak dat die Federasie nie langer erken sou word nie, omdat die Federasie nie langer die meerderheid arbeiders in die goud- en steenkoolmyne verteenwoordig het nie. Die Kamer van Mynwese het derhalwe geen rede gesien "why

----------oOo----------

(9) Vergelyk ook Chittenden, op.cit., p. 21.

(10) Die Burger, 6/3/22; The Cape Times, 6/3/22; Gitsham & Trembath, op.cit., p. 50; Urquhart, op.cit., p. 66.

(11) Walker & Weinbren, op.cit., p. 177, ook byvoegsel H in op.cit.

(12) Sien hoofstuk 4, pp. 86-87, hierbo.

103/ .....

they should discuss business with the representatives of slaughtermen and tramwaymen." (13).

Hierdie brief van die Kamer van Mynwese, op 'n tydstip toe die stakers begin insien het dat die stryd gedoem was tot mislukking en toe hulle bereid was om tot 'n skikking te geraak, sou uiteindelik net die teenoorgestelde uitwerking hê, naamlik dat dit die arbeiders opnuut weer in die harnas sou jaag teen die Kamer van Mynwese.

(b) Die konferensie van die Federasie.

Die Germistonse Vredeskonferensie (14) het die Federasie onder die besef gebring dat dit tyd geword het om daadwerklike stappe te doen om die staking te beëindig. Die poging om die staking te beëindig sou egter moes swig voor die optrede van die ekstremiste.

(i) Die aandeel van W.H. Andrews.

Na aanleiding van die feit dat daar talle stakers was wat begin terugkeer het werk toe en dat die Vergrote Uitvoerende Komitee en die Germistonse Vredeskonferensie begerig was om die stryd te beëindig, het die ekstremiste in die persoon van Andrews gesien dat die leiding moès oorgaan na die Raad van Aksie en die kommando's. Hierdie Raad van Aksie wat tot stand gekom het na die Langlaagtestaking van 1921 (15) het 'n beleid van openlike geweldpleging en rewolusie gepredik; 'n staat van anargie moes geskep word deur middel van grootskaalse geweldpleging en plundering, en te midde van die

----------oOo----------

(13) Walker & Weinbren, op.cit., p. 177, ook byvoegsel H; Vergelyk ook Cartwright, op.cit., p. 204; Gitsham & Trembath, op.cit., p. 50; Die Burger, 6/3/22; S.A. Mining & Engineering Journal, 11/3/22, p. 937; Der Deutsch Afrikaner, 9/3/22, pp. 21, 22.

(14) Sien hierbo, pp. 101, 102.

(15) Sien hoofstuk 3, pp. 55-56, hierbo.

104/ .....

wanorde, moes beheer oor die myne oorgeneem word. Na 'n bespreking van die weiering van die Kamer van Mynwese om verder te onderhandel, het die Vergrote Uitvoerende Komitee nog dieselfde dag, 4 Maart, besluit om 'n stemming onder die stakers te hou oor die kwessie van werkhervatting. (16) Dit wou Andrews ten alle koste vermy, omdat die moontlikheid bestaan het dat die uitslag kon wees ten gunste van werkhervatting. Die volgende dag het Andrews die afgevaardigdes na die Germistonse konferensie toegespreek en 'n uiteensetting van hul beleid van geweldpleging gegee, met die gevolg dat die afgevaardigdes gereageer het ten gunste van 'n algemene staking. Ten einde snelle beslissings te neem is 'n spesiale Raad van Aksie, bestaande uit Andrews, Fisher, Spendiff, Mason, Shaw en Wordingham gestig. Die leiers van die Federasie moes magteloos toesien hoe die beheer oorgegaan het in die hande van die Raad van Aksie. (17)

Die sukses van Andrews moet nie alleen toegeskryf word aan die feit dat hy 'n besondere mate van oorredingsvermoë besit het nie, maar ook aan die feit dat die Kamer van Mynwese se brief (18) mettertyd bekend geword het en dat hierdie brief aanleiding gegee het tot die verspreiding van die ontevredenheid.

(ii) Die afkondiging van 'n algemene staking.

Op Maandag, 6 Maart, is die onafhanklike Germistonse konferensie amptelik deur die Federasie voortgesit, maar intussen het die Raad van Aksie kennisgewings aan alle kommandoleiers gestuur om op daardie dag met hul kommando's na die sentrale deel van die stad te kom. (19) Terwyl die kommando's rondom die vakbondsaal waarin die konferensie plaasgevind het, saamgedrom het, is hulle op brood en

----------oOo----------

(16) Vergelyk ook Chittenden, op.cit., p. 21.
(17) Cope, op.cit., p. 263.
(18) Sien pp. 102-103, hierbo.
(19) Cope, op.cit., p. 265.

105/ .....

koffie en vurige toesprake wat gemik daarop was om die stakers aan te hits om aan te dring op 'n algemene staking, getrakteer. Hoe langer die konferensie geduur het, hoe onstuimiger het die massa geword en geweier om die afgevaardigdes die vergadersaal te laat verlaat, tensy hulle 'n algemene staking afkondig. Die konferensie was magteloos, want die massa was volkome in beheer van die Raad van Aksie wat net een doel voor oë gehad het, naamlik die afkondiging van 'n algemene staking. Toe die massa teen 6.00 nm. nog steeds om die saal vergader was, het die konferensie geswig en 'n algemene staking is afgekondig. (20)

Die beheer oor die algemene staking sou uitgeoefen word deur 'n raad van vyf, benoem deur die Federasie, maar die volgende dag het hulle hul mag, op aandrang van die Aksiekomitee, aan laasgenoemde gedelegeer en die stempel wat die volmag van die Raad van Vyf en die Vergrote Uitvoerende Komitee was, is aan die Aksiekomitee gegee. (21) En so het die Federasie wat die staking oorspronklik afgekondig het, alle beheer oor die staking verloor. Die uiterste ekstremiste wat saamgesnoer was in Die Raad van Aksie en die Aksiekomitee, sou die algemene staking beheer; die fiasko en die ellende waarin hulle die land gedompel het, sal in die volgende onderafdeling behandel word.

2. Die algemene staking.

(a) Die algemene bedrywigheid van die stakers.

(i) Die toestand op die eerste dag van die algemene staking.

Ten einde uitvoering te gee aan die besluit van 'n algemene

----------oOo----------

(20) Vergelyk ook Cope, op.cit., p. 266; Thursby Atwell, op.cit., p. 180.

(21) Sien ook Cope, op.cit., p. 266.

106/ .....

staking, het Andrews op die eerste dag van die algemene staking na Pretoria gegaan om die samewerking van die spoorwegwerkers te verkry deur hulle te probeer oorreed om ook te staak, maar hulle het besluit om by hulle leiers te staan wat 'n beleid van „geen aksie" gepredik het. (22) Dit was die eerste tekens van die mislukking van die algemene staking want, naas die goudmyne, was die spoorweë die grootste werkverskaffer en as die spoorweë sou staak, sou dit as gunstige voorbeeld dien vir talle ander ondernemings se werknemers om ook te staak. Die eintlike doel met die poging om die spoorweë in die staking te betrek, was om die verkeer te ontwrig. Aangesien bykans alle nywerhede vir hulle voortbestaan afhanklik was van 'n konstante vloei van verkeer, sou sodanige ontwrigting die Aksiekomitee onmiddellik in 'n dominerende posisie plaas ten opsigte van die lewering van noodsaaklike voorrade en dienste. Bowendien sou so 'n ontwrigting die pogings van die Regering om die opstand te onderdruk, bemoeilik, aangesien die vervoer van troepe na die Rand daardeur getref sou word.

'n Ander faktor wat bygedra het tot die mislukking van die algemene staking, was die feit dat die Arbeiderraad van Kimberley slegs hul simpatie met die staking uitgespreek het, maar nie bereid was om daaraan deel te neem nie. (23) Gevolglik moes die plan om die polisiemag sodoende te verdeel, ook laat vaar word.

Desondanks het die kommando's aan die Rand gehelp om die staking te versprei en in baie gevalle is groot groepe brandwagte gebruik om onwillige arbeiders in fabrieke, winkels, bakkerye, ensovoort uit te sleep. (24) Hulle geledere is aangevul deur rondlopers en boewe. 'n Aanslag op die kantore van "The Star" is alleen voorkom deur die teenwoordigheid van die polisie. Teekamers en restaurante

----------oOo----------

(22) De Volkstem, 10/3/22. Sien ook p.109, hieronder.
(23) The Star, 14/1/22. Sien ook p.109, hieronder.
(24) Sien ook Thursby Atwell, op.cit., p. 181; Cope, op.cit., p.267.

is gesluit en die bediendes is uitgesleep en toe die polisie weer hul opwagting gemaak het, het dit duidelik geblyk dat skermutselings nie lank sou uitbly nie. (25)

Die middag het 'n vrouekommando 'n groep stakers na die poskantoor gelei, maar hulle is in hulle opmars daarheen deur die polisie afgesny. 'n Aanslag op die telefoonsentrale het gelei tot 'n botsing met die polisie in Jeppestraat waartydens 'n jong man 'n bajonetwond opgedoen het. Die Fordsburgse kommando het gehoor dat die jong man gedood is, en gewapen met knuppels en rewolwers het hulle hul na die toneel gehaas. Enkele skote is deur die stakers afgevuur, maar gelukkig sonder enige noodlottige gevolge. (26)

(ii) <u>Samesprekings tussen kommandoleiers en die Aksiekomitee</u>.

Terwyl hierdie wanordelikhede in die stad voortgegaan het, is daar 'n oorlogsberaad belê tussen die Aksiekomitee en die Kommandoleiers. Thompson was die voorsitter en die Aksiekomitee is verteenwoordig deur Andrews, Fisher en Spendiff. Die doel was om 'n plan te beraam vir 'n sentrale leierskap, maar hulle kon nie tot 'n bevredigende oplossing kom nie. Almal was ten gunste van die voortsetting van die staking, maar hulle het verskil ten opsigte van die uiteindelike doel: die Aksiekomitee was van Britse oorsprong en derhalwe van Britse beskouing; hulle was óf arbeiders óf kommuniste en wou hê dat die staking moes voortgaan op 'n industriële basis. Hulle was nie tevrede met die nasionale republikeinse gevoelens van die kommandoleiers nie, maar terselfdertyd het hulle besef dat die kommando's die enigste effektiewe mag aan die kant van die stakers was. Die Aksiekomitee het gehoop om 'n gedissiplineerde uitkyk op die kommando's oor te dra, want hulle het vernietiging voorsien indien

----------oOo----------

(25) Thursby Atwell, op.cit., 181
(26) De Volkstem, 10/3/22. Thursby Atwell, op. cit., 182

108/ .....

die beweging sou dryf in die rigting van die guarillatradisies van die Afrikaners. (27)

Aan die ander kant het die kommando's nie verenig gestaan nie want hulle was onwillig om hulle te plaas onder die leierskap van die Aksiekomitee. Ondanks die gemeenskaplike stryd, het die rasse- en tradisionele gevoelens nie verdwyn nie. Hulle het hulle gevegsplanne geheim gehou, terwyl persoonlike gevoelens hulle daarvan weerhou het om 'n enkele verenigde bevel te aanvaar. Hoewel die kommandoleiers tog 'n kontrolekomitee van 7 generaals en 'n adjudant aanvaar het, het die kommandoleiers hulle eie vergadering gehou, waarop geen lid van die Aksiekomitee toegelaat was nie en die Aksiekomitee is ook nie van hulle planne en besluite verwittig nie. (28)

Die feit dat daar geen samewerking tussen die kommandoleiers en die Aksiekomitee was nie, was 'n verdere spyker in die doodkis van die algemene staking. Die kommando's was die enigste effektiewe mag aan die kant van die stakers en die Aksiekomitee was in beheer van die algemene staking, en as gevolg van die onversoenbaarheid tussen hierdie twee instansies, was die algemene staking gedoem tot 'n vroeë mislukking.

(iii) Die aanvalle op Bantoes.

Op 7 Maart is die veldtog van 'n Bantoe-opstand geloods. Die eerste aanval is deur 'n groep stakers van Vrededorp op die munisipale kampongs aldaar gedoen. Op 8 Maart het groepe stakers op Bantoes gevuur by die Crown Mines, Sophiatown, Ferreiratown,

----------oOo----------

(27) Vergelyk ook Cope, op.cit., pp. 271-272.
(28) Sien ook Ibid., p. 272.

109/ .....

Glen Deep, Rose Deep, Primrose munisipale kampong, die Jubileekampong, Salisburykampong en ander plekke. Die totale ongevalle onder die Bantoes was 152 waarvan 24 gedood is. (29) Na onderhandelings met majoor Trigger het Thompson, die president van die Federasie, 'n persverklaring uitgereik waarkragtens die Vergrote Uitvoerende Komitee aan die stakers opdrag gegee het om die aanvalle op die nie-blankes onmiddellik te staak. (30)

Die stilswye van die Aksiekomitee as beherende liggaam in hierdie verband, kan nie anders opgevat word nie as dat hulle die aanvalle stilswyend goedgekeur het. Die rede vir die aanvalle op die nie-blankes moet gesoek word in 'n vergadering van die Vergrote Uitvoerende Komitee wat op 28 Februarie die volgende sake oorweeg het:

> (a) om 'n staking op die spoorweë te organiseer ten einde die verkeer te ontwrig;
>
> (b) om op Kimberley ook moeilikheid te organiseer ten einde die polisiemag te verdeel;
>
> (c) om, indien (a) en/of (b) nie sou slaag nie, die vraag om 'n groot opstand onder die Bantoes te veroorsaak, ernstig te oorweeg. (31)

Aan hierdie besluite het die Vergrote Uitvoerende Komitee nooit uitvoering gegee nie omdat die Raad van Aksie beheer oorgeneem het. (32) Dat die Raad van Aksie aan hierdie bogenoemde punte uitvoering wou gee, is voor die hand liggend: allereers het hulle probeer om die spoorweë in 'n staking te betrek. (33) Die Arbeiderraad van Kimberley het hom reeds gekant verklaar teen enige aktiewe

----------oOo----------

(29) Vergelyk ook U.G. 35-1922, pp. 18, 75; De Volkstem, 10/3/22; Der Deutsch Afrikaner, 9/3/22, p. 22; Urquhart, op.cit., p. 60.

(30) U.G. 35-1922, p. 76.

(31) Die Burger, 21/3/22.

(32) Sien pp. 104-105, hierbo.

(33) Sien verder hieroor, p. 106, hierbo.

110/ .....

deelname. (34) Die stilswye van die Raad van Aksie ten opsigte van die aanvalle op Bantoes, moet beskou word as 'n stilswyende goedkeuring daarvan, aangesien die eerste twee punte nie geslaag het nie. Wat so 'n opstand sou beteken, is heeltemal duidelik: allereers sou die Regering verplig wees om met al die mag tot sy beskikking die opstand te onderdruk. In die proses sou die burgerlikes bewapen moes word ten einde in staat te wees om hulself te beskerm, en sodoende sou die stakers ook wapens bekom. Ten slotte sou so 'n opstand die stakers geleentheid gee om die myne in besit te neem, aangesien die Regering se aandag in beslag geneem sou word deur die onderdrukking van die Bantoe-opstand.

(b) Die algemene toestand op 9 Maart, die dag voor die sogenaamde Swart Vrydag.

Onmiddellik na die afkondiging van die algemene staking het die kommando's hul gereed gemaak vir die aanval, wat soos hul geweet het, nou onvermydelik was, en die meer strydlustige kommando's het inderhaas probeer om hulself te bewapen. (35) Die Mynwerkersaal in Benoni is byvoorbeeld dieselfde dag met sandsakke verskans, terwyl die kommando in beheer, hulself met stokke en geweers bewapen het. (36)

Op 8 Maart het gemaskerdes, gesteun deur 'n stakerskommando, die sinjaalhuis te Jeppe in besit geneem. Op Braamfontein het die Fordburgse kommando masjiniste en stokers uitgesleep en by Uniestasie is die Kaapse hooflyntrein ontspoor. (37) In Turffontein is motors omgekeer, in Krugersdorp is telefoon- en telegraafdrade vernietig, die munisipale amptenare is uitgesleep deur lede van die

----------oOo----------

(34) Sien verder hieroor, p. 106, hierbo.

(35) Vergelyk ook Cope, op.cit., 268.

(36) U.G. 35-1922, p. 10

(37) Vergelyk ook Chittenden, op.cit., 23; Thursby Atwell, op.cit., p. 183.

111/ .....

kommando's en alle elektriese voorsiening en munisipale dienste is gestaak. (38) Dinamietontploffings het voorgekom op die spoorlyn in die omgewing van Witbank. (39)

Dit het geblyk asof die stakers daarop uit was om die algemene staking met geweld af te dwing en terwyl geweldpleging op 9 Maart voortgegaan het, is ses eenhede van die Aktiewe Burgermag (40) opgeroep en 1,000 spesiale konstabels is ingesweer. (41)

Die eerste aand van die algemene staking het etlike kommandante vergader en op aandrang van Fisher is 'n plan opgestel vir 'n reeks aanvalle op die verskillende polisiekampe en 'n daaropvolgende inval in die stad. Hierdie veldtog sou op Vrydag, 10 Maart plaasvind ten einde die kommando's van die buitewyke kans te gee om hulleself in gereedheid te bring. (42) Ondanks die verkille tussen die kommandoleiers en die Raad van Aksie (43) sou die opstand tog plaasvind. Op die middag van die 9de Maart het die kommando's in die omgewing van die stadsaal vergader waar hulle aangesê is om alles te stop. (44) Daardie nag is gewapende stakers by die verskillende stakingshoofkwartiere gekonsentreer waar hulle gewag het dat die dag moet breek. Waar wapens beskikbaar was, is dit uitgereik aan diegene wat ongewapend was. (45)

----------oOo----------

(38) Sien ook U.G. 35-1922, p. 10; The Star, 8/3/22.

(39) The Star, 9/3/22.

(40) Transvaal Horse Artillery, Imperial Light Horse, Transvaal Scottish, Railway & Harbour Rifles, Witwatersrand Rifles, Rand Light Infantery, asook 'n ambulans- en 'n sein-eenheid. (Sien The Cape Times, 9/3/22, Cartwright, op.cit., p. 205; Der Deutsch Afrikaner, 9/3/22, p. 23.)

(41) Thursby Atwell, op.cit., 185.

(42) Ibid., p. 182.

(43) Sien verder hieroor, pp. 107-108, hierbo.

(44) The Star, 9/3/22.

(45) Vergelyk Thursby Atwell, op.cit., p. 185; Urquhart, op.cit., p. 75.

112/ .....

Hierdie voorbereidings het daarop gedui dat wat gedurende die vorige paar dae plaasgevind het, net 'n voorsmakie was van wat nog sou volg. Generaal Smuts het toegelaat dat dinge te ver ontwikkel, (46) en dit sou die land 'n burgeroorlog kos alvorens rus en orde weer herstel sou wees.

3. Die afkondiging van krygswet en die gewelddadige onderdrukking van die staking.

(a) Die Rand in die hande van die stakers.

(i) Gebeure wat die afkondiging van krygswet voorafgegaan het.

Die oggend van 10 Maart het die beplande aanval van die kommando's in die stad (47) begin. Op hierdie dag, wat op heel treffende wyse deur die pers bestempel is as die sogenaamde „Swart Vrydag", het die staking verander in oorlog. Aanvalle is geloods op die polisie, die spoorweë en die myne vanaf die Oosrand tot die Wesrand. Die oormag was te groot en oral moes die verdedigers swig, behalwe in Boksburg waar die polisie vinnig opgetree het. Die Arbeidersaal aldaar is deur die polisie beset, daar is beslag gelê op wapens, ammunisie en dokumente, en talle arrestasies is gemaak. Hierdie optrede van die polisie het vocrkom dat ook Boksburg in die hande van die opstandelinge geval het. (48) Die stakers was vinnig besig om die oorhand oor die Rand te verkry.

----------oOo----------

(46) Na aanleiding van die Boksburg-insident (Sien hoofstuk 4, pp. 25-26, hierbo) het die opposisiepartye eenparig 'n spesiale en onpartydige ondersoek na die aangeleentheid geëis, maar Smuts het geweier en besluit "to allow things to develop." (Sien Die Burger, 2/3/22.) Hierdie gesindheid van Smuts moet gesien word teen die agtergrond daarvan dat hy van plan was om eens en vir altyd 'n einde te maak aan die arbeidsmoeilikhede. Hy sou die arbeiders toelaat om tot die uiterste te gaan sodat hulle hulself kon openbaar; hy wou sodoende hul doel onthul en die land 'n voorsmaak gee van wat werklike arbeidersprobleme beteken, en dan sou hy hulle vernietig. (Sien Armstrong, H.C. Grey Steel: A study in arrogance. Londen, Barker, 1937. pp. 349-350.)

(47) Sien hierbo, p. 111.

(48) Vergelyk ook Thursby Atwell, op.cit., p. 186.

113/ .....

Alles het daarop gedui dat die Raad van Aksie niks en niemand sou ontsien om sy strewe na 'n republiek van Nywerheidsarbeiders, te verwesenlik nie. Vir hierdie Raad was onderhandelings uit beginsel verkeerd en aksie en optrede was alles. Alle bestaande instellings moes vernietig word en op die ruïnes van die ou stelsel moes 'n nuwe staat opgebou word. (49)

(ii) Die afkondiging van krygswet.

Die Regering kon nie langer toelaat dat hierdie burgeroorlog voortduur nie. Teen 10:00 vm. op 10 Maart is krygswet afgekondig in die volgende distrikte: Benoni, Bethal, Boksburg, Ermelo, Germiston; Johannesburg, Klerksdorp, Krugersdorp, Potchefstroom, Pretoria, Roodepoort, Maraisburg, Springs en Standerton. (50)

Die afkondiging van krygswet het hoegenaamd geen uitwerking gehad op die stakers nie en bedrywighede het eerder vererger as wat dit bedaar het. Dit sou die Regering meer as net krygswet kos om die staking te onderdruk.

(iii) Die stakers gaan voort met hul bedrywighede.

Daar was absoluut niks wat die stakers op hierdie tydstip kon stuit nie en dit was asof die stakers besield was met 'n roekelose gees om verwoesting te pleeg. In Benoni het die stakers die woning van die magistraat, L. Gills, totaal vernietig. Die polisie aldaar het stelling ingeneem in die magistraatshof en die stakers in die Arbeidersaal en daar is oor en weer op mekaar gevuur. Die Putfonteinkommando het probeer om die stad van die noordoostekant binne te dring, maar die polisie het vanaf die barakke oor die meer gevuur en hulle teruggehou. Skerpskutters het

---------oOo---------

(49) Die Burger, 10/2/22: Hoofartikel.

(50) Aankondiging deur Regering soos o.a. gepubliseer in The Cape Times, 11/3/22.

114/ .....

die polisie gedwing om hulle skuil te hou en dit was duidelik dat die stakers volkome in beheer van die stad was. (51)

Te Brakpan het 'n ernstige botsing by die Brakpanmyn plaasgevind waar ongeveer 10 spesiale konstabels en 20 beamptes die myn probeer verdedig het teen ongeveer 800 stakers. Van die verdedigers is 8 gedood en die res verwond. (52) Op dieselfde dag het gewapende stakerkommando's die polisie aangeval in Newlands, Maraisburg, Brakpan, Boksburg, Fordsburg, Langlaagte, Roodepoort en Springs. Die polisie moes hulself verdedig, derhalwe kon hulle geen beskerming aan myn- en ander eiendomme verleen nie. Oral is telefoon- en telegraafdrade geknip en so is ook die kommunikasiemiddele ontwrig. By Jeppe is twee offisiere van die polisie, kapt. Ironside en kapt. Taylor gedood. In Fordsburg het 'n hewige geveg tussen die stakers en die polisie ontstaan toe die aanklagtekantoor deur die polisie ontruim en deur die stakers aan die brand gesteek is. In Newlands is twee polisiemanne gedood en in Fairlands het die stakerkommando's die poskantoor beset. In Sophiatown het die Bantoes twee blankes gedood. Die Regeringsmagte is 'n swaar slag toegedien toe die stakers by Dunswart die Transvaal Scottish aangeval en 13 gedood en 26 gewond het. Op hierdie stadium was dit reeds baie duidelik dat die stakers daarop uit was om dood en verwoesting te saai ten einde die beheer oor die Rand in die hande te kry. (53)

Aangevuur deur die aanvanklike suksesse, het die stakers voortgegaan met hulle aanvalle en in Newlands het 40 polisiemanne aan die stakers oorgegee. Vanaf Brixton Ridge het die stakers

---------oOo---------

(51) The Star, 10/3/22 (laat uitgawe.) Sien ook U.G. 35-1922, p. 10.

(52) Luidens 'n berig in Die Burger, 11/3/22, is al 8 wat gedood is, na die oorgawe van die myn vermoor. (Sien ook Thursby Atwell, op.cit., p. 187-189; U.G. 36-1922, p. 10.)

(53) U.G. 35-1922, p. 34.

115/ .....

losgetrek op die Transvaal Horse Artillery van maj. Adler: twee soldate is gedood en een is gewond. Op die namiddag van 11 Maart is die Regeringstroepe 'n verdere neerlaag toegedien toe die stakerskommando's 'n verrassingsaanval op die Imperial Light Horse van kol. Panchaud by Ellispark uitgevoer het. Agt soldate is gedood en 15 is verwond. Dieselfde dag het die polisie van Langlaagte oorgegee. (54) Die groot aantal ongevalle het dit noodsaaklik gemaak dat die Wanderersterrein as hospitaal ingerig moes word en talle Rooikruisvrywilligers het hulle aangemeld. Tot dusver het die stakers so goed daarin geslaag om die verkeer te ontwrig, dat die spoorwegamptenare verplig was om aan te kondig dat daar geen plaaslike dienste sou wees nie. Die opskorting of intrekking van plaaslike dienste kan ook in verband gebring word met die vervoer van Burgermageenhede na die Rand, omdat die spoorweë met die opskorting van plaaslike dienste beter in staat sou wees om die eenhede vinnig te vervoer. Gebeure aan die Rand het dieselfde rigting ingeslaan as gedurende 1913. (55)

(iv) Genl. Smuts se aankoms in Johannesburg.

Ten einde 'n ogie oor die staking te hou, het genl. Smuts twee ministers, F.S. Malan, (Myne en Industrië) en kol. H. Mentz, (Verdediging), in Pretoria agtergelaat toe die parlementsitting begin het. (56) Hierdie twee ministers het nagelaat om Smuts te verwittig van die ware toedrag van sake, en toe die Premier hom weer kom kry, was daar 'n volbloed rewolusie aan die gang. (57)

Genl. Smuts het besluit om dadelik na die Rand te vertrek en sy persoonlike aandag aan die rewolusie te skenk. Hy het per spesiale trein na die noorde vertrek en alhoewel sy reis veronder-

----------oOo----------

(54) Ibid., p. 10, 34.

(55) Notule van die Volksraad soos gepubliseer in The Cape Times, 10/3/22. (Toespraak van dr. Visser, L.V. vir Vrededorp.) (Sien verder oor die staking van 1913, hoofstuk 2, pp. 24-37, hierbo.)

(56) Die Burger, 16/2/22.

(57) Sien ook Armstrong, op.cit., p. 350.

116/ .....

stel om 'n geheim te bly, het dit tog uitgelek en het hy vanaf Potchefstroom verder per motor gereis. Nadat die stakers in Booysens sy motor se band stukkend geskiet het, het hy darem eindelik op Saterdag, 11 Maart by Marshallplein aangeland. Die toestand was haglik en prakties was die Rand in die hande van die stakers; die polisiekampe in Fordsburg, Langlaagte, Newlands, Jeppe, Booysens, Edenvale, Turffontein, Craighall, Roodepoort en Hamburg moes swig voor die stakers en hulle was in volkome beheer van daardie sentra. In Johannesburg was die Regeringstroepe in beheer van die Drilsaal, Marshallplein (wat met sandsakke verskans was), die spoorwegstasie, die kantore van "The Star" en die Corner House. (58) Dieselfde dag is verdere Aktiewe Burgermag-eenhede (59) opgeroep. Op Sondag, 12 Maart, het die gevegte voortgegaan. Die Regering was vanweë die toestand verplig om van vliegtuie gebruik te maak om die stakers te bombardeer. Met sy vliegtuie en grofgeskut was die stad niks anders as 'n oorlogsterrein nie. (60) Daar was vir genl. Smuts geen ander genade as om van wapengeweld op groot skaal gebruik te maak nie. Die stakers was geensins bevrees vir die gebruikmaking van geweld teen hulle nie, want hulle het staat gemaak op gewapende steun van die platteland. (61)

----------oOo----------

(58) Sien ook Thursby Atwell, op.cit., p. 190.

(59) Die volgende eenhede is opgeroep: Natal: 1ste Infanterie (Durban Ligte Infanterie), 1ste en 2de Infanterie Bataljon van die S.A.S. & H.-brigade; Transvaal: A.B.M. klas A-eenhede: 10de Infanterie (Wits Rifles), 11de Infanterie (Randse Ligte Infanterie), 3de Berede Brigadetrein en 3de Infanterie Brigadetrein (beide die S.A. dienskorps), 1ste Sanitasie-seksie (S.A. Mediese korps); Burgermag klas B-kommando's: Hoogeveld, Roodekoppen, Heidelberg, Standerton-Oos en Wes, Blesbokspruit, Steenkoolspruit (Bethal), Bethal-Oos, Ermelo-Noord en Suid, Kliprivier, Magaliesberg en Witwatersrand van die Krugersdorpwyk, Potchefstroom Gatsrand en Boven Mooirivier en Dorp, Vaalrivier, Ventersdorp, Schoonspruit, Pretoria-Suidwes en Suidoos, Middelburg Olifantsrivier, Pretoria-Suid en Noord, Middelburg, Middelburg-Suidwes. (Sien The Cape Times, 11/3/22). Vir die bevelvoerders of kommandante van sommige van hierdie eenhede en kommando's, sien Urquhart, op.cit., pp. 89-90.

(60) Vergelyk ook De Volkstem, 14/3/22.

(61) Sien verder hieroor, hoofstuk 4, pp. 98-100, hierbo.

117/ .....

(b) Die gewelddadige onderdrukking van die staking.

Na genl. Smuts se aankoms in Johannesburg, het sake vinnig 'n ander kleur begin aanneem. Die Aktiewe Burgermag-eenhede wat opgeroep is, het begin aankom en so vinnig as wat hulle op die betrokke plekke aangeland het, is hulle bewapen en uitgerus. In sommige gevalle is die burgermagkommando's deur die stakers verwelkom onder die wanindruk dat dit van die plattelandse kommando's was wat hulle kom help het. (62) As gevolg van hierdie versterkings sou die onderdrukking van die rewolusie nou slegs 'n kwessie van tyd wees.

(i) Die Regeringsoffensief aan die Oos-Rand.

Aan die Oosrand was genl. D.J.C.B. van Deventer en sy personeel reeds Saterdagoggend in Brakpan gereed en is hier besluit om die offensief op Sondagoggend met die magte tot hulle beskikking, te loods. Benoni was heeltemal in die hande van die stakers en Van Deventer was van plan om met die Regeringsmagte aldaar onder leiding van kol. Macleod en maj. Wolmarans in verbinding te tree. (63)

Kol. Burne en sy troepe het die stakers Sondagoggend uit die Dunswart-metaalgietery verdryf. Daarna het die Regeringstroepe begin om Benoni vanuit die suidooste, suidweste en noordweste te omsingel. Teen 2:00 nm. was die troepe reeds in beheer van die westelike deel van die stad. Op daardie stadium het Van Deventer besluit om te wag tot die volgende dag wanneer die kommando's reeds daar sou wees. Op Maandagoggend, 13 Maart, was Benoni feitlik omsingel en teen 11:00 vm. was die stad in die hande van die Regeringstroepe. (64)

----------oOo----------

(62) Vergelyk verder hieroor, Urquhart, op. cit., p.

(63) Sien ook De Volkstem, 17/3/22; Thursby Atwell, op.cit., p. 194; Urquhart, op.cit., p. 87.

(64) The Star, 14/3/22; De Volkstem, 17/3/22; Sien ook Urquhart, op.cit., pp. 88-89; Thursby Atwell, op.cit., p. 195.

118/ .....

Generaal van Deventer het dadelik met sy troepe opgeruk na Brakpan om in kontak te kom met genl. Coen Brits se mag wat vanaf die Largo-steenkoolmyn weswaarts beweeg het. Nadat ook Brakpan deur Van Deventer sonder veel teenstand beset is, het hy deurgedruk na Springs en die volgende oggend het hy aangesluit by Brits. Brits het Springs vanuit die noorde aangeval en Van Deventer vanuit die ooste. Op 14 Maart om 8:00 vm. is Springs, wat sedert die 7de Maart in die hande van die stakers was, deur die Regeringstroepe beset. Daar is besluit dat Brits verantwoordelik sou wees vir die Brakpan-Springs-gebied, terwyl Van Deventer die beheer oor die Germiston-Boksburg-Benoni-gebied sou uitoefen. (65)

Die val van die Oosrand het die begin van die einde van die staking beteken, want met die Oosrand in die hande van die Regeringstroepe, was een van die sterk vestings van die staking daarmee heen.

(ii) Die offensief aan die Wesrand.

Tesame met die offensief aan die Oosrand het die opmars van die Regeringstroepe ook op die 11de Maart begin. Op Saterdag het die voorste deel van kol. A.H.M. Nussey se mag onder leiding van kmdt. P. de la Rey in Krugersdorp aangekom en op Sondag het die hoofmag gearriveer. Roodepoort is Sondagnag beset en Maandagoggend is die opmars in 4 kolonnes voortgesit: berede afdelings het suid en noord van die spoorlyn beweeg, 'n infanterie-afdeling was op die Hoofrifweg, terwyl 'n mag van 600 in 'n troepetrein beweeg het. Nadat Florida beset is, het Nussey in 'n oostelike rigting geswaai. Die suidelike afdeling is verdeel: een deel het met die Hoofrifweg aangegaan, terwyl die res die pad naby die spoorlyn gevolg het. Kommandant Muller en sy kommando het die polisie van Fairlands en Newlands ontset; die opmars het verder deur Hamberg

----------oOo----------

(65) Vergelyk ook Urquhart, op.cit., pp. 90-91; Thursby Atwell, op.cit., p. 196.

119/ .....

en Maraisburg gegaan waar ontruimde polisiestasies weer beset is. Op Dinsdagoggend het Nussey sy hoofkwartier na Langlaagte verskuif en gedurende die nag het hy met naburige magte aangesluit. Daar was toe 'n ononderbroke linie van Langlaagte weswaarts tot by Mayfair. Aan sy regterflank het Nussey in verbinding gekom met die linkerflank van genl. Beves se mag. 'n Ander deel van sy mag het aansluiting gevind met kol. Molyneux in die omgewing van Newclare-stasie. (66)

Hiermee was die omsingelingsbeweging van die Regeringsmagte voltooi en die enigste plek waar die stakers nog 'n invloed gehad het, was Fordsburg, maar dit sou nie lank duur voordat ook hierdie laaste vesting van die stakers sou val nie.

(iii) Die val van Fordsburg.

Dat die Regering ernstig was, blyk duidelik uit die feit dat daar op Maandagoggend, 13 Maart, pamflette met behulp van vliegtuie in Fordsburg versprei is om die gebied te ontruim. Die stakers was vas van plan om hierdie laaste vesting met alle magte verdedig. Hulle het hulle goed ingegrawe en die Fordsburgse markplein was 'n netwerk van blokhuise, loopgrawe en straatversperrings. Die oormag van die Regering was egter te groot en geleidelik het die Regeringstroepe die kring al nouer getrek. Vir 70 minute het daar 'n hewige geveg in Fordsburg gewoed en die stakers het heftig weerstand gebied, maar op die ou end moes hulle swig voor die Regeringstroepe se beter wapentuig, wat bestaan het uit kanonne, masjiengewere en selfs 'n tenk. (67)

----------oOo----------

(66) Vergelyk ook Urquhart, op.cit., pp. 93-94; Thursby Atwell, op.cit., p. 197.

(67) Vergelyk ook Urquhart, op.cit., pp. 94-96; Thursby Atwell, op.cit., pp. 197-198. Vir die opmars van die Regeringstroepe sien bylaag B vir kaart.

120/ .....

(iv) Die beëindiging van die staking.

Met die val van Fordsburg was die weerstand prakties op 'n end, hoofsaaklik omdat die Raad van Aksie uitmekaar gejaag is. Onder andere is George, Mason, Andrews, Shaw en McDermid in hegtenis geneem (68) terwyl Fisher en Spendiff selfmoord gepleeg het. (69) Op 15 Maart het die bestuur van die Federasie vergader en die volgende dag is 'n verklaring uitgereik waarin hulle verklaar het dat die totstandkoming van die Vergrote Uitvoerende Komitee in stryd was met die konstitusie van die Federasie, dat die algemene staking onder dreigemente van die ekstremiste uitgeroep is en hulle het aanbeveel dat die algemene staking onmiddellik moes ophou en dat die Vergrote Uitvoerende Komitee dadelik moes vergader om die algemene staking af te las. Ten slotte het hulle alle medepligtigheid aan die opstand ontken. (70)

Aangesien die Regering as gevolg van die krygswet geen vergaderings van die Vergrote Uitvoerende Komitee wou toelaat nie, het die betrokke vakbonde die staking vir hulle lede afsonderlik van die res van die betrokke vakbonde, afgelas. (71)

En so het een van die onaangenaamste episodes in die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot 'n einde gekom. Die arbeiders het absoluut niks gewen nie maar veel verloor in die vorm van beskikbare betrekkings. Wat die verreikende gevolge van hierdie omvangryke staking was, sal in die volgende hoofstuk uiteengesit word.

----------oOo----------

(68) Die Burger, 14/3/22.

(69) Die Burger, 15/3/22; South African Mining & Engineering Journal, 18/3/22, p. 963.

(70) Die Burger, 16/3/22.

(71) Die Burger, 18/3/22.

121/ .....

HOOFSTUK 6.

DIE GEVOLGE VAN DIE 1922-STAKING.

Die gevolge van hierdie staking kan in twee hoofafdelings verdeel word. Eerstens was daar die algemene gevolge waarby ingesluit is die gevolge op die samelewing, die gevolge op die goudmynnywerheid en die gevolge op arbeidsterrein. Laasgenoemde behels hoofsaaklik die aanstelling van kommissies van ondersoek en wetgewing wat daarop gemik was om spanning en wrywing op arbeidsgebied in die toekoms te voorkom. Tweedens was daar die politieke gevolge wat verreweg die belangrikste van al die gevolge was, aangesien ditdie twee opposisiepartye, ondanks die uiteenlopende aard van hulle belange, sou laat saamwerk in die volgende verkiesing. Wat die resultaat van hierdie samewerking was, sal in die tweede afdeling uiteengesit word.

1. Die algemene gevolge.

(a) Die gevolge op die samelewing.

(i) Ongevalle en koste daaraan verbonde.

Na die val van Fordsburg (1) het daar nog enkele gevalle van verdwaalde sluipskietery voorgekom, maar nadat die algemene staking amptelik deur die betrokke vakbonde afgelas is, het dit ook bedaar en die Regeringsmagte het met die opruimingswerk begin. Daar is beslag gelê op 1,150 gewere, 231 haelgewere, 745 rewolwers en 1 masjiengeweer; 43,519 geweerpatrone, 6,000 haelpatrone en 13,298 re-

----------oOo----------

(1) Sien hoofstuk 5, p. 119, hierbo.

wolwerpatrone. (2) Die ongevalle was soos volg:

	Gedood.	Gewond.	Totaal.
Regeringskant	50	237	287
Stakers en burgerlikes ..	138	287	425
Nie-blankes	31	67	98
	219	591	810 (3)

Om presies te besef hoe ernstig die algemene staking was, moet in aanmerking geneem word dat hierdie getal ongevalle, met enkele uitsonderings, almal plaasgevind het binne 'n tydsbestek van ongeveer 10 dae, dit wil sê, sedert die begin van die algemene staking op 7 Maart, tot die daaropvolgende Vrydag toe die Regering met sy opruimingswerk begin het.

Verder het die Regering besluit dat krygswet van krag sou bly totdat die Vrywaringswet gepasseer is. (4) Op Sondag, 19 Maart is 'n gedenkdiens ter ere van die gesneuweldes aan Regeringskant voor die Johannesburgse stadsaal gehou, en daarna het die algemene demobilisasie op 21 Maart begin. Terselfdertyd is daar 'n begin gemaak met die rekrutering van Bantoes vir arbeiders op die myne; tydens die staking is 'n totaal van 50,000 gerepatrieer (5) omdat daar as gevolg van die staking, nie vir hierdie Bantoes werk was op die myne nie. So 'n getal werklose Bantoes te midde van 'n blanke burgeroorlog kon die staking maklik in 'n nog groter bloedbad laat verander het, veral as in aanmerking geneem word dat die stakers reeds aanvalle op die Bantoes gedoen het. (6)

----------oOo----------

(2) The Star, 1/4/22; De Volkstem, 4/4/22; Volksraadsnotule soos gepubliseer in The Cape Times, 1/4/22.

(3) De Volkstem, 4/4/22. Die Regering en die Staking - Duidelike antwoorde op eenvoudige vrae. Kaapstad, Federale Raad van die Nasionale Party van S.A., Nasionale Pers Beperk, p. 13.

(4) De Volkstem, 24/3/22.

(5) De Volkstem, 31/3/22.

(6) Sien hoofstuk 5, pp. 108-110, hierbo.

123/ .....

In die onderdrukking van die staking het die Regering gebruik gemaak van 13,000 troepe en burgers, 8 vliegtuie wat toegerus was met Lewismasjiengewere en bomme, 15 masjiengewere, 5 kanonne en 1 tenk. (7) Die hele opstand het die Regering R500,000 gekos. (8) Die totale skade is deur kol. Mentz bereken op R8,000,000. (9) Altesaam 1,298,825 werksdae is verloor, terwyl 'n bedrag van R3,548,526 deur die stakers aan lone verloor is. Elke blanke staker het gemiddeld 50 werksdae en R137.70 aan lone verloor. (10)

Uit die bogenoemde blyk dit dus dat die staking die land nie alleen aan geld nie, maar ook aan menselewens duur gekos het. Die staking, maar veral die rewolusionêre deel daarvan, was iets vreemds in Suid-Afrika en dit het die bevolking, sowel as die Regering, terdeë onder die besef van die mag van die arbeidersbeweging gebring. Deur die aanstelling van die Mynindustrieraad (11) het die destydse Regering gepoog om 'n herhaling van iets soortgelyks te voorkom, terwyl die Paktregering na 1924 nog meer aandag aan arbeiders gegee het deur die daarstelling van 'n portefeulje Arbeid. (12)

(ii) Werkloosheid.

Die onderdrukking van die staking het 'n groot mate van armoede en lyding tot gevolg gehad. Die toestand van werkloosheid wat reeds sedert die einde van die Eerste Wêreldoorlog ernstig begin raak het, (13) het na die staking veral aan die Rand versleg,

----------oOo----------

(7) Notule van die Volksraad, soos gepubliseer in Die Burger, 11/4/22.
(8) Notule van die Volksraad, soos gepubliseer in De Volkstem, 9/4/22.
(9) The Cape Times, 18/4/22.
(10) Official Year Book, nr. 6, 1910-1922, p. 333.
(11) Sien p. 129 hieronder.
(12) Sien p. 145 hieronder.
(13) Official Year Book, nr. 6, 1910-1922, p. 311.

124/ .....

waar daar tussen 12,000 en 14,000 persone was wat na die staking werkloos was. Vir 400 vakante betrekkings by die Johannesburgse munisipale kragstasie was daar byvoorbeeld 3,000 aansoeke. (14)

Te midde van hierdie tyd van werkloosheid, het genl. Smuts 'n beroep op alle werkgewers gedoen om viktimisasie te vermy en sover moontlik gulhartig te wees by die indiensneming en vasstelling van lone. (15) Hy het ook 'n fonds gestig wat 'n uitkoms aan die noodlydendes van die staking moes verskaf. Die Administrateurs van die verskillende provinsies sou die invordering behartig en Smuts het 'n beroep op die volk gedoen om mildelik by te dra tot die Administrateursfonds. Een van die eerste liggame wat op hierdie oproep van die Premier gereageer het, was die Kamer van Mynwese wat 'n bedrag van R40,000 geskenk het. (16)

(iii) 'n Kort opsomming van die vernaamste vonnisse.

Ondanks hierdie pogings van die Regering en die Kamer van Mynwese om weer 'n goeie verstandhouding tussen die werkgewers en die werknemers teweeg te bring, het die verhoorafwagtendes die stakers nog steeds herinner aan hulle neerlaag.

Op 20 Maart het genl. Smuts bekend gemaak dat die oortreders van die staking nie onder krygswet verhoor sou word nie, maar dat die gewone verloop van die regspleging gevolg sou word. (17) Van die 4,692 arrestasies wat gemaak is, is 853 op verskillende aanklagte verhoor. (18) Na 'n ondersoek is 15 ter dood veroordeel, maar uiteindelik is net 4 gehang, naamlik H.K. Hull, en D. Lewis as gevolg

----------oOo----------

(14) Der Deutsch Afrikaner, 23/3/22, p. 20.

(15) De Volkstem, 21/3/22.

(16) The Cape Times, 18/3/22; South African Mining & Engineering Journal, 25/3/22, pp. 989, 997; Notule van die Volksraad soos gepubliseer in The Cape Times, 21/4/22.

(17) Notule van die Volksraad soos gepubliseer in The Cape Times, 21/3/22.

(18) Vergelyk ook Cartwright, op.cit., p. 208.

125/ .....

van hul aandeel in die moord op luitenant Rupert W. Taylor wat op 11 Maart noodlottig te Jeppe verwond is. (19) C.C. Stassen vir die moord op 2 Bantoes, en S.A. Long vir die moord op E. Marais, 'n winkeleienaar van Fordsburg. (20) Die ander elf, J. Garnsworthy, J.S. Potgieter, A.H. de Lange, J.J. du Toit, G. Gravett, W.C. Koedijk, G.R. Button, D. Coetzee, G. van Schalkwyk en P.V. van der Merwe se doodvonnisse is verander na, van lewenslank, tot 6 maande. (21) Die verdediging van die aangeklaagdes is waargeneem deur die Wetlike Verdedigingskomitee van die Transvaalse Stakers wat deur die vakbonde opgerig is. (22) Op 30 Julie 1923 het die Regering besluit om amnestie te verleen aan almal wat minder as 5 jaar tronkstraf gekry het. (23)

Hierdie vonnisse en die weiering van die Regering om dit te versag, het veel bitterheid onder die geledere van die arbeiders veroorsaak en 'n permanente wrok jeens genl. Smuts het ontstaan.(24)

(b) Gevolge op die goudmynnywerheid.

(i) Ekonomiese gevolge op die nywerheid self.

Die totale goudproduksie van die Unie vir 1922 was 7,009,858 fyn ons in vergelyking met 8,128,710 vir 1921. (25) Hieruit blyk dus dat die staking die produksie van die goudmyne aansienlik benadeel het. Desondanks het die nywerheid tog gebaat by die staking aangesien die staking gevolg is deur 'n algehele hervorming wat 'n aansienlike vermindering in produksiekoste tot gevolg gehad het. Die lone is verminder en hoewel dit ongetwyfeld deur die arbeiders

----------oOo----------

(19) The Star, 11/10/22.

(20) Walker & Weinbren, op.cit., p. 151.

(21) Die Burger, 25/12/22; De Volkstem, 11/12/22.

(22) Walker & Weinbren, op.cit., p. 139. Hierdie komitee het ook 'n werk gepubliseer, "The story of a crime" waarin die Regering aangeval is.

(23) De Volkstem, 30/7/23; The Star, 31/7/23.

(24) Sien hoofstuk 7, p. 148, hieronder.

(25) Official Year Book, nr. 6, 1910-1922, p. 673.

126/ .....

gevoel is, was dit die enigste uitweg om sekere myne aan die gang te hou, en daardeur is 'n groot aantal persone gevrywaar teen werkloosheid. (26) Binne een maand het die loonrekening van die myne met R6,000,000 gedaal. (27)

Ondanks die feit dat die waarde van die goudopbrengs, met inbegrip van die premie op die goud wat verkoop is, as gevolg van die staking gedaal het van R86,164,324 in 1921 tot R64,686,570 in 1922, is die gevaar waarin die goudmynnywerheid as gevolg van die groot aantal myne van 'n lae ertsgehalte verkeer het, afgeweer. Blykens 'n verslag van die Krugersdorpse inspektoraat het alle myne in daardie distrik teen 'n wins begin werk. (28)

(ii) Die gevolge op die arbeiderorganisasies.

Die eintlike verklaring vir die verbetering in die algemene ekonomiese toestand van die goudmynnywerheid is daarin geleë dat die mynbesture nou volle seggenskap gehad het oor die metode en wyse van die bewerking van die myne. Voor die staking het die vakbonde 'n stremmende uitwerking op die bewerking van die myne gehad in soverre hulle steeds gedreig het met 'n staking wanneer die beginsel van "One man one job" (29) in gedrang gekom het.

----------oOo----------

(26) Sien ook U.G. 37-1923, p. vii.

(27) Cope, op.cit., p. 284.

(28) Vergelyk verder hieroor, U.G. 37-1923, pp. vii, 95.

(29) Op aanbeveling van die Lae Ertsgehalte Mynkommissie is Werk- en Gesamentlike Komitees opgerig met die doel om die arbeiders groter verantwoordelikheid te gee vir en belang in die toestande waaronder hulle gewerk het. Die komitees moes voorsiening gemaak het vir harmonie en kooperasie in die bewerking van die myn. Gesamentlike Komitees het selde tot stand gekom; Werkkomitees het hoofsaaklik bestaan uit Skag- en Werkplekopsigters en gewoonlik is ekstremiste as opsigters verkies. Later het die Werkkomitees verander in sogenaamde Griewekomitees en dit het die verhouding tussen werkgewer en werknemer laat versleg. Die komitees het hulle bemoei met die bestuur van die myne, en arbeiders het eerder die komitees se instruksies as die van die bestuur uitgevoer. Blitsstakings en die toepassing van die beginsel "one man one job" of "een man een baantjie" het die nywerheid gestrem. (Sien ook U.G. 39-1922; The Star, 2/6/21: Artikel; The Star, 11/7/22.)

127/ .....

In sy voorwaardes waaronder hy in die toekoms vakbonde sou erken, het die Kamer van Mynwese sorg gedra dat hy 'n demper geplaas het op alle ekstremistiese neigings:

(a) verteenwoordigende lidmaatskap van elke vakbond;

(b) skeiding tussen arbeider- en amptenare-bonde;

(c) gekonstitueerde geheime stemming voor 'n staking;

(d) persone wat nie lede van 'n bepaalde vakbond is nie, mag nie met vakbondlede inmeng nie;

(e) geen vakbond sou erken word as hulle arbeiders dwing om by hulle aan te sluit nie;

(f) persone wat geassosieer was met die Federasie of die Raad van Aksie, sou nie as leiers erken word nie;

(g) die Kamer het die reg voorbehou om te differensieer tussen vakbonde en verskillende politieke organisasies. (30)

Die buitensporige magte van die vakbonde is verder ingekort deurdat die Skag- en Werkplekopsigters nie langer erken is as liggame met enige gesag nie, en daardeur is hulle bemoeiing in die goudmynaangeleenthede uitgeskakel. As gevolg van hierdie uitskakeling is ook ander stremmings uitgeskakel: vroeër het die arbeiders so streng gehou aan die beginsel van "een man een baantjie" dat 'n mynwerker byvoorbeeld geweier het om toesig te hou oor die aanlê van pype, ruwe timmerwerk, die aanlê van spoorlyne ensovoorts, ofskoon hy dit maklik kon behartig; gevolglik moes oortollige arbeiders aangehou word. Sedert die staking moes die mynwerker ook oor daardie soort werk toesig hou waarvan die arbeiders oortollig geword het. (31)

Hierdie verbetering in die toestand van die goudmynnywerheid het geskied ten koste van die lidmaatskap van vakbonde wat van

----------oOo----------

(30) Der Deutsch Afrikaner, 30/3/22, p. 18.
(31) Sien ook U.G. 39-1922, pp. 23, 24.

128/ .....

135,000 in 1921 gedaal het na 87,000 in 1924. (32) Onmiddellik na die staking het Crawford verklaar dat die weiering van die Kamer van Mynwese om die Federasie te erken, die mense noodwendigerwyse sou dwing om by die vakbonde aan te sluit. (33) Hierdie bogenoemde daling het die stelling van Crawford totaal die nek ingeslaan.

Ondanks die spoorwegwerkers se goeie gedrag tydens die staking, sou Nurahs ook in die slag bly. Minister J.W. Jagger het vir Moore, die sekretaris van Nurahs, daarvan beskuldig dat hy 'n aandeel gehad het in die poging tot ontsporing van die trein waarmee genl. Smuts op 10 Maart na Johannesburg vertrek het. (34) Die gevolg was dat Nurahs nie langer deur die spoorwegadministrasie erken sou word nie. (35) Hierteen het die Arbeidersparty, veral in die persone van Creswell en Boydell, tevergeefs protes aangeteken. (36) Vir hierdie optrede van min. Jagger kan géén verskoning aangevoer word nie, en mens kan nie anders as om hierdie daad as onbillik te bestempel nie, veral as die gedrag van die spoorwegwerkers gedurende die staking in aanmerking geneem word. Die snelle mobilisasie van die Regeringstroepe tydens die algemene staking was grootliks te danke aan die lojaliteit van die spoorwegwerkers wat ook geweier het om by die algemene staking aan te sluit. (37)

(c) Kommissies van Ondersoek en Wetgewing na aanleiding van die staking.

'n Baie belangrike gevolg van die 1922-staking was die aanstelling van twee kommissies van ondersoek wat belangrike werk gelewer het:

----------oOo----------

(32) Sien ook Cope, op.cit., p. 299.

(33) Verklaring van A. Crawford in The Star, 1/4/22.

(34) Notule van die Volksraad soos gepubliseer in The Cape Times, 15/4/23.

(35) Notule van die Volksraad soos gepubliseer in The Cape Times, 17/4/23.

(36) Notule van die Volksraad soos gepubliseer in The Cape Times, 20/4/23.

(37) Sien hoofstuk 5, pp. 106-109, hierbo.

129/ .....

(i) Die Mynindustrieraad.

Op 28 Maart het genl. Smuts die aanstelling van 'n Mynindustrieraad bekend gemaak om ondersoek in te stel en verslag te lewer oor:

(a) die effek en omvang van die status quo-ooreenkoms van 1918 op die Randse goudmyne en die noodsaaklikheid van die voortduring, wysiging of afskaffing, geheel of gedeeltelik, daarvan;

(b) die wenslikheid of andersins om enige stelsel in die lewe te roep om die verhouding van blanke tot nie-blanke werkers in die goud- en steenkoolmyne van Transvaal te reël;

(c) die moontlikheid om die myne in twee of meer grade te klassifiseer wat 'n verskillende verhouding van blanke tot nie-blanke personeel mag handhaaf en die daarstelling van 'n organisasie om die deurvoer en beheer van so 'n klassifikasie te verseker. (38)

Hierdie Mynindustrieraad sou bestaan uit sir. W. Solomon, regter van die Appélhof as voorsitter, sir R. Kotzé, die staatsmyningenieur, J.C. Beattie, rektor van die Universiteit van Kaapstad, en W. Brace, voormalige leier van steenkoolwerkers van Suid-Wallis en adviseur van die Minister van Arbeid in Engeland. (39)

Die lede van hierdie raad het algemene byval gevind; die enigste persoon agter wie se benoeming 'n vraagteken geplaas is, omdat hy geen ervaring of kennis in hierdie verband gehad het nie, was Beattie, maar hy is aangestel as verteenwoordiger en waarnemer van die publiek. Op 14 Augustus 1922 het die Raad begin met 'n konferensie tussen verteenwoordigers van die mynnywerheid en mynwerkers ten einde middels te beraam om mynstakings in die toekoms uit te skakel. (40) Die konferensie het besonder goed afgeloop en na 5 dae

----------oOo----------

(38) De Volkstem, 31/3/22.

(39) Notule van die Volksraad. The Cape Times, 29/3/22; Sien ook De Volkstem, 31/3/22.

(40) Die Burger, 15/8/22.

130/ .....

het die verteenwoordigers 'n ooreenkoms bereik in die stigting van 'n versoeningsraad. (41) Daar sou een versoeningsraad elk vir die goudmyne, die steenkoolmyne en die kragmaatskappy wees. Hierdie versoeningsrade sou enige geskil wat mog ontstaan, ondersoek en probeer om dit op 'n vreedsame wyse te skik. (42)

Die Mynindustrieraad het verder tot die gevolgtrekking gekom dat die status quo-ooreenkoms nie nodig het om voort te bestaan nie en dat die afskaffing daarvan heeltemal geregverdig was. Oor die kwessie van die reëling van 'n vasgestelde verhouding van blanke tot nie-blanke arbeiders, het die raad bevind dat dit nie wenslik is nie, want dit sou 'n kunsmatige restriksie plaas op die bestuur van die myne. Ten opsigte van die wenslikheid, al dan nie, om die myne in verskillende grade te klassifiseer, het die raad besluit dat sodanige verdeling meer kwaad as goed kon doen, derhalwe is dit nie aanbeveel nie. (43)

(ii) Die Krygswet Ondersoek Geregtelike Kommissie.

Gedurende die tweedelesing-toespraak van die Indemniteitswet het genl. Smuts bekend gemaak dat hierdie bogenoemde kommissie onder voorsitterskap van die hoofregter van die Unie, T.L. Graham, die volgende sou ondersoek: die onmiddellike gebeure wat die afkondiging van krygswet voorafgegaan het, of sodanige krygswet geregverdig was, die oorsake, omstandighede, karakter en doel van rwolusionêre beweging waarin die staking gekulmineer het. Verder moes enige ongerymdheid ten opsigte van die oproer of die onderdrukking daarvan voor of na die afkondiging van krygswet ondersoek word, en laastens moes ondersoek ingestel word na die gedrag van die Bantoes tydens die staking. (44)

----------oOo----------

(41) Die Burger, 21/8/22.

(42) Sien die volle ooreenkoms in bylaag C.

(43) Sien ook U.G. 39-1922, p. 12; Official Year Book, nr, 6, 1910-1922, p.

(44) U.G. 35-1922, p. 3; Notule van die Volksraad (The Cape Times, 1/4/22.)

131/ .....

Kragtens die bevindings van die kommissie was die optrede van die Regering in die onderdrukking van die staking heeltemal geregverdig. Die kommissie het verder ook bevind dat P.A. en J.P. Hanekom, W.E. Dowse, J.J. van Wyk en M.W. Smith wat gedood is na die onderdrukking van die staking, deur die Regeringstroepe geskiet is in hul poging om te ontsnap. (45) Hierdie verslag is heftig in die Volksraad deur die Nasionale Party en die Arbeidersparty aangeval op grond daarvan dat dit 'n eensydige en partydige verslag is om die Regering te vrywaar van misdade wat begaan is onder die dekmantel van krygswet. Daar is veral baie kritiek uitgeoefen op die doodskiet van bogenoemde persone nadat die staking reeds beëindig was. Vir Waterston was die verslag op elke bladsy gekleur met politieke vooroordeel. (46)

(iii) Wetgewing na aanleiding van die staking.

Na aanleiding van die stelsel van versoeningsrade soos deur die Mynindustrieraad in die lewe geroep is, (47) het die Regering besluit om deur middel van wetgewing verder voorsiening te maak vir die voorkoming by wyse van konsiliasie, en om ook voorsiening te maak vir die registrasie van vakbonde en private registrasiekantore. (48)

Hierdie Nywerheidsversoeningswet (nr. 11/1924), sou die verouderde Transvaalwet van 1909 vervang. (49) Hierdie wet het onder andere voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n arbiter wie se bevindings bindend sou wees op die betrokke partye. Wanneer so 'n

----------oOo----------

(45) Sien verder hieroor, U.G. 35-1922, pp. 16-20, 42-74.
(46) Notule van die Volksraad, The Cape Times, 8/3/23 & 10/3/23.
(47) Sien verder hieroor, pp. 129-130, hierbo.
(48) Official Year Book, nr. 7, 1910-1924, p. 264.
(49) Notule van die Volksraad, 1924, deel 1, p. 154.

132/ .....

arbiter sy beslissing gegee het, sou enige staking onwettig wees. Geen staking mag afgekondig word nie, tensy die betrokke geskil eers deur 'n industriële raad of 'n versoeningsraad (wat prakties dieselfde funksies verrig het) ondersoek is. (50)

In sy geheel geneem, het hierdie wet die belofte van die voorkoming van industriële geskille ingehou. As in aanmerking geneem word dat daar nooit weer sedert 1922 so 'n ernstige staking was nie, kan mens nie anders nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te geraak dat hierdie wet aan sy doel beantwoord het.

2. Die politieke gevolge van die staking van 1922.

(a) Die samewerking tussen die Arbeidersparty en die Nasionale Party.

Die gevolge van die staking op politieke gebied was van so 'n aard dat dit een van die eienaardigste partykombinasies in Suid-Afrika veroorsaak het. Vir die eerste keer het die Nasionale Party ontpop as 'n ope kampvegter vir die belange van die arbeiderklas en die natuurlike gevolg van hierdie selfopgelegde voogdyskap van die Nasionale Party oor die arbeiderklas, was dat daar 'n verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty ontstaan het. Die ekonomiese probleem het verander in 'n staatkundige partyprobleem wat hom sou oplos in die omverwerping van die Suid-Afrikaanse Partybewind.

Reeds tydens die staking het die Nasionale Party hom onomwonde geskaar aan die kant van die stakers. (51) Ondanks die feit dat die mosie van Kentridge en Waterston waarin die Nasionale Party

----------oOo----------

(50) Official Year Book, nr. 7, 1910-1923, pp. 264, 265.
(51) Sien hoofstuk 4, pp. 98-100, hierbo.

133/ .....

gevra is om 'n republiek af te kondig (52) deur die Nasionale Party verwerp is, het dit tog 'n bepaalde verstandhouding tussen die twee partye bewerkstellig wat sou uitloop op 'n verkiesingsooreenkoms tussen die betrokke twee partye. Hiervan is reeds 'n aanduiding gegee deur T. Boydell, Volksraadslid van die Arbeidersparty, wat na die verskyning van Smuts se brief van 11 Februarie waarin hy 'n beroep op die stakers gedoen het om hulle werk te hervat, (53) op 'n monstervergadering in Johannesburg verklaar het dat enige kombinasie van partye of individue wat die Regering sou kon verslaan, die beste diens aan die land sou betoon. (54)

(i) <u>Die samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty in die Parlement</u>.

Tydens die debat oor die Indemniteitswetsontwerp, is hierdie aangetrokkenheid tussen die twee partye op 'n meer daadwerklike grondslag in die Volksraad voortgesit waar beide opposisiepartye hulle kragte saamgesnoer het in die bevegting van hierdie wetsontwerp. (55) Hulle doel met die opponering van hierdie wetsontwerp, was om eers 'n parlementêre kommissie van ondersoek te verkry, aangesien daar volgens die opposisiepartye sekere wanpraktyke gepleeg sou gewees het onder krygswet. (56) Boydell wou selfs 'n ondersoek deur die Volkebond gehad het, maar dié voorstel het nie veel byval gevind nie. Die voorstel om 'n gekose parlementêre kommissie te benoem, het genl. Smuts verwerp op grond daarvan dat dit te duur sou wees aangesien alle getuies Kaap toe sou moes kom. Buitendien sou daar geen kommissie wees alvorens die werk van die howe afgehandel

----------oOo----------

(52) Sien verder hieroor, hoofstuk 4, pp. 99-100, hierbo.

(53) Sien hoofstuk 4, p. 87, hierbo.

(54) Die Burger, 13/2/22.

(55) Notule van die Volksraad, soos gepubliseer in The Cape Times, 25/3/22.

(56) Die eintlike misdaad volgens die opposisie was die doodskiet van persone na die beëindiging van die staking. (Sien p. 131, hierbo; U.G. 35-1922, pp. 42-74.)

134/ .....

was nie aangesien sodanige ondersoek alleen verwarring sou veroorsaak. (57) Tog het dit geblyk of Smuts geswig het voor die aanslae van die opposisie toe hy gedurende die tweedelesing-toespraak van die Indemniteitswet die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek na die geskil bekend gemaak het. (58)

Hoe heftig die verset van die opposisie teen die passering van die Indemniteits- of Vrywaringswet was, blyk daaruit dat die Volksraad op 21 April reeds 65 uur bestee gehad het aan die bespreking van die wet en nadat daar 'n ononderbroke sitting van 18 uur was, is die wet goedgekeur met 65 stemme teen 47. Altesaam 80 sprekers het aan die besprekings deelgeneem. (59)

Hoewel daar nog geen openlike verklaring was van enige ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty nie, was die kwessie van samewerking tussen die twee betrokke partye reeds 'n ope geheim en op 12 April 1922 het T. Roos die kwessie van samewerking tussen die twee opposisiepartye in die volgende eleksie amptelik in die Volksraad bekend gemaak. (60)

Gedurende die 1923-sitting van die Parlement is hierdie samewerking tussen die twee opposisiepartye voortgesit soos veral blyk uit genl. Hertzog se wantrouemosie aan die begin van die 1923-sitting. Aangespoor deur die gewelddadige onderdrukking van die staking gedurende die vorige jaar, het genl. Hertzog veral klem gelê op die feit dat die Regering sedert 1910 nie minder as ses keer sy toevlug tot wapengeweld moes neem nie. (61) Die heersende toestande van armoede en werkloosheid het getoon dat

----------oOo----------

(57) Notule van die Volksraad soos gepubliseer in The Cape Times, 21/3/22.

(58) Notule van die Volksraad soos gepubliseer in The Cape Times, 1/4/22; Sien ook hierbo, pp. 10, 11.

(59) Notule van die Volksraad, soos gepubliseer in The Cape Times, 21/4/22; 24/4/22.

(60) De Volkstem, 18/4/22: Hoofartikel.

(61) 1913-, 1914-, en 1922-stakings, die Rebellie van 1914 en Bantoeopstande te Bulhoek, (naby Port Elizabeth) en die Bondelzwarts in S.W.A.

135/ .....

die Regering nie bevoegd of by magte was om die haglike arbeidstoestande te verlig nie en bowendien was die belastings uitermate hoog. In hierdie wantroue-mosie wat verwerp is met 71 stemme teen 57, is genl. Hertzog gesteun deur kol. Creswell. (62)

(iii) Kol. Creswell se besoek aan genl. Hertzog.

Teen die einde van 1922 het kol. Creswell by genl. Hertzog in Bloemfontein gaan besoek aflê. (63) Ondanks die feit dat Hertzog verklaar het dat hierdie besoek bloot vrienskaplik van aard was, (64) het die Regeringsparty besef dat Hertzog se verklaring 'n blote verdigsel was. Dat hierdie besoek nie bloot om vriendskaplike redes was nie, blyk uit die bekendmaking van die resultaat van hierdie samespreking enkele maande later deur die pers. Kortliks het die samespreking op die volgende neergekom:

(a) Die huidige Regering se beleid benadeel die welvaart en toekoms van die land.

(b) Die verkiesing van Regeringskandidate op 'n minderheidstem, sal teengegaan word deurdat die Arbeidersparty en die Nasionale Party sou saamwerk.

(c) Die propaganda teen die Nasionale Party was die verbreking van die Ryksverband ten gunste van 'n republiek, en teen die Arbeidersparty dat hulle 'n Bolsjewistiese party is. Hierop het genl. Hertzog duidelik verklaar dat in geval van die verkiesing van 'n Nasionale Party-regering, sou geen Nasionale Partylid sy stem gebruik om die bestaande konstitusionele betrekking van Suid-Afrika tot die Britse Kroon te verander nie. Onder hierdie omstandighede het die twee leiers aanbeveel dat hul partye meewerk om tot 'n eleksiesamewerking te kom.

----------oOo----------

(62) Die Burger, 30/1/23; The Star, 30/1/23; De Volkstem, 30/1/23.

(63) Die Burger, 6/9/22; De Volkstem, 31/8/22.

(64) De Volkstem, 2/9/22.

136/ .....

(d) 'n Verkose kandidaat is alleen onderhorigheid aan sy eie party verskuldig. (65)

Vir genl. Smuts was die Arbeidersparty met sy stewige imperialistiese bande en die Nasionale Party met sy strewe om van daardie bande ontslae te raak, twee onversoenbare elemente. Gevolglik het hy hierdie samewerking op 'n vergadering op Potchefstroom bestempel as 'n „onheilige alliansie." (66)

Geleidelik sou die party-hoofmanne van die opposisie begin om hul kiesers te oortuig van die versoenbaarheid van die oënskynlik onversoenbare sosialistiese en republikeinse beginsels van die Nasionale Party en Arbeidersparty onderskeidelik.

(iii) Die weglating van die Republikeinse en Sosialistiese beginsels.

Dat die beginsels wat weggelaat is, juis die kern was van die betrokke partye se partykonstitusies, het die leiers baie goed besef, en ten einde te voorkom dat hulle betrokke ondersteuners daardeur vervreem sou word, moes die leiers uiters taktvol te werk gaan.

Op drie agtereenvolgende Nasionale Partykongresse te Bloemfontein, Pretoria en Malmesbury, is ewe taktvol geen melding gemaak van die kwessie van 'n republiek nie. (67) 'n Duidelike, maar versigtige verklaring van die Nasionale Party se houding teenoor die republikeinse beginsel, word gevind in 'n toespraak van Roos op 2 Desember 1922 te Hammanskraal. Volgens Roos sou die republikeinse

----------oOo----------

(65) Die Burger, 21/4/23; De Volkstem, 23/4/23.

(66) De Volkstem, 6/11/22. Die feit dat Smuts gegriefd gevoel het oor die alliansie moet gesien word in die lig daarvan dat die herenigingskongres tussen die N.P. en die S.A.P. in 1919 in Bloemfontein misluk het vanweë die N.P. se weiering om die republikeinse beginsel te laat vaar.

(67) De Volkstem, 2/11/22.

137/ .....

idee nog 'n beginsel van die Nasionale Party bly, maar aangesien baie kiesers wat vir die Nasionale Party wou stem, nog nie ryp was vir die republikeinse idee nie, sou die Nasionale Party, as hulle aan bewind kom, vir die tydperk van daardie parlement geen stappe doen in die rigting van onafhanklikheid nie. (68)

Op 'n vergadering van die Arbeidersparty in Johannesburg op 3 November 1922 het dit geblyk asof die Randse lede van die Arbeidersparty Creswell sou steun in die eliminering van die Sosialistiese klousule in die party-konstitusie. (69) Op 1 November het Creswell 'n memorandum aan die Bloemfonteinse tak van die Arbeidersparty laat voorlees waarin hy hulle aangeraai het om die sosialistiese beginsel uit hul partyprogram te verwyder. (70) Hieroor is Creswell deur Mann (71), wat weer in Suid-Afrika op besoek was om die versplinterde Arbeiderorganisasies te herorganiseer, gekritiseer en hy het verklaar dat die weglating van die sosialistiese beginsel die arbeidersmagte eerder sou laat versplinter as wat dit die magte sou saambind. (72) Die enigste doel met die weglating van die sosialistiese beginsel was om die Suid-Afrikaanse Party te ontkussing deur middel van samewerking met die Nasionale Party, aldus 'n verklaring van Shaw, die voorsitter van die Bloemfonteintak van die Arbeidersparty. (73)

Op 1 Januarie 1923 het die Arbeiderspartykongres in Durban plaasgevind waar die kwessie van sosialisme in die partykonstitusie 'n hewige bespreking uitgelok het. (74) Die sprekers was

----------oOo----------

(68) De Volkstem, 6/12/22.
(69) The Star, 3/11/22.
(70) Die Burger, 6/11/22; De Volkstem, 3/11/22.
(71) Sien hoofstuk 2, p. 43, hierbo.
(72) De Volkstem, 3/11/22.
(73) Die Burger, 13/11/22.
(74) The Star, 2/1/23; De Volkstem, 2/1/23.

138/ .....

vurig en 'n splitsing oor die sosialistiese beginsel het gedreig. Ten einde dit te voorkom, is 'n kommissie aangestel om 'n uitweg te vind. Hierdie kommissie het voorgestel om artikels 2 en 3 wat die sosialistiese beginsel omskryf het, te vervang met die volgende: "Om vir alle produsente die volle vrugte van hulle hande- of breinwerk te verseker op die grondslag van die gemeenskaplike besit van die middele van voortbrenging en die beste stelsel wat verkry kan word vir volksbestuur en beheer oor elke tak van 'n demokratiese gemenebes." (75) Hierdie voorstel is deur die kongres aanvaar. (76)

Wanneer bogenoemde voorstel ontleed word, blyk dit dat daar in werklikheid nie veel verskil tussen hierdie voorstel en die sosialistiese beginsel (77) was nie. Dit was heelwaarskynlik ook die rede vir Roos en P. Grobler se uitlatings op die Nasionale Partykongres in Transvaal, naamlik dat hul party vas staan by die republikeinse beginsel. Teen hierdie uitlatings het Boydell en Barlow in Bloemfontein heftig te velde getrek en verklaar dat dit 'n verkragting van die ooreenkoms was. (78) Creswell het egter voor sy kiesers verklaar dat hierdie uitlatings geensins 'n verbreking van die ooreenkoms was nie, maar dat die betrokke persone daardeur slegs aan die Suid-Afrikaanse Party 'n stok in die hand gegee het. (79)

Hierdie verskille was egter net tydelik en oppervlakkig van aard en vroeg in 1924 het die Arbeiderspartykongres in Pretoria die ooreenkoms met die Nasionale Party, naamlik dat hulle mekaar nie in die volgende eleksie sou opponeer nie, eenparig aangeneem.(80) Hiermee is 'n nuwe era in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika betree. Rassehaat was iets van die verlede en vir die eerste keer

----------oOo----------

(75) Voorstel soos gepubliseer in Die Burger, 4/1/23.
(76) Die Burger, 5/1/23.
(77) Sien hoofstuk 1, p. 14, hierbo.
(78) Die Burger, 13/9/23.
(79) De Volkstem, 26/9/23; Die Burger, 26/9/23.
(80) The Star, 3/1/24; Die Burger, 3/1/24.

139/ .....

sou Boer en Arbeider saamspan ten einde die politieke mag in die hande te kry.

(b) Die terugslae van die Suid-Afrikaanse Party.

Te midde van hierdie tyd van werkloosheid, armoede en depressie, was daar 'n reeks terugslae wat die posisie van die Regering steeds meer en meer onbenydenswaardig sou maak. Veral die uitslae van 'n aantal tussenverkiesings was 'n duidelike weerspieëling van die ontevredenheid van die bevolking.

(i) Bedankings.

Ondanks die bogenoemde verkiesingsooreenkoms, of, soos dit deur die Regeringspers bestempel is, die Pakt, wat 'n werklike gevaar vir die Regering se voortbestaan ingehou het, was daar geen absolute eenheid aan die kant van die Regeringsparty nie.

Teen die einde van 1922 het die eerste tekens van 'n skeuring in die geledere van die Regeringsparty gekom toe adv. MacKeurten, Volksraadslid vir Durban, Umbilo, bedank het en sy eie party, die Demokratiese Hervormingsliga, gestig het. (81)

Skaars ses maande later, in Junie 1923, het daar 'n verdere skeuring in die Suid-Afrikaanse Party gekom toe maj. Hunt, Volksraadslid vir Turffontein, ook bedank het omdat hy van die party verskil het ten opsigte van die behandeling van die laer grade van die staatsdiens, werkloosheid en die spoorwegmense. Hy sou die tussenverkiesing as onafhanklike kandidaat betwis. (82)

----------oOo----------

(81) Die Burger, 5/12/22.

(82) The Star, 6/6/23; 21/6/23; Die Burger, 16/6/23; De Volkstem, 1/8/23.

140/ .....

(ii) Tussenverkiesings.

Die Regering sou nog in staat kon wees om die bogenoemde bedankings te bowe te kom, maar die uitslae van 'n reeks tussenverkiesings sou teen hom tel. Die eerste tussenverkiesing na die staking was die een in Stamford Hill waar Creswell van die Arbeidersparty vir genl. Wylie van die Suid-Afrikaanse Party met 827 stemme teen 814 verslaan het. (83) Dit was die eerste triomf van die Arbeiders na die staking en Creswell is met luide applous in die Parlementshuis deur die opposisiepartye verwelkom.

Vir die tussenverkiesing wat in Turffontein gehou sou word as gevolg van die bogenoemde bedanking van maj. Hunt, het die Suid-Afrikaanse Party besonder goed georganiseer vir hul kandidaat, H. Nourse, maar ook daar het hulle 'n bloutjie geloop toe Nourse met 716 stemme deur die onafhanklike Hunt verslaan is. (84) Ongeveer twee maande tevore moes die Regeringsparty ook toesien hoe sy meerderheid in die Uitenhagetussenverkiesing van 500 in 1921 gedaal het na 58 in 1923. (85)

In die Oudtshoorn-tussenverkiesing het die Nasionale Party in Maart 1923 die setel met 'n meerderheid van 627 van die Regeringsparty ontneem. (86) In Ladybrand het adv. C.R. Swart van die Nasionale Party die setel in die tussenverkiesing teen kmdt. Crowther met 'n meerderheid van 512 behou. (87)

Tot dusver het die Regering nog net setels verloor en dit het voorgekom asof die Regeringsparty nie vir 'n volgende termyn verkies

----------oOo----------

(83) The Star, 7/7/22; De Volkstem, 6/7/22.
(84) The Star, 29/8/23; Die Burger, 30/8/23.
(85) Die Burger, 25/6/23; The Star, 25/6/23; De Volkstem, 25/3/23.
(86) The Star, 8/3/23.
(87) De Volkstem, 27/7/23.

141/ .....

sou word nie. Sedert 1921 het die Regering reeds as gevolg van eleksiepetisies en tussenverkiesings Oos-Londen, Rustenburg, Liesbeeck, Kaapstad-Tuine, Stamford Hill, Oudtshoorn (88) en selfs ook Turffontein verloor. Tog was dit aan die einde van 1923 nog nie moontlik om 'n voorspelling te waag in geval van 'n algemene verkiesing nie, want in die provinsiale verkiesings wat toe plaasgevind het, het die Pakt saam net een setel meer as voor die verkiesings gehad, naamlik 85 teenoor 84. (89)

Intussen het daar vroeg in 1924 ook 'n Regeringswisseling in Engeland plaasgevind toe die Britse Arbeidersparty met Ramsay McDonald as Premier aan bewind gekom het. Hierdie sukses van die Arbeidersparty in Engeland was vir Suid-Afrika 'n soort voorteken. Daar was nog drie tussenverkiesings in Suid-Afrika wat gehou moes word, naamlik Wakkerstroom, Umvuti en Pretoria-Noord. (90) Laasgenoemde twee setels was nie van veel belang nie, aangesien Umvuti 'n Regeringsetel sou bly en Pretoria-Noord 'n Nasionale Party-setel. Dat Wakkerstroom vir die Regering van groot belang was, het geblyk uit die feit dat die Administrateur van Transvaal, A.G. Robbertson, as Administrateur bedank het ten einde Wakkerstroom vir die Regering te betwis. (91) Robbertson was 'n gesiene boer van Wakkerstroom (92)maar toe die skote klap vir die verkiesing vroeg in April 1924, is A.G. Naudé van die Nasionale Party verkies met 'n meerderheid van 213 stemme. (93) Die stand van die partye op daardie stadium was soos volg:

----------oOo----------

(88) Artikel in Die Burger, 9/3/22.
(89) Artikel in De Volkstem, 19/11/23.
(90) The Star, 6/3/24.
(91) Notule van die Volksraad, Deel 1, p. 1345; The Star, 19/2/24; Die Burger, 13/3/24: Hoofartikel.
(92) Hoofartikel in Die Burger, 7/4/24.
(93) Die Burger, 7/4/24; The Star, 7/4/24.

142/ .....

	Na 1921-eleksie:	Na Wakkerstroom:
S.A.P.	79	71
N.P.	45	47
A.P.	9	13
Onafhanklik	1	1
	24 Regeringsmeerderheid.	9(Pretoria-N Uitstaande) (94)

Op 7 April het genl. Smuts na aanleiding van die verlies van Wakkerstroom verklaar dat die Regering getwyfel het of hy nog die vertroue van die land geniet. Hy sou na die nodige formaliteite die Goewerneur-Generaal vra om die Parlement te ontbind en 'n nuwe eleksie te bepaal. (95)

(c) Die algemene verkiesing van 1924.

Vir die Suid-Afrikaanse Party was die skrif na Wakkerstroom teen die muur. Die verkiesing is bepaal vir die helfte van Junie en inderhaas het die betrokke partye met hul verkiesingsveldtogte begin. Genl. Smuts se besluit om 'n algemene verkiesing te hou, het sy eie party op verkeerde voet gevang, terwyl die Pakt daarenteen reeds geruime tyd besig was om hul besluit tot samewerking by wyse van vergaderings en kongresse te ontleed en te bespreek. Reeds aan die begin van 1923 het die Arbeidersparty en die Nasionale Party komitees aangestel om te besluit watter setels deur wie aan die Rand betwis sou word. (96) Vir hierdie eleksiestryd was die opposisiepartye dus beter toegerus as die Regeringsparty.

(i) Die verkiesingsmanifeste van die Opposisiepartye

Die verkiesingsmanifeste van die Nasionale Party het kortliks die volgende ingehou:

----------oOo----------

(94) Uiteensetting in Die Burger, 7/4/24.

(95) Notule van die Volksraad, 1924, Deel 1, p. 1345; Die Burger, 8/4/24.

(96) The Star, 6/1/23: Berig van Verklaring van Roos in Pietermaritzburg.

143/ .....

(a) landbou-ontwikkeling en meer simpatie met die boere;

(b) proteksionistiese ontwikkeling van die nywerhede;

(c) bevegting van werkloosheid en armoede;

(d) oplossing van die Bantoeprobleem;

(e) invoer van 'n staatsbank en 'n ander belastingstelsel;

(f) onderwys sou beskerm word teen ondermynende pogings.(97)

Die manifes van die Arbeidersparty het ongeveer op dieselfde neergekom: bekamping van werkloosheid en die intog van Bantoes in die stede, die invoer van 'n staatsbank en 'n belasting op onverbeterde grondwaardes. (98)

(ii) Verdere teenslae vir die Suid-Afrikaanse Party.

Terwyl die eleksieveldtog in volle swang was, het twee harde terugslae die Regeringsparty getref. Ongeveer 'n maand voor die verkiesing het min. Jagger uit die party bedank, hoofsaaklik omdat hy gekant was teen die Premier se duur skema om spoorwegwerkerswinkels op te rig. Hy het egter aangebied om aan te bly tot na die verkiesing, 'n aanbod wat deur genl. Smuts aanvaar is. (99)

Die tweede terugslag is deur genl. Smuts self geskep. Ten einde homself te vrywaar teen die aanvalle van die opposisie oor die kwessie van werkloosheid, het hy kort voor die eleksie verklaar dat die woordvoerders van die goudmynnywerheid hom gedurende die staking in 1922 beloof het dat, indien die toestande geskik en die myne van 'n lae ertsgehalte gered sou word, daar genoeg ontwikkeling aan die Rand sou gevolg het om alle afgedanktes plus nog ander werkloses

----------oOo----------

(97) Verklaring van Hertzog op Smithfield soos berig in The Star, 5/5/24; Die Burger, 5/5/24.

(98) Die Burger, 1/5/24; The Star, 8/5/24.

(99) Jagger, J.C. & Smuts, J.C. Korrespondensie soos gepubliseer in Die Burger, 23/5/24; The Star, 23/5/24.

144/ .....

te absorbeer. (100) Die volgende dag het E. Wallers, president van die Kamer van Mynwese hierdie bewering heftig ontken. (101)

Hierdie verklaring van genl. Smuts het twyfel laat ontstaan omtrent die waarheid van die herhaaldelike versekering van die Premier dat die Regering in die staking heeltemal opartydig was. So 'n openbaring was op hierdie tydstip vir die Regeringsparty fataal, en die onenigheid tussen die Kamer van Mynwese en genl. Smuts was vir genl. Hertzog 'n stok in die hand wat so kort voor die eleksie handig deur hom gebruik is. (102)

(iii) Die verkiesing self.

Die staking was nietemin verby en die eleksie was ophande: die eleksie het katastrofaal vir die Regering begin; in Pretoria-Wes is genl. Smuts deur G. Hay van die Arbeidersparty met 1,407 stemme teen 1,022 verslaan. (103) In Malmesbury het die Nasionale Partykandidaat, P.A. Bergh die Suid-Afrikaanse Partykandidaat in die persoon van min. F.S. Malan met 193 stemme verslaan, terwyl die Nasionale Party ook in Zoutpansberg oor die Suid-Afrikaanse Party geseëvier het toe hul kandidaat, O. Pirow, min. H. Mentz met 226 stemme ontsetel het. (104) Nog was dit nie die einde van die triomftog van die Pakt nie: in Ladysmith het J.J.M. van Zyl van die Nasionale Party min. H. Burton van die Suid-Afrikaanse Party met 113 stemme verslaan. (105) Die nederlaag van die Suid-Afrikaanse Party was verpletterend, soos duidelik blyk uit die stand van partye:

----------oOo----------

(100) The Star, 15/5/24. Sien verder hieroor, Walker & Weinbren, op.cit., p. 97.

(101) The Star, 17/5/24; Sien ook Walker & Weinbren, op.cit., p. 97.

(102) Toespraak van Hertzog in die Johannesburgse stadsaal soos berig in Die Burger, 5/6/24.

(103) Die Burger, 18/6/24.

(104) Die Burger, 19/6/24.

(105) Die Burger, 20/6/24.

145/ .....

	Voor die eleksie.		Na die eleksie.
N.P.	48	.....	63
A.P.	13	.....	18
S.A.P.	71	.....	53
Onafhanklik	2	.....	1 (106)

Die nuwe kabinet van die Paktregering is soos volg saamgestel:

J.B.M. Hertzog	Premier en Minister van Bantoesake.
T. Roos	Justisie.
Dr. D.F. Malan	Binnelandse sake, Gesondheid, Onderwys.
F.H.P. Creswell	Verdediging en Arbeid.
F.W. Beyers	Myne en Nywerhede.
C.W. Malan	Spoorwee en Hawens.
P.W.G. Grobler	Lande.
J.C.G. Kemp	Landbou.
T. Boydell	Pos- en Telegraafwese en Publieke Werke. (107)

En so was die gevolge van die 1922-staking van veel breër omvang as wat aanvanklik voorsien is deur die stakers en die bevolking. Na 'n aanvanklike nederlaag teen die Regering, het die staking tog uiteindelik gekulmineer in die omverwerping van die Regering, aangesien die samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty gedateer het uit die tyd van die staking. Nie alleen is daar van die Smuts-regering ontslae geraak nie, maar daar is ook twee van die leiers van die arbeiders, Creswell en Boydell, in die kabinet opgeneem, terwyl daar 'n nuwe portefeulje, naamlik Arbeid, geskep is. Of hierdie ongewone samewerking tussen Boer en Arbeider suksesvol sou wees, sou alleen die toekoms kon bewys. Nietemin was die Paktoorwinning 'n bewys daarvoor dat samewerking tussen die twee bevolkingsgroepe wél moontlik was, al het dit aanvanklik die voorkoms van 'n „ onheilige alliansie" gehad.

----------oOo----------

(106) Uiteensetting soos gepubliseer in Die Burger, 21/6/24.
(107) The Star, 30/6/24; Die Burger, 1/7/24.

146/ .....

HOOFSTUK 7.

SLOTBESKOUING.

Die ontdekking van goud in 1886 het die weg gebaan vir 'n groot sosiale en ekonomiese heraanpassing in Suid-Afrika. Geleidelik het daar 'n arbeidersmassa ontwikkel wat hoofsaaklik bestaan het uit vreemde avonturiers en wat later aangevul is deur verarmde en verstedelike Afrikaners. (1)

Geleidelik het 'n groepsgees hom van die arbeiders meester gemaak, hoofsaaklik vanweë die kompetisie met die nie-blankes op die halfgeskoolde en ongeskoolde arbeidsterreine. (2) Ten einde die saak van die arbeiders in hierdie kompetisie suksesvol die hoof te kon bied, het arbeidersorganisasies(3) ontstaan. Hierdie arbeidersorganisasies het gepoog om die belange van die arbeidermassas te bevorder en hul belangrikste wapen in die stryd om bevordering van hulle belange was om te staak. (4) Na 'n neerlaag in 1907 (5) het die arbeiders die Regering in 1913 op verkeerde voet gevang en suksesvol geëindig in die staking, (6) maar in 1914 was die Regering slaggereed en die voorgenome staking is in die kiem gesmoor. (7)

Ekonomiese omstandighede het die goudmynnywerheid na die Wêreldoorlog in 'n gevaarlike situasie laat beland (8) en 'n reorganisasieskema, waarby ingesluit was die herroeping van die status quo-ooreenkoms (9) was dringend noodsaaklik. Aangevuur deur die suk-

----------oOo----------

(1) Sien hoofstuk 1, pp. 1-6, hierbo.
(2) Vergelyk verder hieroor, hoofstuk 1, pp. 6-13, hierbo.
(3) Vergelyk hoofstuk 1, pp. 13-21, hierbo.
(4) Sien hoofstukke 2, 4 en 5, hierbo.
(5) Sien hoofstuk 2, pp. 22-24, hierbo.
(6) Sien hoofstuk 2, pp. 24-39, hierbo.
(7) Vergelyk hoofstuk 2, pp. 39-44, hierbo.
(8) Vergelyk hoofstuk 3, pp. 47-54, hierbo.
(9) Sien ook hoofstuk 1, p. 13, hierbo.

147/ .....

ses gedurende 1913 en die mislukking in 1914 (10), was die arbeiders beslis nie van plan om in 1922 die skraping van die status quo-ooreenkoms toe te laat nie. Die belangrikste rede vir hulle weerstand moet gesien word in die lig daarvan dat die betrokke ooreenkoms gesien is as die enigste doeltreffende buffer teen die nie-blanke kompetisie op die ongeskoolde en halfgeskoolde arbeidsterreine.

